

# HOOFSTUK 7 Deel 1



*Studentelewe op die PUK-kampus: die Studenteraad<sup>1</sup> en kultuurbedrywighede<sup>2</sup>*

### **Elize van Eeden**

Die studente wat oor dekades heen aan die PUK studeer het - alhoewel vir 'n kortstondige aantal jare - verteenwoordig 'n besondere en unieke groep mense wat as't ware hulle eie samelewing aan die PU vir CHO gevëstig het. Hierdie samelewing het soveel fasette dat aan meer as een persoon in die navorsingsprosesproses opgedra is om 'n studie te maak en aspekte van die studentelewe te bespreek. Hiervoor moes 'n basiese struktuur gevolg word. Om sinvol aan te sluit by die studentelewe vóór 1951 is vier sleutelfasette binne die eertydse studentesamestelling uitgelig, te wete die Studenteraad (en vir baie jare



Intervarsity (Bron: PUK-Argief)

die gesaghebbende en streng Calvinisties-georiënteerde Korps Veritas Vincet, oftewel KVV), die Afrikaanse Studenbond (ASB),<sup>3</sup> die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (ABKK) en die ontpinningslewe aan die PUK binne die strukture van die vroeëre Sentrale Sportbestuur (SSB).<sup>4</sup> Tesame met hierdie fasette word ook die volgende ingesluit: die koshuislewe en alles wat dit omsluit, soos die eerstejaarsoriëntering en Jool. Wat in Hoofstuk 7 Deel 1 dus ter sprake is, is in hoofsaak die strukturele ontwikkeling van die Studenteraad en die tersaaklike vermeldenswaardige momente binne die groter saamgegroepeerde dekades/termyne soos in subafdeling 7.3 bepaal.

Dié momente sluit onder andere die volgende in: die PUK-studentelewe en fasette van die rol van die SR binne die KVV sowel as die ASB. Daarna vervolg subafdeling 7.4 waarin die trotse skat van kultuurbedrywighede, waarvoor die PUK alombekend is, toegelig word (onder meer Alabama, die PU-koor en Thalia). Om 'n besondere lang hoofstuk te vermy, is besluit om vir Hoofstuk 7 'n deel 2 te skep waarin die laaste twee sleutelfasette bespreek kan word, naamlik sport en die koshuislewe op die PUK.

### **Voor 1951**

Die SR beklee 'n prominente plek in die geskiedenis van die Universiteit.<sup>5</sup> 'n Eerste werklik eksklusieve vertegenwoordigende liggaam vir die PUK-studente het eers teen ongeveer 1923 beslag gekry. Met 'n baie klein studentekorps was daar voor dié jaar aanvanklik nie sprake van



Studentebdrywighede

(Bron: Perspektief op die SR, 1996-1997, pp. 20-21; PUK-Argief, {Piet Fotokuns-versameling}; Maclez Studios)



verkiesings nie. 'n Segsman (praetor) onder die studente - en dikwels is dit aan die mees senior student opgedra - was verantwoordelik vir die byeenroep van studentevergaderings. Hiertydens is hoofsaaklik aktuele akademiese sake bespreek. Mettertyd is in dokumentasie na sulke vergaderings verwys as die Studente Algemene Vergadering (SAV). Take wat intussen bygekom het, was die stigting van 'n sportkomitee en sportklubs, die instandhouding van die eerste studentekoorant (*Het Studenten Blad*, 1889), die kleureriglyne, intreeredereëlings, verjaarsdagvierings en geskenke aan uittredende dosente.<sup>6</sup> Naas die SAV was studente ook betrokke by die Korpsraad of Korps (Korps Veritas Vincet) wat reeds in 1894 in Burghersdorp gestig is en as die oudste studentevereniging in Suid-Afrika beskou word.<sup>7</sup> Korps se doel was hoofsaaklik om gereformeerde beginsels op godsdienstige en staatkundige gebied onder lede en die breër studentekring te bevorder. 'n Bykomende vereniging vanaf 1915, die Gymnasium Korps, het 'n kort leeftyd gehad, gevvolg deur heelwat

onderstrominge oor die gesagsgelykheid van Korps Veritas Vincet en die Studente Verteenwoordigende Raad (SVR). Laasgenoemde het op 3 Augustus 1915 beslag gekry, maar kon weens omstandighede vir etlike jare nie behoorlik op dreef gekom nie. Uiteraard het dit die posisie van Korps versterk sodat dié vereniging tot 1923 as verteenwoordigende liggaam van die studentegemeenskap opgetree het. Die feit dat die Teologiese Skool in 1919 van die PUK geskei het, was hoofsaaklik die rede waarom die behoeftreer ontwikkel het om 'n studenteraad te vestig wat werklik verteenwoordigend was. Frikkie Robbertse was die eerste Voorsitter en die persoon wat in die SVR se formele stigtingsjaar die PUK op 'n interuniversitaire byeenkoms in Bloemfontein verteenwoordig het. Tydens hierdie geleentheid het die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) onstaan.<sup>8</sup> Die SVR is geleidelik voorsien van 'n konstitusie en 'n lys van ander verpligte binne die SVR-strukture. Die nuut verkose studenteraad van 1935 het vir 'n kortstondige



Studentebdrywighede voor en na 1951 (Bron: PUK-Argief)



Frikkie Robbertse, eerste Voorsitter van die Studente Verenigende Raad, 1923 (Bron: PUK-Argief)

opskudding gesorg toe bestaande konstitusies waarbinne studente bestuur is, "geweeg" en "te lig bevind" is. Dit was veral die herformulerings in die aanwys van die SR om "beginsel- en belangverteenvoordiging" te verseker wat studentegemoedere tot breekpunt gebring het, maar net so vinnig laat bedaar het. Behoorlike verklarings hiervoor ontbreek nog, maar aantygings soos die volgende is gemaak: dat kerkisme 'n rol speel en dat 'n bepaalde groepering binne die studentekorps die aard van die PUK beskou as "breed Christelik-nasionaal" eerder as streng Calvinisties. Hierdie persepsies het onder sommige studente die 1935-gegons veroorsaak. Die nuwe konstitusie is egter sonder slag of stoot aanvaar waarna die SR wat R




Die Studenteraad van 1950: voor, v.l.n.r.: J. Ligthelm, Magda Kok, W.J. de Klerk (Voorsitter), Rieta O' Grady, B. Spoelstra Agter: L.R. Botha, C.M.J. van Vuuren, A.P.S. van der Merwe, J.P.H. Viljoen, F.J.L. Steenekamp, R.G. Kriel (Bron: PUK-Argief)

## 7.1 Die PUK-studentekorps, 1951-2003: 'n statistiese ontleding

Kort voor selfstandigwording het die studentetal van die PUK 'n skrale 762 getel, vergeleke met die studentestatistiek van 2003 (kyk Fig. 7.1). Gedurende byvoorbeeld die periode 1951 tot 1994 is die hoogste styging in studentetal sedert die vyftigerjare aangeteken (ongeveer 120%) en sestigerjare (byna 140%). 'n Groei van net meer as 60% is in die sewentigerjare aangeteken, vergeleke met die skrale 30% van die tagtigerjare en meer as 70% in die negentigerjare:<sup>10</sup>



Registrasiegeleenthede van eerstejaarstudente van toeka (in die Totius-saal) tot 2004 (die gebounommer-era) (Bron: PUK-Argief, die versamelings van Piet Fotokuns en Wapad)



Figuur 7.1: Studentegetalle, 1951-2003

Teen 2000 was daar byna nege keer meer studente op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus vergeleke met die 1951-statistiek van die Potchefstroomkampus alleen, en byna 16 keer meer ingeskreve PUK-studente indien die afstandsonderrigstudente bygetel word. In 2003 het die getal geregistreerde studente aan die PUK byna 35 000 getel. Hierdie jarelange groei in studentegetalle, tesame met etlike gepaardgaande omstandigheidsfaktore het bepalend ingewerk op die wyse waarop die studentebestuur en studentelewe binne die gegeve dekades, soos geïdentifiseer, verloop het.

## 7.2 ‘n Gestruktureerde studentelewe gevestig

Sedert die wysiging van die SR-grondwet in 1935 het die organisasie van die studentelewe teen 1956 reeds veel anders daaruit gesien (Kyk Fig. 7.2)<sup>11</sup>:

Hierdie voorstelling van die organisatoriese status wat in 1935 bepaal is, het grotendeels nog teen 1955 bestaan, met die uitsondering van die toevoeging van die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur (ABKK - reeds in 1945), ‘n paar veranderinge in benamings (byvoorbeeld die Sport- en Administratiewe Bestuur of SAB wat na Sentrale Sportbestuur of SSB gewysig is) asook ‘n paar addisionele vereistes en reglemente aangaande verteenwoordiging binne bepaalde besture onder gesag van die SR.<sup>12</sup> So onder meer is binne die SSB vereis dat minstens een dame uit ‘n moonlike drie lede op die SR-bestuur aangewys moet word.

Vergeleke met 1935 se ses sportklubs was daar teen 1956 sowat 11 onder SR-bestuur (naamlik klubs vir


tennis, rugby, korfbal, atletiek, krieket, jukskei, mans- en dameshokkie, bofbal, swem en stoei).

Met die vestiging van die ABKK is heelwat take en verpligte uit die ou ANS of ASB onder ‘n nuwe “kultuurvlerk” geneem. Ses kultuurverenigings het in 1956 onder die ABKK.PUK geressorteer (naamlik die Thalia-toneelvereniging, die Musiekvereniging, die Alabama-studenteorkes, die Debatsvereniging, die Skaakklub en die Volkspelelaer - kyk ook later in die kultuurafdeling.

Etlike subkomitees van die SR was jaarliks verantwoordelik vir sleutelaktiwiteite waaronder dié van die Geselligheidskomitee, die Ontspanningskomitee, die Vreugdedagbestuur, die Argiefkomitee, Die Besembos, Die Wapad, Die Pukkie en die Konstitusiekomitee.<sup>13</sup> In 1956 skyn dit of daar nie meer sprake was van laasgenoemde nie, maar het ‘n nuwe komitee, genaamd die Magasynkomitee, die plek daarvan ingeneem.

Dan was daar ook komitees wat uit die verkose SR gevorm is, naamlik die Skakelkomitee, Kleurekomitee, Studentehandboekkomitee, Datumkomitee, Verkiesingskomitee, Totius-gedenksaalkomitee en die Kafeteria-komitee. Met al die verenigings, besture en komitees teen die middel van die vyftigerjare reeds gevestig, het die PUK-studenteraad algaande ‘n groter inspraak in organisatoriese en bestuursverantwoordelikhede verkry.<sup>14</sup>

Na 23 jaar van betreklike vrede oor die SR-konstitusie van 1935 en die wyse waarop SR-verkiesings plaasgevind het, sowel as hoeveel lede uit bestuursliggame en verenigings op die SR verkies kon word, was daar frustrasies in 1958 wat ‘n “gevaarlike hoogspanning” bereik het - al-



Figuur 7.2: Die organisasie van die studentelewe onder SR-bestuur sedert 1935 tot 1956



*Verteenwoordigers (bestuur en/of sprekers) van die ASB (1954) en die Debatsvereniging (1955)*

*ASB: voor v.l.n.r. Bet Botha, W.F. Steenkamp, J. Visser (voorsitter), W.I. Duvenhage, A. Kruger Agter: E.J. Smit, D.F. Erasmus, P.B. de Klerk, L.S. van der Vyver, Ph.C. Snyman Debatsvereniging: voor v.l.n.r. M. du Plessis, E. Smit, E. Kruger, G. van den Berg, B. Snyman agter: A.P. Brink, J. van der Vyver, P. du Bruin, T. van der Walt (afwesig: J. Schutte*

*(Bron: PUK-Argief {Beyers Claassen-fotograwe, Potchefstroom}*

dus Die Wapad.<sup>15</sup> In die binnekringe het onvergenoegde stemme opgeklink en was daar 'n klaarblyklike "onvrede" met die neiging dat die SR-voorsitter jaarliks vanuit die geledere van die teologiese studente gekom het (en heelwaarskynlik dan ook uit die KVV-verkose lede). Dié klakte was alles behalwe nuut. In 1952 is hierdie "onregverdigheid" in 'n verslag uitgewys.<sup>16</sup> Hoe ook al, die moontlikheid dat daar onreëlmatigehede met die verkiesing van die voorsitter was, het opnuut in 1958 hierdie "hoogspanning" geskep wat die Tjaart van der Walt<sup>17</sup>-kommissie bevestig het toe die SR-verkiesing as ongeldig verklaar is. Na 'n nuwe SR in Oktober 1958 verkies is, is die konstitusie deur 'n SR-komitee hersien.<sup>18</sup> Gedurende die sestigerjare is van tyd tot tyd nog geringe aanpassings in die SR-konstitusie gemaak om verdere behoeftes te akkommodeer. Die pos van "administratiewe beampete" in diens van die SR het in 1966 verander na "Sekretaresse Studenteraad" om daarmee 'n pos - wat etlike jare lank deur 'n man gevul is - hoofsaaklik vir 'n dame aan te bied.<sup>19</sup> 'n Voltydse organiserer was ook benoem<sup>20</sup> wat betrokke moes wees by die organisasie van die Uniefees op 20 Mei 1961.<sup>21</sup> 'n Klaarblyklike dienstigheid aan teologiese leiers soos wat in die vyftigerjare beweer is, het steeds van tyd tot tyd gemoedere laat opvlam en het sommige mense selfs na die pen laat gryp. Die volgende opmerkings is in 1966 in *Die Wapad* gemaak:

"So verteenwoordig die Studenteraad numeries weinig studente en in denke selfs nog minder. Die eksklusieve karakter van die Studenteraad (sterk gestimuleer deur die bykans arbitrière stelsel van eliminasie) sluit die deure vir baie van die werklike dinamiese leiers. Dit is bv. moeilik om te sien dat die teologiese studente en bloc [sic] oor so 'n leierskapasiteit beskik dat hulle selfs meer as die helfte van die studenteraadslede kan voorsien ..."<sup>22</sup>

Aan gemelde frustrasies is wel mettertyd behoorlik aandag gegee. In 1967 is besluit dat die voorsitter deur die massa gekies sal word, die penningmeester deur die koukus van die verskillende hoofbesture en drie verteenwoordigers van elk (in die volgende dekade was dit net twee) van die vyf hoofbesture, terwyl die SR uit eie geledere 'n ondervoorsitter en sekretaris sou aanwys wat saam met die voorsitter en penningmeester en nog 'n lid die Dagbestuur van die SR sou vorm.<sup>23</sup> Die organisasie van die kern van die SR-struktuur het teen 1970 só daar uitgesien (kyk Fig. 7.3):<sup>24</sup>

Minder as 'n dekade later is andermaal 'n gewysigde konstitusie aan die studentemassa voorgelê wat aan die behoeftes van die tyd moes voldoen. 'n Sentraal Akademiese Bestuur (SAB) is ook ondertussen gevestig om studentebelange te bevorder.<sup>25</sup> In 1974 is 'n nuwe hoofliggaam, die Algemene Diensbestuur (ADB), in die lewe geroep terwyl die Dagbestuur ontkoppel is van die hoofliggame. Om die ADB te akkommodeer en die lomp SR-struktuur te vermy, is alle verteenwoordigers per hoofliggaam<sup>26</sup> onder patronaatskap van die SR ingeskakel as deel van die ADB. Hieronder tel Prompu wat ook in die lewe geroep is om diens in die Potchefstroomse kleurlingwoonbuurt, Promosa, te lewer.<sup>27</sup>


'n Prominente koersaanpassing het in 1975 gekom toe die SR-rade as 't ware van die SR ontkoppel is en verander is in substudenterade as "kiesafdelings" van die SR. Gevolgtlik is meer outonomiteit verkry om die SR in 'n groter mate die geleentheid te bied om aandag aan onder meer beleid- en prinsipiële sake te gee. Die Koshuisraad is as nuwe Raad bygevoeg om daarmee te voorsien in 'n jarelange behoeftte.<sup>28</sup> 'n Ander positiewe verwikkeling teen 1977 was die werkverspreiding deur middel van portefeuilles en die stigting van 'n portefeulekomitee. Die onderskeie portefeuilles het die groot werksverpligting van die SR verder verlig.<sup>29</sup>

## LAASTE MASSAVERGADERING ONDER OU BESTUUR

### GEVAARLIKE HOOGSPANNING

'N STAMPVOL STUDENTESAAL DONDERDAGAAND WAS DIE KROON OP DRIE VOORAFGAANDE DAE SE VERKIESINGS. SOOS ALTYD, WAS OOK VANJAAR VERRASSINGS VOLOP, VERASSINGS WAT SOOS GEWOONLIK ONVERMYDELIK DIE OORSAAK WAS TOT GROOT VREUGDE EN TELEURSTELLING.

Die atmosfeer was merkbaar gespanne toe mn. Dirk Postma, die afgetrede S.R.-voorsitter, die jaarverslag gelewer het met mn. F. W. de Klerk in die voorsitterstoel. Uit die verslag het dit duidelik gevlyk dat die Studenteraad van 1958 stewig voortgebou het op die



HENRIE VAN DER WALT

fondamente wat daar gelê is. Vir al die getroue en ywerige diens aan die studentegemeenskap wil ons mn. Dirk Postma, as voorstitter in besonder, saam met sy „span“ ook langs hierdie weg baie hartlik bedank.

Mej. Bennie Kruger, afgetrede hoofdame, het na verneem word, ernstig beswaar aangegetekן teen die „vry“-postige

houding wat die bekerwenners onder die mansgeledere ingeneem het. Maar sy het geglim-

lag toe sy beswaar gemaak het — want sy weet haar beurt is verby!

### Donderdagaand in Oënskou.

DAT DAAR VERBASING OP BAIE GESIGTE IN DIE SAAL TE LESE WAS TOE DIE TWEETAL VIR DIE VERKIESING VAN 'N STUDENTERAADSVOORSITTER DONDERDAGAAND AANGEKONDIG IS, IS 'N FEIT, MAAR DAT DAAR MET DIE VERKIESING GESKIEDENIS GEMAAK IS, IS 'N NOG MEER VOLDONGE FEIT.

Nog voordat die voorstitter die tweetal kon bekend maak, het dit reeds soos 'n veldbrand deur die saal versprei en op baie gesigte was daar verbasing te lees en op sommige ontstelen. Daar was seker baie jare gelede soveel onsekerheid oor wie die paal sal haal as wat daar vanjaar was, en tog het elkeen vir homself die tweetal gestel en sy man daaruit gekies — en by die meerderheid was daar eenstemmigheid oor hierdie tweetal. Toch was dit nie die tweetal wat deur die S.R.-kieskollege aan die massa voorgelê is nie. Waar het die fout dan ingesluip, of het die massa hulle vergis?

Maar ook die samestelling van die studenteraad het verrassings opgelewer. Ons dink maar net aan die A.S.B. Tog het die nuwe S.R. in die laat ure van die nag in sitting gekom en baie studente het met 'n vraagteken helder in die gees gaan slaap.

Aan elke lid van die nuwe Studenteraad bied ons ons hartlikste gelukwense met die besondere prestasie. Julle het ver op die leer gevorder.

Aan Hennie wil ons net sê: Jy het die leisels in die hande, hou hulle stewig vas. En aan Abie is ons boodskap: Daar rus 'n swaar taak op jou skouers.

Voorsitter		Hennie van der Walt
Ondervorsitter		A. N. Helberg
Sekretaris		Gert Hattingh
Onder-Sekretaris		Albert Viljoen
Penningmeester		Amie Venter
Afgev. A.B.K.K.		Maartin van der Walt
		Dries Yssel
" S.S.B.		Det Wet Kruger
		Ansa Bingle
" A.S.B.		Lucia Raubenheimer
		Louw van Wyk
" K.V.V.		Amie van Wyk
Hoofdame		Jan van der Schyff
		Hermina v. d. Dussen

Die Wapad-berig oor die "hoogspanning" (Bron: Die Wapad, 17 Sept. 1958-berig)

		SR-voorsitter		
		Dagbestuur		
		Penningmeester		
		Sekretaris		
		Addisionele Lid		
		Patronaat		
		(drie lede elk op SR)		
Gereformeerde KVV	ABKK	SSB	Polities- Nasionale Bestuur	Alg. Ontspannings- bestuur

Figuur 7.3: Die organisasie van die SR-bestuur, 1970



Die SR-dagbestuur, 1973 v.l.n.r. Kobus du Plessis, Tom Larey, Johan Kruger, Fanie Coetzee, Kobie Botha  
(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

Met meer studente, 'n uitgebreide SR-portefeuilje, meer belangkringe, komitees onder patronaatskap van die SR en die interne komitees wat oor die jare heen gevëstig is, was dit van belang dat wysigings en konsolidasie konstitusioneel bekragtig moes word. Onder meer is 'n nuwe portefeuilje, naamlik Studentediens, in hierdie dekade by die bestaande SR-rade gevoeg. Gemeenskapsdiens was 'n afsonderlike portefeuilje; so ook Opleiding en selfs Openbare Betrekkinge.<sup>30</sup> In 1978 is 'n addisionele ondervoorsitterspos geskep, naamlik dié van visevoorsitter. Die visevoorsitter sou as oorhoofse voorsitter van die Sentrale Koördineringskomitee funksioneer en spe-



Die Polities-Nasionale Bestuur (PNB), 1973: voor, v.l.n.r. Q. Pelser, T. Roestorf, M. Lee, C. Bingle, E. Stoop, F. Ackerman Agter: T. Stoltz, L. Pienaar, F. van Wyk, G. Lotter, D. Coetzee, E. Rumpff, I. Pieterse, P. Mulder  
(Bron: (PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

sifiek fokus op die kontrole van die rade. Anders as in die geval van die SR-voorsitter en adjunkvoorsitter van die SR was die visevoorsitter deur die SR aangewys.<sup>31</sup>

Die groter, en aansienlik meer georganiseerde SR-struktuur het teen 1979 anders uitgesien (Kyk Fig. 7.4).<sup>32</sup>

Geringe konstitusionele wysigings is gedurende die periode 1981 tot 1987 gemaak. Verdere baanbrekerswerk ten opsigte van die samestelling en struktuur van die SR het



Die nuwe Studentraad van 1973-1974, wat heelwat konstitusionele wysigings geïmplementeer het, hier in 'n besonder seldsame aksiefoto: voor (lêende) Louis Pienaar

Voor, v.l.n.r. Pieter Mulder (Voorsitter), Neels van Niekerk, Koof Cloete, Marius Schalekamp, Eric van der Walt, George Lotter, Japie Robbertse Agter: Quintus Pelser, Chris Hattingh, Paul Kruger, Dawid Weyers, Carl van Heerden, Charl Cilliers, Charl van der Merwe, Thys Labuschagne (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})




Die Studenteraad, 1979: voor v.l.n.r. J.A. van der Walt (Addisionele lid), D.J. de Kock (Sekretaris), J.L. du Plooy (Adjunk voorsitter), T. Eloff (Voorsitter), J.D.S. de Bruin (Vise voorsitter), T.C. Schwellnus (Penningmeester) Middel v.l.n.r. P.J. Joubert, F.C. Eloff, mee L. Pasch, A. Jacobs, G.M. van der Walt, J. Botha agter v.l.n.r. G.T.S. Eiselen, M.B. Pretorius, B.D. Hattingh, A.J. van der Walt, G. Breed, P. de Kock (Bron: PUK Argief)

gevolg. Hierdie verwikkelinge het aanleiding gegee tot 'n lywige verslag en die uiteindelike aanvaarding van 'n nuwe struktuur en samestelling wat in Augustus 1988 in werking getree het. Sedertdien is geskaaf aan hierdie struktuur- en samestellingspatroon.<sup>33</sup> Onder meer het die nuut ontwerpde verkiesingstelsel meer ruimte gebied sodat die keuses van studente meer tot hulle reg kon kom.<sup>34</sup>

Teen 1985 was die tydelike patronaatskap van die Vaalrivierse Tak (toe reeds as Vaaldriehoekkampus bekend) opgehef, omdat die studentelewe aan die Vaalrivierkampus 'n eie studenteraadsbestuur gevestig het.<sup>35</sup> Die SR-portefeuilles het in 1987 van 18 na 23 uitgebrei om verdere effektiwiteit binne die SR-bestuurstruktuur en ten opsigte van die breër skakeling met die res van die PUK te verseker. Die vyf portefeuilles wat bygekom het, is Interne Kommissies, Inter-Universitêr, Tugsake, Koshuissake en Datums.<sup>36</sup> Dit blyk ook dat die pos van SR-visevoorsitter weggeval het. In 1991 is twee nuwe SR-portefeuilles geskep: vir Studentegemeenskapsdiens (SGD) en vir die direkteur van Radio PUK.<sup>37</sup> Vanaf 1995 is 'n gedeelte van die SR-verkiesing gedurende Meimaand gehou om die kandidate vir die SR-portefeuilles Penningmeester, Jool en Openbare Betrekkinge te bepaal.<sup>38</sup>

Hierdie wysiging is waarskynlik om strategiese en administratiewe redes op hierdie wyse geïmplementeer. Verder het die aantal SR-lede teen 1996 van 18 na 16 verminder.<sup>39</sup> Die Politieke Raad is ondertussen vervang deur die Aktuele Raad en laasgenoemde het weer saamgesmelt met Korpssraad omdat hulle dieselfde funksie op die kampus verrig het. In 1997 is 'n nuwe portefeuilje, genaamd Studenteontwikkeling en Publikasies geskep (wat nie Wapad ingesluit het nie), terwyl die res van die SR-rade en -komitees dieselfde gebly het.<sup>40</sup> 'n Algehele hersiening van die SR-grondwet en struktuur het vanaf 1994 plaasgevind en in 1998 tot die goedkeuring van 'n nuwe gelei. Teen 2004 het die SR-struktuur vernuwend uitgesien (kyk Fig. 7.5).

Opvallende veranderinge en toevoegings tot die grondwet van die 2004-SR is die posbenamings en die groter konsolidasie van aktiwiteite onder een voorsitterskap. 'n Verstandige reëling wat by die verkiesing van die uitvoerende direkteur van Radio PUK en die hoofredakteur van die Wapad gegeld het, is dat sowel die uitvoerende direkteur as die hoofdirekteur verkies is volgens die gewig van die persentasie stemme wat deur die SR (30%), die breë studentemassa (30%) en die kernredaksie (40%) van die Potchefstroomkampus uitgeoefen is.<sup>41</sup>



Figuur 7.4: Die uitgebreide organisasiestruktuur van die SR, 1979



Van die embleme van die Studenteraad soos teen die negentigerjare (Bron: PUK-Archief - elektronies)



Die SR van die PUK en die nuutverkose Studenteraad van die Vaaldrift Hoekkampus gedurende die middel-tigtigerjare  
(Bron: Vaaldrift Hoekkampus fotoversameling)

**SR - Puk-kampus (16lede)**

**Studentraadsvoorsitter (ook Dagbestuurslid)**

**Adjunkstudentraadsvoorsitter (ook Dagbestuurslid)**

**Studenteraadslid vir Skakeling (ook Dagbestuurslid)**

**Studenteraadslid vir Prinsipiële Leiding (ook Dagbestuurslid)**

**Voorsitter van die Akademiese Raad**

**Voorsitter van die Kos huisraad**

**Voorsitter van die Raad vir Sport en Rekreasie**

**Voorsitter van die Verenigingsraad**

**Voorsitter van die Raad vir Belange en Ontwikkeling vir Studente**

**Voorsitter van die Komitee: Aktuele Sake**

**Voorsitter van die Komitee: Bemarking en Openbare Betrekkinge**

**Voorsitter van die Joolkomitee**

**Voorsitter van die Komitee Studente - Joolgemeenskapsdiens**

**Komitees van die SR**

**O&B-komitee**

*-Studentemenseregtekommissie*

**Bemarking en Openbare Betrekkinge**

*-Skole-skakelingskomitee*

**Besembos-redaksie**

**Sport en Rekreasie**

*-Sport- en Rekreasiekomitee*

**Prinsipiële Leiding**

*-PL-komitee*

**Wapad**

*-Algehele Redaksie*

**Kultuurraad**

*-Kultuurkomitee*

**Belange en Ontwikkeling vir Studente**

*-BOS-komitee*

**Jool**

*-Joolkomitee*

**SJGD**

*-SJGD-komitee*

**Radio PUK**

Figuur 7.5: Die uitgebreide organisasiestruktuur van die SR, 2004

Sedert die sestigerjare is 'n aantal verenigings ook by die reeds vroeër vermelde ses kultuurverenigings gevoeg wat in die vyftigerjare onder beskerming van die ABKK (later Kultuurraad) gestaan het. Met verloop van jare het hierdie

verenigings onder toesig van een van die ses SR-rade gefunksioneer (op volledigheid word nie aanspraak gemaak nie en almal het nie noodwendig teen 2004 nog bestaan nie):

<p>Tomstraat 56, Potchefstroom. 8.3.55.</p> <p><u>Die S.R.-voorsitter, P.U. vir C.H.O., POTCHEFSTROOM.</u></p> <p>Waarde heer,</p> <p>Ek wil hiermee langs offisiële weg onder die aandag van u raad bring dat daar teen die einde van verlede jaar 'n Letterkundige Vereniging onder die naam ESTRARTE aangesigt is deur 'n groep studente wat gevoel het dat aspek van die plaaslike kulturele lewe nog afgeskeen was. Die oomblik is onderhandelings aan die gang om C.M. Heever of 'n plaasvervanger as spreker hier te kry maar een van die groot planne van die vereniging. Trou dat die feit dat u nou ook kennis dra van die vereniging, u Raad simpatiek sal stem wanneer dit nodig mag wees om bv. gebruik van die Studentesaal vir 'n geleentheid soos hierbo genoem.</p> <p>Met agting,</p> <p>Die uwe, <i>AP Brink</i>. A.P. BRINK: VOORSITTER.</p>	
--	--

'n Geskrewe dokument waarin André P. Brink die SR-voorsitter oor die nuut gestigte Estrarte-vereniging inlig in las André P. Brink as student soos in Die Wapad, 29 Sept 1959, p. 3  
(Bron: PUK-Argief, SR (A1), Korrespondensie, 1954-1955, brief, 8 Mrt. 1955)

PUK-studenteverenigings soos in die vyftiger en sestiger jare	PUK-studenteverenigings soos in die sewentigerjare	PUK-studenteverenigings soos in die tagtigerjare	PUK-studenteverenigings soos in die negentigerjare
Aisec (Ekonomiese Vereniging)	Admissiebondbestuur	Afrikaanse Studentvereniging	Eko-Pukke
Beplanningstudentevereniging	Biologiese Studentevereniging	Bodemkunde	PUK-Info (Rekenaarwetenskap)
Colombusbestuur	Cantus-gilde	Compubestuur	Rendesvouz
Diskotekkomitee	Geologievereniging	Dierkundevereniging	Springboekstudente akopies
Estrarte (Letterkundige Vereniging)	Engelse Studentevereniging	Fysiese vereniging	SAFUS (Ingenieurs)
Wysgerige vereniging (later Filosofievereniging)	Hervormde Studentevereniging	Cine-PUK (vanaf die middel van die sewentigerjare - vestig die eerste kampusfleks in die land)	Voeding en Gesinsekologie
Geskiedenisvereniging	Huishoudkundevereniging	Colamus (vanuit die Departement Kultuurkunde)	Kamertoneel
Hervormde Studentevereniging	Industriële Chemievereniging	Commerce	Kommersiële Bondbestuur
Huishoudkundevereniging	Jeugvereniging Salem	Dramavereniging	Kriminologie
Industriële Chemievereniging	Jukskei Staatmakerskommando	Duits-Afrikaanse Bond	Menslike Bewegingskundebestuur
Jeugvereniging Salem	Kultuurkundevereniging	Esperanto-vereniging (internationale lulpataal)	Naturlewewebbestuur
Jukskei Staatmakerskommando	Letterkundige Vereniging (kyk Estrarte)	Filatevereniging	PUTA (Teatervereniging)
Kultuurkundevereniging	LSD	Geografevereniging	RSV (Rekenigkunde Studentevereniging)
Letterkundige Vereniging (kyk Estrarte)	MSSC-bestuur	Ginnastiekvereniging	Tswanavereniging
LSD	Musiekverenigingbestuur	Ingenieurstudentevereniging	Jong Dames Dinamiek
Musiekverenigingbestuur	PASV (Aptekersvereniging)	ISVP-bestuur	Jonior Rapportryers
PASV (Aptekersvereniging)	Persverenigingbestuur	Kommunikasievereniging (waarskynlik voorheen die Kommunikasiebond)	Kommunikasievereniging (waarskynlik voorheen die Kommunikasiebond)
Persverenigingbestuur	Psigologievereniging	Kunsvereniging	L.O. - vereniging
Psigologievereniging	PRDV (Debatsvereniging - ook genoem retoriiese vereniging)	Montium	Montium
PRDV (Debatsvereniging - ook genoem retoriiese vereniging)	Regsvereniging	Prompu	Prompu
Regsvereniging	Sosiologievereniging	Propedeutiese vereniging	Propedeutiese vereniging
Sosiologievereniging	TSV (Teologiese Studentevereniging)	Restorasie (klub wat oudhede restoureer)	Restorasie (klub wat oudhede restoureer)
TSV (Teologiese Studentevereniging)	Florna	Sérkompetisies	Sérkompetisies
Florna	Fotiek (Waarskynlik Fotografiese Vereniging)	SRP	SRP
Fotiek (Waarskynlik Fotografiese Vereniging)	Skywerskring	SBV	SBV
Skywerskring	Suidwesvereniging	Trompoppies	Trompoppies
Suidwesvereniging	Suidwesvereniging (later Nomib Pukke)	Liber Factus	Liber Factus
Suidwesvereniging (later Nomib Pukke)	Universiteitskoor	Wyngilde	Wyngilde
Universiteitskoor	Voortrekkers		
Voortrekkers			

Die vestigingsdekade van verenigings as onderliggame van die SR (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

## 7.3 Studenterade

### 7.3.1 Die PUK-studenteraad in 'n groeifase, 1951-1959

- SR-voorsitters van die vyftigerjare is deur Van der Walts domineer


#### *Studenteraadsvoorsitters, 1950-1959*


1950-1951	B. Spoelstra
1951-1952	J. Lighthelm
1952-1953	V.E. d'Assonville
1953-1954	J. Visser
1954-1955	Ph. C. Snyman
1955-1956	T. van der Walt
1956-1957	T. van der Walt
1957-1958	D. Postma
1958-1959	H.J.D. van der Walt
1959-1960	H.J.D. van der Walt

Die Studenterade van die vyftigerjare het 'n dekade van baie eerstes op die PUK beleef. Benewens die eerste gradedag op 19 April 1952<sup>42</sup> was daar die toekenning van die heel eerste eredoktorsgraad aan die Kanselier, J.D. du Toit (Totius),<sup>43</sup> die jong ASB<sup>44</sup> se werksaamhede, die stigting van die Suid-Afrikaanse Federasie van Studente-Unies (SAFSU) in 1954 waarby die PUK ingeskakel het<sup>45</sup> en die vooruitsigte van 'n "studentekafee".<sup>46</sup>

Bo en behalwe die vestiging en uitbouing van die SR-bestuurstruktur van hierdie dekade soos in Afdeling 7.2 uitgewys is, het die rol en benutting van dames in bestuursposisies terselfdertyd so terloops aandag geïniet. In byvoorbeeld die loop van 1952 het die dames van die PUK met 'n versoek na die SR gekom om 'n dame sitting op die SR te gee. Die bevinding is gemaak dat dit nie moontlik was nie omdat dit 'n onkonstitusionele situasie sou veroorsaak.<sup>47</sup> 'n Damesverteenvoerdiger is wel benoem wat jaarliks verslag aan die SR moes doen - 'n verslag wat bloot gehandel het oor die stand van die noodhulpklasse en die jaarlikse inlywing binne dameskoshuise as enigste werklike bydrae waarop damesverteenvoerdigers hulle kon beroep. Hierdie taak was eers dié van B. Geertsema, waarna S.J.E.M. van Schouwenburg dié funksie oorgeneem het.<sup>48</sup> Later het Cecile Smit<sup>49</sup> en Bennie Kruger in hierdie hoedanigheid op die SR gedien.<sup>50</sup> Belangrike konstitusionele veranderinge is weldra goedgekeur waarin die belang van damestudente aan die begin van die sestigerjare toenemend beklemtoon is.<sup>51</sup>

Sommige van die werksaamhede waarmee die SR hulle veral in die voorsitterstermy van Victor d'Assonville bemoei het, was onder andere 'n grondige studie van die nuwe grondwet van die Universiteit asook die konstitusionele samestelling van die studentelewe op die PUK.<sup>52</sup> Die alombekende Jan Visser (oftewel dirigent "Long John Visser"<sup>53</sup>, die Ondervoorsitter van die ASB asook 'n aktiewe lid van Korps) het Victor d'Assonville as Voorsitter opgevolg om darem so bietjie meer ervaring in die redelike groen SR van sy termyn te verseker.<sup>54</sup>





Die toekenning van die Ere doktorsgraad van Totius, Maart 1953 (Bron: PUK-Argief)



Die eerste gradedag, 19 April 1952 en die toekenning van die heel eerste eredoktorsgraad aan die Kanselier, J.D. du Toit (Totius) (Bron: PUK-Argief)



*Die damestudente se Huiskomitee, 1951: voor, v.l.n.r. L. van Rooy (Hoofdame), mev. A. de Klerk (Huismoeder), T. Bowdry  
agter: L. Heese, A. Pretorius, S. Bowdry, T. Struwig, R. Loedorff, M. Venter, C. du Preez*




*Die damestudente se Huiskomitee, 1957: voor sittende, v.l.n.r. Hermina van der Dussen, Susan Yssel Voor: Cecile Smit (Hoofdame),  
Mev. M. van der Merwe (Huismoeder), Magrita Stoker Middel: Leoni Heslinga, Lucia Toxopeus, Rina de Beer, Bernice Smit, Corrie  
Hoogenboezem agter: Retha Oosthuizen, Monica van der Merwe, Ester Buitendag, Biebie Chapman Bron: PUK-Argief*

In die SR-voorsitterstermy van die woordkunstenaar Phlippie Snyman<sup>55</sup> het voldoende SR-ervaring weer eens ontbreek.<sup>56</sup> Sy opvolger in 1955, die kultuurman en Voorsitter van die ASB, Tjaart van der Walt, het glo 'n nog stiller verkiesing, maar een van die "aangenaamstes nog", beleef.<sup>57</sup> Dit was ook gedurende sy twee agtereenvolgende termyne<sup>58</sup> dat die SR hulle "gelyfde sinkgeboukantoorjie", as synde die skakel tussen die verlede en die hede, verruil het vir nuwe kantore in die eertydse Kafeteria-gebou.<sup>59</sup> Die opening van die "welbedroomde" kafeteria wat op 4 Augustus 1956 "sy eerste koeldrank oor die toonbank geskuif het",<sup>60</sup> en op 25 Augustus deur die Eerste Minister, advokaat J.G. Strijdom geopen is,<sup>61</sup> is ook beleef. Daarmee is 'n era ingelui van 'n koeponstelsel wat in die kafeteria gebruik is.<sup>62</sup> Ander noodsaklike maar prominente onbenullighede

wat jaarliks heelwat tyd van die SR opgeëis het, was die verhuring van die Totius-saal wat onder hulle toesig gestaan het en die uitstuur van bedankings aan buitepersone wat studentebelange voortdurend bevorder het.


As bewakers van aanvaarbare norme en sedes (soos kleredrag) en ander reëls (soos geen studentemotorkar op die kampus - 'n PUK-Raadsbesluit)<sup>63</sup> het die SR by tye redelik stampe en stote van die groter groep studente moes verduur (kyk ook in verdere subafdelings onder "Ander sake"). Fondsinsamelingsprojekte deur studente om bydraes te maak vir die financiering van nuwe geboue op die PUK was voortdurend aan die gang. Wat die PUK-sakboekie betref, is jaarliks moeite van SR-kant gedoen om die samestelling en druk daarvan moontlik te maak.<sup>64</sup>



Die SR bedank "oom en tannie Pan" (eienaars van die bekende Pan Coetzee-sportwinkel in Potchefstroom) vir hulle bydrae tot 'n "onvergeetlike" partytjie. Die Pan Coetzee-sportwinkel was vir etlike jare met die verkoop van PUK-klere gemoeid. Hiermee word die "onthoubelofte" van die SR-ondersekretaris soos in die korrespondensie uitgewys is, deur die skrywers van die PUK-geskiedenis erken - Red. (Bron: PUK-Argief, SR (A1), Korrespondensie Intern, 1958-1959, brief, 16 Apr. 1959)

Op 17 Augustus 1956 het die SR<sup>65</sup> vir die eerste keer 'n behoorlike Studentehandboek gepubliseer wat die breë spektrum van die studentelewe gedek het. Hierin is onder meer vervat die geskiedenis en karakter van die Universiteit, aspekte van die studentelewe, die samestelling en pligte van die SR, die werkzaamhede van die Gereformeerde Studentekorps Veritas Vincet en die rol en funksie van die Sentrale Sportbestuur.<sup>66</sup>

Waarskynlik een van die aangenaamste take van die SR was die inlywing van die eerstejaarstudente<sup>67</sup> om dié nuwelinge "op hoogte" te bring "met die beginsels van die Universiteit" en om 'n volwaardige PU-Kaner te wees. Nuwelinge is ook vertroud gemaak met die implikasies en betekenis van 'n "Christelik-nasionale" student te wees.<sup>68</sup> Vanaf 1955 is die fokus van inlywing geleidelik verskuif na 'n benadering van inherente oorreding in plaas van 'n magsvertoon deur senior studente.<sup>69</sup> 'n Gereelde hersiening van die aard van die inlywingsbedrywighede was egter nogtans nodig om die inlywingsfrustrasies, wat jaarliks opgeduik het, te hanteer.<sup>70</sup> Die wyse waarop die studentelewe georganiseer moes word, is ook jaar na jaar hersien.<sup>71</sup> So het die SR van 1956 en 1957 suksesvolle bestuurstermyne beleef onder leiding van Tjaart van der Walt.<sup>72</sup> Vanaf 1977 was Tjaart van der Walt die Rektor van die PUK en gedurende sy rektorstermyn is baie aandag geskenk aan die verhouding tussen die bestuursowerheid van die Universiteit en die SSR.<sup>73</sup> As Studenteraadslid was die latere staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, net so betrokke by die ondersoek aangaande die onderskeid tussen beleids-



Die eerste "behoorlike" studentehandboek, 17 Aug. 1956  
(Bron: PUK-Argief)

bepaling en beleidsverklaring binne die SR-gesagstruktuur. Aan die behoefte om bestuursmagte te desentraliseer is sedertdien besondere uitvoering gegee.<sup>74</sup>

Besluitneming aangaande die dra van kleurbaadjies en ere-toekennings was deurgaans op die SR-<sup>75</sup>agenda. Selfs die wyse en geleentheid waarop die baadjie gedra kon word, is deur die SR met erns benader. Onder meer was dit aanvanklik taboe om op 'n Sondag die kleurbaadjie te dra.<sup>76</sup>

Dirk Postma, wie se oorgrootvader, ds. Dirk Postma die stigter van die Gereformeerde Kerk in 1859 was, het Tjaart van der Walt as studenteraadvoorsitter opgevolg.<sup>77</sup> Sy benadering dat die Puk-studente hul Universiteit as "wonderdaad", en derhalwe 'n onmiskenbare "daad van God", werklik moes waarder,<sup>78</sup> het onwillekeurig die stem en jarelange versoek van prof. Ferdinand Postma in herinnering geroep.<sup>79</sup>

**Die Sekretaris,  
Studenteraad,  
P.U. vir C.H.O.**  
**9 Mei 1955.**

**Mej. B. Badenhorst,  
De Klerk-Huis,  
P.U. vir C.H.O.  
POTCHEFSTROOM.**

**Geagte Juffrou,**

Dit het die Studenteraad ter ore gekom dat u op 'n Sondag vanaf Johannesburg na Potchefstroom per bus gereis het, en dat u by dié geleentheid u kleurbaadjie gedra het. Die dra van P.U.-kleure op Sondae is egter verbode en op die jongste vergadering van die Raad is besluit dat kleurregte vir 3 maande (die tydperk het op 3 Mei inwerking getree) ontsê sal word. Die verstandhouding is dat u kleure vir die genoemde termyn in die S.R.-kanteer in bewaring geneem sal word.

**Dienswillig die uwe,**

**SEKR. S/R.**

Korrespondensie tussen die SR en studente wat die kode oor die dra van die PUK-kleurbaadjie in 1955 oortree het of andersins nie aan die vereistes voldoen het nie  
(Bron: PUK-Argief, SR (A1), Korrespondensie, 1954-1955, brief Sekretaris SR/B. Badenhorst, 9 Mei 1955; 12 Mei 1955)

STUDENTERAAD,  
P.U. vir C.H.O.  
12 Mei 1955.

Waarde juffreu,

Dit het onder die aandag van die Studenteraad gekom dat u per Studenteraadstrekie in besit gekom het van 'n P.U.-kleurbaadjie. Soos u weet is dit onder andere in die kleure-reëls van die Studenteraad opgeneem dat 'n student wat 'n kleurbaadjie aanvra in besit moet wees van 'n matrikulasie- of gelykstaande sertifikaat. Verder moet so 'n persoon eek ingeskryf wees aan die universiteit met die oog op sy of haar tweede jaar.

Op sy jongste vergadering het die Studenteraad dan volmondig erken dat die kleurbaadjie-toekenning aan u 'n engelukkige feut was, sowel van die Studenteraad as van u, gesien in die lig van begenoemde kwalifikasies. Omdat die Studenteraad graag die feut herstel wil sien is daar besluit om u te verseek in die terugkeep van u kleurbaadjie saam te werk. Die S.R. is bereid om u die velle keepprys van u baadjie aan te bied.

Verder het die S.R. besluit dat u weer in besit mag kom van 'n kleurbaadjie op die tyd wanneer u normaalweg kroonlegies aan die Universiteit ingeskryf sou gewees het, m.a.w. aan die begin van u vierde akademiese jaar alhier, 1957.

Die raad wil hiermee sy verskening aanbied vir die feut wat begaan is en die ongerief wat u met hierdie saak aagedoen word. Terwille van die teekoms wanneer geen student wat nie volgens universitaire vereistes voldeem aan die kwalifikasies vir normale inskrywing alhier nie, wil die Studenteraad teg die uitsendering maak deur die geleentheid daar te stel dat u weer later in besit mag kom van 'n kleurbaadjie.

Dienswillig die uwe,

SEKRETARIS, S.R.

## POTCHEFSTROOMSE UN



Alle korrespondensie moet gerig word aan  
DIE REGISTRATEUR  
P. U. VIR C. H. O.  
POTCHEFSTROOM

Telefoon Nr. 148 en 758  
Vermeld asb. in u antwoord  
Verwysingsnr. 19/2.

SdT/ACB.

Die Sekretaris,  
Studenteraad,  
P.U. vir C.H.O.,  
POTCHEFSTROOM.

Geagte heer,

Die Raad van hierdie Universiteit het verlede jaar van sekere liggende besware ontvang i.v.m. 'n besluit van u Raad insake die dra van Universiteitskleurbaadjies by kort broeke deur mansstudente. Die Raad het op sy jongste vergadering op aanbeveling van die Senaat die volgende besluit in verband met hierdie saak geneem:

1. Die gebruik om Universiteitskleurbaadjies by erende sportdrag (voetbal, hokkie, ens.) te dra, is in orde.
2. Die Senaat neem kennis van die amptelike reëlings wat deur die Studenteraad neergelê is vir die dra van Universiteitskleurbaadjies by kortbroeke in die normale gang van die studentelewe.
3. Wanneer studente kolleges aan die Universiteit bywoon bly dit steeds 'n vereiste dat hulle korrek gekleed moet wees.

Item 3 hierbo hou in dat manstudente nie kollegew mag bywoon indien hulle in kortbroeke gekleed is nie.

Ons wil vertrou dat u met die Raad se besluit genoeg kan neem.

Dienswillig die uwe,

REGISTRATEUR.

Na Dirk Postma was Hennie van der Walt<sup>80</sup> die eerste voorstitter sedert die Universiteit se selfstandigwording wat nie uit die geledere van die teologiese studente gekom het nie. Hy is gedurende die verkiesings van 1958 en 1959 verkies as voorsitter tot 1960 na die aanvanklike omstreden ongeldigverklaring van die September 1958-verkiesing, en die herverkiesing in Oktober daardie jaar. Die Wapad-redeksie het toe soos volg berig: "Voor die S.R.-verkiesing was dit opmerklik dat die kleinlike stryd tussen Tokkelokke en nie-Tokkelokke, Doppers en Gatjieponders grotendeels verdwyn het. Die 'konserwatiewe' samestelling van die S.R. is verwelkom deur die Gereformeerdes van hart (nie in die sin van kerkgroep bedoel nie) terwyl die ander net nie uitgepraat kon raak oor die 'kokery' nie ..."<sup>81</sup>


Weldra het die inhoud van hierdie 'kokery' droog gekook en die studentelewe het weer sy gewone gang gegaan. Onder voorsitterskap van Hennie van der Walt is die SR-konstitusie hersien. Van der Walt was ook President van die ASB vir 'n gedeelte van sy voorsitterstermyne en na die afloop daarvan.<sup>82</sup>

Kort nadat 'n nuwe dekade binnegegaan is, is die verlaamste doelstellings van die SR - in geen onduidelike taal nie - aan die PUK-bestuur deurgegee (kyk dokumentêre illustrasie hiernaas). Wat opval van hierdie doelstellings is

die uitdruklike verwysing na die uitbou van die Afrikanerleefwyse en -tradisie en die gebruik van die ASB as "propagandamasjien" om die "Afrikaner-ideaal van die Republiek uit te dra" - weliswaar 'n formuleringwyse en benadering wat vir hierdie tydperk geensins vreemd opval nie en waarvan die PUK-bestuur waarskynlik met tevredenheid kennis geneem het. Só ook die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, wat gedeeltes van die SR-doelstellings weke later van die SR ontvang het.<sup>83</sup> Agterna sou 'n mens tereg kon wonder of die "professorale rebellie" van 1959, en die studentemassa se vrae oor die verklarings van proff. L.J. du Plessis, J.H. Coetze en D.W. Krüger en hulle standpunte oor eiesoortige ontwikkeling wat in die openbare pers gepubliseer is,<sup>84</sup> nie daartoe bygedra het dat dié SR-doelstellings die parlement bereik het nie<sup>85</sup>. Die doelstellings van die SR het tegelykertyd ook die SR se sentemente, as verteenwoordigend van die breë massa, onteenseglik beklemtoon. 'n Nuwe bestuursdekade is betree toe J.J. de Wet Krüger in September 1960 as SR-voorsitter verkies is.<sup>86</sup>

### • Interne skakeling

Soos in die organigramme in Afdeling 7.2 uitgewys word, was 'n aantal bedrywighede daarop gerig om die studentelewe te organiseer. Sommige aspekte hiervan word



**Doelstellings van die 1960-SR soos in korrespondensie aan die PUK-Raad, en aan die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd**  
(Bron: PUK-Argief, SR (A1), Korrespondensie Intern, 1960-1961, brief, SR-sekretaris/ Registrateur, 20 Feb. 1960; 3 Mrt. 1960)

toegelig waar bepaalde gebeure, besluite en indrukke die verloop van die studentelewe prominent beïnvloed het:

- **Korps Veritas Vincet (KVV)**

Die Gereformeerde Studentekorps (KVV) het die kern van die Christelike studentegemeenskap gevorm.<sup>87</sup> Jaarliks is programme georganiseer met die bedoeling om vormend op die denke en leefwyse van studente in te werk. In byvoorbeeld 1956 is lesings aangebied oor "Calvinisme en die studentelewe", "Die jeug" asook "Die huisgesin en volwasse jeug".<sup>88</sup> Soms is plaaslike akademici sowel as politici genooi (kyk eksterne skakeling). Korps Veritas Vincet het ook aktief geskakel met Calvin College in die VSA en die Vrije Universiteit in Nederland.<sup>89</sup>

- **Studentekoerante**

Komitees van die SR het die publikasie van Die Wapad (1946-) en Die Besembos (1932-1985)<sup>90</sup> hanteer.<sup>91</sup> Die Wapad was 'n kritiese forum waar studente menings kon lug en ingelig is oor sake wat vir hulle van belang behoort te wees. Die hoofredakteur was nie 'n lid van die SR nie, om daar mee die onafhanklikheid van die spreekbuis te waarborg.<sup>92</sup> Die Wapad het ook gebruik gemaak van joernaliste, fotograwe en redakteurs uit studentegeledere. 'n Reglement vir die hantering van die koerant se finansies is wel deur die SR opgestel.<sup>93</sup>



*Die Studentekoerant Die Wapad word hier gelees deur Willie Coetzee en Rosalie de Klerk (Bron: PUK-Argief, Beyers Claasssen-fotograwe, Potchefstroom)*

Die Wapad het oor alles en nog wat berig. Die tema "apartheid" en die regverdiging daarvan in die oordenkingskolom van die studentekoerant<sup>94</sup> was byvoorbeeld vir die meerderheid passiewe studente van die tyd waarskynlik heel aanvaarbaar en goed, want soos dit dikwels gaan, was die aktiewe minderheid die stem van studente in alle studentepublikasies.

- **Eksterne skakeling**

Binne die organistruktuur (soos in Afdeling 7.2 uitgewys word) was dit veral die SR-bestuur, die KVV en die Potchefstroomse ASB-tak wat deurentyd eksterne skakeling bevorder het. Met verloop van jare sou ander bykomstige rade en verenigings onder SR-bestuur ook 'n besondere bydrae op hierdie terrein lewer. (Die rol van die SSB oor skakeling na buite is in Hoofstuk 7, Deel 2 ter sprake.)

Korps Veritas Vincet<sup>95</sup> het van tyd tot tyd persone genooi om sy lede in te lig oor heersende politieke aangeleenthede. Só het minister Jan de Klerk die Korpslede reeds in 1955 meegedeel dat "hierdie Regering ... vasberade [is] om voort te gaan op die weg om 'n Republiek in Suid-Afrika te verkry, en [dat] hierdie Republiek ... Christelik [sal] wees".<sup>96</sup> Enkele maande later het die veelbesproke Tomlinson-verslag gevvolg waaroor Die Wapad-bestuur met erns verslag gedoen het en die verslag bestempel het as 'n grensverskuwend beleid oor rasseaangeleenthede wat elke student se toekoms sal raak.<sup>97</sup> Studente het ook geluister na PUK-akademici soos prof. D.W. (Daantjie Donder) Krüger wat by 'n ASB-takbyeenkoms op Potchefstroom onder meer die standpunt verdedig het dat daar geen Skriftuurlike regverdiging vir die apartheidsbeleid bestaan nie en so ook "geen veroordeling daarvan nie".<sup>98</sup> Ander akademici soos proff. L.J. du Plessis, J.H. Coetzee en dii. Hugo du Plessis sowel as Benoon Duvenage het daarby die "krisistoestand" binne blanke en swart verhoudinge en die noodsaaklikheid vir 'n grondige hersiening van die blankes se houding, by geleentheid aan studente uitgewys.<sup>99</sup>

Gedurende die voorsitterstermy van Tjaart van der Walt het kontak met "andersdenkendes" soos die Rhodes Universiteit, NUSAS en "Moskou" [sic] 'n tree verder gevorder.<sup>100</sup> Dirk Postma het daarop vervolg deur te pleit dat samewerking deur alle universiteite en met mekaar groter prioriteit behoort te geniet - sodat universiteite as 'n eenheid kon optree. Kort na sy voorsitterstermy was die daarstelling van 'n Federasie van Studenterade 'n brandpunt tydens die ASB-kongres van 1959.<sup>101</sup> In Hennie van der Walt se voorsitterstermy is 'n konferensie van alle studenterade van Suid-Afrikaanse universiteite wel voorgestel<sup>102</sup>, maar dit het gepaardgegaan met gemengde gevoelens. Uiteindelik is hierdie mikpunt nie verwesenlik nie omdat die verskillende studenterade van die onderskeie universiteite mekaar nog nie behoorlik oor beginselsake kon vind nie.<sup>103</sup>

Die Pukke het ook die wel en wee van regeringsleiers op die hart gedra soos met die afsterwe van die Eerste Minister, J.G. Strijdom, toe 'n afvaardiging na sy begrafnis gestuur is en op die PUK-kampus hulde aan hom betuig is.<sup>104</sup> Sedert die stigting van Die Afrikaanse Studentebond (ASB)

in 1948<sup>105</sup> was die Pukke veral vanaf 1952 buitengewoon betrokke by die bedrywighede van hierdie liggaam.<sup>106</sup> Die grondslag en aard van die ASB was Christelik-nasionaal en ingebed in die blanke Afrikaanse volkstradisie.<sup>107</sup> Vir blanke Afrikanerstudente, so is gesê, was daar geen beter geleentheid om hul denke te oriënteer ten opsigte van die nuwe tyd en die nuwe eise as huis binne die gelede van die ASB nie. ‘n Bewuswees van internasionale gebeure en die toestande, denkrigtings en aspirasies van Afrika-volkere is egter ook aangemoedig.<sup>108</sup> Vrae rondom die bestaansreg van die ASB as ‘n organisasie, wat beskou is as net gerig op ‘n gedeelte van die land se bevolking, en of Potchefstroom veronderstel is om deel daarvan te wees, het in die vyftigerjare al van tyd tot tyd opgedui. Die grondslag van die ASB was voortdurend onder die soeklig en die gevoel is al teen die einde van die vyftigerjare vanuit sekere oorde uitgespreek dat die ASB in sy bestaande gedaante uitgedien was.<sup>109</sup>

Ten spyte van die sporadiese debatte oor die bestaansreg van die ASB was die Studenteraad van die PUK gedurende die vyftigerjare aktief betrokke. In 1958 het die ASB-tak van Potchefstroom opgetree as gasheer vir die tiende Bondskongres van 7 tot 11 April.<sup>110</sup> Die Pukke, as deel van die ASB, het ook aktief deelgeneem aan verrigtinge van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA).<sup>111</sup> Beleids- en beginselsake het aandag geniet asook die raadsaamheid om NUSAS-kongresse by te woon.<sup>112</sup>

### • Ander sake

In elke periode van die SR-bestuur is mylpale bereik, interessaanthede aangeteken en besluite geneem of toegepas as tekenend van die spesifieke tyd. Gedurende die groefase van die vyftigerjare was identiteitsake soos die aanwesigheid van ‘n korporatiewe indentiteit, ‘n Universiteitslied, gebouontwikkeling en bykomstige



Die ASB-kongres op Potchefstroom, 1954

voor, v.l.n.r.: C.J. Botha, S. van Tonder, L.S. van der Vyver, C.C. Bornman, J.C. Potgieter (President), H. Krüger, J.H. van Niekerk, M.M. Boshoff, P.J. Maree, T. Langley  
 tweede ry: E.J. Smit, J.D. van der Vyver, C.D. de Jager, J.D.M. Swart, H.J.P. Lubbe, N.J. Möller, L.R. Rossouw, J. Vosloo, J.A.W. Botes, D.F. van der Merwe, J.L. Wernich, J. van der Lugt  
 derde ry: H. Cronjé, J. Wondergem, J.G. v.G. Meiring, R.C. Jansen van Rensburg, E.R. Grobler, G. Engelbrecht, H.B. Kruger, J. Beukes, J.J. Naudé, J. Hamman, G.J. Oosthuizen  
 vierde ry: J. St. E. Pretorius, C. Prinsloo, A.B. Brand, J. Visser, D.F. Erasmus, A.J. Myburgh Bron: PUK-Argief

kleredragriglyne aan die orde. Die plek en rol van damestudente in die groter studentebestuur het - by nabaat - wel 'n rimpeling gemaak, maar aan die begin van die sestigerjare was dit nog skaars waarneembaar.

### • Die verdere waarneembaarmaking van 'n "korporatiewe" identiteit

Nuwe metaalwapens van die Universiteit wat deur studente gedra kon word, is kort na 1951 vervaardig. Die wapens is ook aangebring op artikels soos teelepels en mansjetknopies.<sup>113</sup> Voorts is 'n nuwe wapen vir lede van die SR ontwerp en begin gebruik.<sup>114</sup> 'n Ander projek waarby die SR in die vroeë vyftigerjare betrokke was om die "korporatiewe" identiteit verder sigbaar te maak, was die instelling van die Universiteitslied. Die nuwe Alma Mater-lied,<sup>115</sup> geskryf deur mnr. S.J. Pretorius en getoonset deur prof. M.C. Roode, is tydens die intervarsity teen UOVS op 3 Mei 1952 vir die eerste keer in die openbaar gesing.<sup>116</sup>

### • Gebouontwikkeling

Die beplanning van geboue om studentegeriewe uit te brei het die SR op 'n deurlopende basis betrokke laat raak by bouprojekte.<sup>117</sup> In 1953 het die SR<sup>118</sup> 'n groot bydrae gelewer in die beplanning en bou van die Totius-gedenksaal.<sup>119</sup> Die saal het ruimte gebied vir 'n 1 000 studente en het beantwoord aan die noodsaaklikste vereistes van 'n moderne saal met 'n projektor kamer, 'n standaardverhoog, ruim kleedkamers, kaartjie kamers, 'n pakhus vir meubels, beligting en 'n portaal met sydeure.<sup>120</sup> Die ingebruikneming van die saal op 21 Augustus 1954 was vir die studente sowel as vir die PUK-bestuur 'n besondere verblydende geleentheid.<sup>121</sup> 'n Verdere hoogtepunt het in 1956 gevolg toe die kafeteria en kantore direk langs die Totius-gedenksaal ook met SR-hulp voltooi en in gebruik geneem is.<sup>122</sup>

### • Kleredrag

Riglyne oor kleredrag was gedurende die vyftigerjare en later, tydig en soms ontydig, 'n brandpuntkwessie. Node-loos om te sê dat die dames hulle klaarblyklik aan meer "blootstelling" skuldig gemaak het as die mans. Lets soos onvanpaste kleredrag was ook nie noodwendig tot die kam-pusterrein beperk nie. So byvoorbeeld het die feit dat 'n dame 'n kortbroek in die strate van Potchefstroom gedra het, weldra neerslag gevind in die SR-dokumentasie omdat dit nie as in belang van die goeie beeld van die Universiteit geag is nie. Dieselfde het gegeld vir die dra van 'n bont rok (in plaas van 'n "meer smaakvolle" effekleurige rok) by die effekleurige PUK-baadjies.<sup>123</sup> Traak-my-nieagtige studente moes dan maar die gevolge vir hulle dade dra.

### • Die skoner geslag laat hulle stem hoor

Dit kom voor asof dit 'n paar jaar na 1951 geneem het om die dames op die PUK te laat besef dat hulle eintlik ook deel is van die stem van die groter studentemassa. In 1957 was Cecile Smit (ook die PUK se eerste volwaardig verkose Hoofdame in 1957) die eerste dame om op die SR te dien.<sup>124</sup> Daarmee is erkenning gegee aan die groeiende getal damestudente op die kampus se reg om op die SR-bestuur verteenwoordig te word.



Damestudente van die laat-vyftiger- en sestigerjare  
(Bron: PUK-Archief)

'n Ander kleinigheid oor die erkenning van die dameskoshuise se rol in die sukses van die vlotte tydens die Vreugdedag, het "ontevreden dames" van die PUK in 1958 byvoorbeeld die pen in Die Wapad laat opneem:

"Ons dames het gevoel dat dit baie onregverdig en ook selfsugtig was om Saterdagdaand, met die uitdeling van die bekers vir die vlotte, net die mansvlohoofde te noem en die manskoshuise wat die bekers verower het. Was dit dan nie 'n kompetisie tussen koshuise nie? Daarmee word tog seker die dameskoshuise ook bedoel ... of is ons buite rekening? Die bekers gaan dus nou net pryk in die manskoshuis as beloning vir harde arbeid van diegene wat aan vlotte gewerk het. Kan die bekers dan nie 'n halfjaar by die manskoshuise kuier en dan 'n ander halfjaar by die dameskoshuise wat saam met die wenner gewerk het nie?... Hoekom is daar spesiaal damesvlohoofde gekies? Net as middel vir die mans om die organisasie, dinkwerk en arbeid te laat vlot, want sover ons weet het die oorspronklikheid, idees en planne by die meeste van die vlotte van die dames se kant gekom en by die uitdeling van die pryse word hulle glad nie genoem nie en kom al die eer die mans toe ... As dit die geval is dat die dames heeltemal buite rekening gelaat word by die noem van wenner en by die beloning van harde arbeid aan vlotte, dan kan die mans bietjie volgende keer sonder ons probeer om vlotte te bou en 'n Vreugdedag so te laai slaag soos hierdie keer. Ons het al gewonder wat dan sal gebeur en hoe die vlotte dan sal lyk ..." <sup>125</sup>

Die redaksie het nie reageer nie en of enige antwoord daarna gegee is, is onseker. Waarskynlik was die daaropvolgende jaar se aankondigings van wenner darem met meer sensitiwiteit benader.



*Fietsry by die hoofingang van die PUK-kampus*



*'n Sak-en-as-optog na die Hoofgebou, 29 Okt. 1956*



*PUK-volksdansers in Namibië, 1954 (ds. Hennie Coetzee, Susan Yssel (Van der Schyff), Elsa van Wyk en H. van der Walt is sigbaar (Bron: PUK-Archief)*

### 7.3.2 Studenterade van die sestigerjare - strukturele verfyning ter bevordering van die georganiseerde studentelewe

- Die dekade is oorheers deur Coetzees

#### *Studenteraadsvoorsitters, 1960-1969*

<b>1960-1961</b>	J.J. de Wet Krüger
<b>1961-1962</b>	J.S. du Plooy
<b>1962-1963</b>	J.J. de Jager
<b>1963-1964</b>	S.J. du Plessis
<b>1964-1965</b>	S.J. du Plessis
<b>1965-1966</b>	F. van der Walt
<b>1966-1967</b>	W.N. Coetzee
<b>1967-1968</b>	W.N. Coetzee
<b>1968-1969</b>	C.F.C. Coetzee

Ten tye van De Wet Krüger se verkiesing as SR-voorsitter het die moontlikheid dat Suid-Afrika binne 'n afsienbare tyd 'n republiek kon word, 'n besondere opgewondenheid onder studente veroorsaak.<sup>126</sup> In baie opsigte was die PUK-studente ook meer waarneembaar meegesleur in die politieke gebeure van daardie spesifieke tyd - veral sedert die gerugte van republiekwording in die vyftigerjare. Die ideaal van republiekwording is dan ook op 13 Maart 1961 verwesenlik toe dr. H.F. Verwoerd aangekondig het dat Suid-Afrika uit die Britse Statebond uitgetree het.<sup>127</sup> Net 'n week tevore het die PUK aankondig dat sowel dr. Verwoerd as die LV vir Potchefstroom, Jan Steyn, deur die Universiteit op 29 April 1961 met eredoktorsgrade vereer sou word. Dit was die tweede lustrumfeesjaar van die PUK en hierdie here is met die toekenning van eredoktorsgrade erken vir hulle aandeel in die selfstandigwording van die PUK tien jaar vantevore.<sup>128</sup>

Die funksionering en werksaamhede van die SR is vanaf 1960 nog verder verfyn. In die sestigerjare het die SR voortgebou op die pionierswerk wat gedurende die vorige dekade gedoen is.<sup>129</sup> Hieronder tel die opstel van reglemente vir bekers en trofees. Tien van hierdie bekers en trofees is reeds van die begin van die dekade af toegeken.<sup>130</sup> Ander pionierswerk waarop voortgebou wou word, was onder meer die behoefte om die SR-magstruktuur te desentraliseer - 'n ideaal van die veelsydige SR-voorsitter Koos du Plooy.<sup>131</sup> Te oordeel aan die berigte van Die Wapad enkele jare later oor die behoefte aan 'n studenteorganisasie wat 'n meer gedesentraliseerde vorm behoort aan te neem, lyk dit nie asof Koos du Plooy in sy SR-termyn veel in hierdie verband kon uitrig nie.<sup>132</sup>

Tydens die SR-termyn van Kotie de Jager<sup>133</sup> is verder herbesin oor die plek en posisie van die SR binne die georganiseerde studentelewe.<sup>134</sup> Daarop het Fanie du Plessis vir twee voorsitterstermyne<sup>135</sup> by De Jager oorgeneem en die konstitusionele struktuur verder in ooreenstemming probeer bring met die behoeftes van die studentelewe op daardie tydstip.<sup>136</sup> Of dit wel ‘n effek gehad het op die studentelewe is onwaarskynlik, want tydens sy uititrede het hy verwys na die breuk wat ingetree het tussen die studentegemeenskap en die SR.<sup>137</sup> Andersins lyk dit tog asof eenheid wel van tyd tot tyd waarneembaar was. Hieronder tel die massavergadering wat in 1964 plaasgevind het om standpunt in te neem teenoor NUSAS. NUSAS was in daardie stadium ten gunste daarvan dat die swart studentemmeerderheid van die land NUSAS moes oorneem; ook was NUSAS positief ingestel teenoor vryheidsbewegings in Afrika.<sup>138</sup>


Die intellektueel begaafde theologiese student (asook ‘n ASB-bestuurslid en KVV-verteenwoordiger), Frans van der Walt, het vir die 1965-1966-termyn die voor- sitterskap by Fanie du Plessis oorgeneem.<sup>139</sup> Die verkiesing is egter gekenmerk deur ‘n buitengewone traagheid by die stembus waar slegs sowat 400 stude nte gestem het, en dié “louheid”, ook wat die deelname aan die heersende politiek weerspieël het, is beskou as ‘n algemene en landswye tendens.<sup>140</sup>

Oor die louheid op die kampus het Die Wapad opgemerk: “Ons kry dan ongelukkig ook die verskynsel dat juis mense wat so weinig bydra tot die gesonde koers van ons studentelewe, die belhamels is wat die meeste klippe in die weg rol van die Studenteraad ...”.<sup>141</sup> ‘n Ander beskrywing van hierdie “belhamels” was “rottejaers” oftewel die “kortsigtige en kleingeestige minderhede”. By geleentheid is voorgestel dat hierdie minderhede geïgnoreer moet word en hulle “rottejaery” dalk eerder tussen die uitgediende items in ‘n museum moet plaasvind.<sup>142</sup>

Frans van der Walt het gedurende sy SR-termyn opnuut die bestaande organisatoriese struktuur van die studentelewe laat ondersoek,<sup>143</sup> maar die uiteindelike struktuur was teen die einde van sy voorsitterskap nog nie finaal vasgestel nie.<sup>144</sup> Verder was die verpligte bedanking van die bestuur van die plaaslike ASB-tak, soos aanbeveel deur ‘n arbitrasiehof (die tweede in die geskiedenis van die PUK en enkele maande voor ‘n nuwe SR-verkiesing), waarskynlik ook olie op die vuur om die studentemassa verder van die Studenteraad verwyder.<sup>145</sup> In welke mate die dood van die Eerste Minister, dr. Verwoerd, ‘n veranderende effek gehad het op die studente se beweerde politieke louheid is nie bekend nie.<sup>146</sup> Dit blyk wel dat etlike Pukke die dood van die landsleier sigbaar betreur het<sup>147</sup> en die aanwysing van ‘n nuwe premier met belangstelling gevolg het.<sup>148</sup> Volgens die studente



SR-voorsitters van die sesigerjare (Bron: PUK-Argief)



*Die toekekening van 'n eredoktorsgraad aan die Eerste Minister, dr. Verwoerd, in 1961 te Olénpark tydens die PUK se tweede lustrumfeesjaar - pas na S.A. se uititrede uit die Statebond met die oog op republiekwording*  
(Bron: PUK-Argief)

se aanklag teen die SR-bestuur<sup>149</sup> is egter in 1967 weer "geglip" met die organisasie van 'n Republiekfees.

Die skrander Springbokatleet, Willie Coetze, het in September 1966 die SR-voorsitterskap aanvaar in 'n tyd toe verhoudinge tussen die SR en die studentemassa steeds wankelend was. Sy uitnodiging aan die studentemassa van die PUK om openheid, en veral om SR-vergaderings te enigertyd by te woon,<sup>150</sup> was besonder vernuwend.

'n Ander vernuwende benadering in 1966 - wat ook belangstelling onder die studente gewek het - was 'n referaat wat by die SABRA-kongres gelewer is deur 'n oudvoorsitter van die SR, W.J. de Klerk - op daardie stadium professor by die Departement Etiek en Logika op die PUK. In hierdie referaat het hy naamlik die eienskappe van die "verligte" en die "verkrampte" Afrikaner bespreek. Prof. De Klerk se bedoeling om te waarsku teen 'n eensydige en geslote Afrikanerbeeld<sup>151</sup> het begrippe binne die politiek geskep wat sedertdien algemene omgangstaal geword het.<sup>152</sup>

Gedurende die laaste maande van Willie Coetze se voorstitterstermy in 1967 is die samestelling van die SR en die organisasie van die studentelewe prakties geïmplementeer met die oog op vernuwing en 'n meer vaartbelynde bestuur.<sup>153</sup> Hierdie praktiese voorstelle is deur die SR aanbevel na afloop van 'n skakeltoer na die Universiteite van Stellenbosch, UOVS, Port Elizabeth en Rhodes.<sup>154</sup> Danksy



*Die PUK omskep in 'n sneeulandskap, 18 Jun. 1964*  
(Bron: Die Wapad, 24 Jun. 1964, p. 1)

'n suksesvolle termyn is Willie Coetze vanaf September 1967 vir nog 'n jaar as SR-voorsitter herkies, waarop verdere strukturele vernuwing in die studentelewe gedurende 1967-1968 gevvolg het, naamlik die instel van die Polities-Nasionale Bestuur (PNB) en die Algemene Ontspanningsbestuur (AOB),<sup>155</sup> die Komitee vir Openbare Betrekkinge, die Eerstejaarskomitee en die ASB-komitee.<sup>156</sup>

In die sestigerjare het Willie Coetze vermag wat etlike voor hom nie kon nie en dit was om 'n opbloeiende belangstelling in die studentelewe weer eens te vestig.<sup>157</sup> Sy vangenoot en opvolger vir die periode 1968-1969, Callie Coetze, het hierop voortgebou.<sup>158</sup> Dit was vir hom ook 'n besondere historiese jaar in die lig van die feesverrigtinge om die 100ste bestaansjaar van die PUK, of die "wonderdaad" waaruit die wortels van die PUK ontwikkel het, te herdenk. Die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, is ook in hierdie feestelike jaar met 'n eredoktorsgraad vereer.<sup>159</sup> Ironies genoeg het net 'n handjievol studente in die feestelikhede gedeel.<sup>160</sup> Die nuwe SR-voorsitter, Johan Kruger, se termyn het tydens die eeufeesverrigtinge begin en hy moes lei in die nuwe dekade wat voor hande was.<sup>161</sup> Die damesverteenvoordigers op die SR gedurende die sestigerjare was die volgende: Elaine Botha (1960-1961);<sup>162</sup> Erina van der Walt (1961-1962);<sup>163</sup> Barbara J. Geertsema (1962-1963);<sup>164</sup> Kristie Jordaan (1963-1964);<sup>165</sup> Cecilia M. Schutte (1964-1965);<sup>166</sup> Wilna le Roux<sup>167</sup> (1965-1966) en Rosalie I. de Klerk (1966-1967).<sup>168</sup> Feitlik niks is gerep in dokumente en in Die Wapad oor damesverteenvoordigers in die laat-sestigerjare nie. Dit laat 'n mens wonder of die dames hulle status op die SR verloor het na die herstrukturering en of die dames dalk net moeg geword het om die ornamente in die SR-bestuurstruktuur te wees.

## • Eksterne skakeling

PUK-studenteraade van die sestigerjare het eksterne skakeling op 'n meer prominente wyse bevorder, veral deur afiliasie met en die presidentskap van die ASB<sup>169</sup> gedurende



**Pukke en twee Opvoedkunde-dosente, proff. J.J. Snyman en S.J. Preller, voor die ou Hoofgebou waar hulle luister na die belangwekkende uitsending van gebeure by die Parlementsgebou waar aangekondig is dat advokaat B.J. Vorster die nuwe Eerste Minister is, 13 Sept. 1966**  
(Bron: Die Wapad, 28 Sept. 1966, p. 1)

1961 en daarna. Die internasionale terrein is selfs betree.<sup>170</sup> Algaande is ook meer van samewerking en kennisuitruiling tussen rassegroepe gepraat.<sup>171</sup> Gesprekke oor die sin van Christelike Wetenskapsleer in die akademie is kort voor die sewentigerjare gevoer,<sup>172</sup> en 'n herorganisering van die plaaslike ASB is selfs in die vooruitsig gestel.<sup>173</sup>

Naas 'n assosiasie met die ASB het die eksterne skakeling van die SR onder meer ook die volgende behels: die bywoning van kongresse van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA), die konferensies van die Federasie vir Afrikaanse Kultuur (FAK), en kontak met



**PUK-studente se gemoedelike vertolking van die begrippe "verlig" en "verkrampt" soos gebruik deur 'n oud-Puk en eertydse Voorsitter van die SR, W.J. de Klerk**  
(Bron: Die Wapad, 25 Apr. 1969, p. 5)

nuusbaiae en tydskrifte. Deur byvoorbeeld sy affiliasie met SABRA was die SR by geleentheid betrek by 'n wetenskaplike ondersoek oor rasverhoudinge in Suid-Afrika.<sup>174</sup>

Die SR het ook besondere aandag gegee aan kontak met anderstalige studente-organisasies. In 1961 was die SR onder meer betrokke by 'n welwillendheidsbesoek aan Wits. Al die pogings tot skakeling was nie altyd so suksesvol as waarop gehoop is nie. Universiteite het mekaar byvoorbeeld van tyd tot tyd beoordeel en soms uitlatings gemaak wat die ander ontstel het. Só het die amptelike tydskrif van die Universiteit van Natal, Nux, in 1966 die Pukke se gemoedere warm laat word toe onder meer beweer is dat die PUK 'n "skoolatmosfeer" het waar regulasies aan die orde is. Die "apartheidsbeginsel" tussen mans en dames by die swembad was vir buitestanders baie vreemd. Nie alle universiteite het met hierdie sienings saamgestem nie,<sup>175</sup> maar die berig in Nux het tog 'n platvorm geskep vir hernude debatte oor die produkte wat universiteite aflewer.<sup>176</sup> Samewerking met NUSAS was ook steeds 'n probleem vir sowel die PUK-studentemassa en die SR as vir die ASB.<sup>177</sup>

Tydens die 1967-termyn het die SR,<sup>178</sup> klaarblyklik meer as ooit tevore, gefokus op inter-universitaire skakeling. 'n Skakeltoer (soos vroeër vermeld is) is onderneem waartydens samesprekings gevoer is met studenteraade van UOVS, Stellenbosch, Port Elizabeth en Rhodes. Samewerking met Engelstalige universiteite en universiteite vir swart studente is aanbeveel.<sup>179</sup> Twee PUK-waarnemers is ook na die NUSAS-kongres gestuur,<sup>180</sup> maar geen blywende bande vir die toekoms het hieruit voortgespruit nie. Die PUK het ook die jaarlikse Studenteraadsvoorsitterskonferensies wat universiteite gereël het, bygewoon.<sup>181</sup> In baie opsigte was die paar jaarlikse eksterne skakelingsgeleenthede, wat deur etlike van die verenigings onder SR-gesag as vorme van gemeenskapsdiens geïniseer is, ook geleenthede vir tersiêre uitreiking. Hieronder tel Korps en PUK-Kandelaar se sendingwerk-aksies.<sup>182</sup>



**Die PUK word 100** (Bron: Die Wapad, 3 Okt. 1969, p. 5)



Die Eeuvees-perdekommando wat op 3 Okt. 1969 vanaf Burgersdorp op Potchefstroom aangekom het  
(Bron: Die Wapad, 17 Okt. 1969, p. 6)

- Ander sake
  - ‘n Korporatiewe identiteit verder bevorder
  - Oriëntering kry die wind van voor - en dit nogal uit studentegeledere
  - Nog finansiële hulp met bouprojekte
- Ander sake wat jaarliks op die agendas van die Studenteraade in die sestigerjare was, is onder ander die toekeuning van erekleure op die gebied van sport en kultuur, die toekeuning van die sogenaamde ere-PUK-wapen en die aanbevelling van medaljetoekennings deur die Universiteitraad. ‘n Nuwe PUK-das is ook in 1962 goedgekeur<sup>183</sup> om die korporatiewe identiteit van die PUK uit te dra.

In 1962 was die SR druk besig om fondse vir die bou van ‘n ontspanningsaal vir studente in te samel. Gratis vliegkaartjies na Zimbabwe (die eertydse Rhodesië) is selfs uitgekoop vir die persoon wat die meeste geld vir hierdie fonds sou insamel.<sup>186</sup> Wie die gelukkige wenner was, is nie bekend nie. Van die fondse wat tydens die Vreugdedaggeleenthede (gedurende die sestigerjare verander na Karnavalbyeenkomste) geïn is, is ook vir die Universiteit se bouprojekte gebruik. In 1969 het die SR R5 000 aan die PUK-bestuur oorhandig as bydrae

om ‘n studentesentrum te bou.<sup>187</sup> Nog heelwat moes ingesamel word om hierdie droom te laat gestalte kry.

- *Kleredrag - verdere versoek en frustrasies*

Potchefstroom se warm somerweer en die “ongerieflike mondering” wat mans moes dra, het jaarliks aanleiding gegee tot versoek vir kleredrag wat meer gemaklik en koeler is. In 1967 is ‘n meningsopname onder die manstudente gedoen en was die uitslag positief ten gunste van bosbaadjiepakke as somersdrag, in plaas van die PUK-baadjie, -das en langbroek. Die meeste dames, wat toegelaat is om fleurige somersrokke te dra, het die mans se versoek om gemakliker somersdrag gesteun.<sup>188</sup> In 1969 het die PUK-owerheid uiteindelik op hierdie jarelange versoek ag geslaan deur die manstudente toe te laat om sonder baadjies, maar met langmouhemde, dasse en langbroeke klasse by te woon. Die rektor het wel daarby gevog dat as die hemp “‘n ander kleur het” die studente ‘n baadjie moet dra. Hy het verder vervolg: “Die Raad voel baie sterk daaroor dat u [die SR] die kleredrag van die dames deur beïnvloeding op ‘n meer besadigde peil van welvoeglikheid sal bring ... Daar is ongelukkig damestudente wat onbehoorlike kort rokke dra ...”<sup>189</sup> Hierdie versoek was gerig in die jare van die mini en die maksi en die skoner geslag het dalk soms geneig om die riglyne vir roklengtes net so ietwat te verontgaam.<sup>190</sup>

Die manstudente se gemor oor die steeds konserwatiewe kleredrag in die versengende Suid-Afrikaanse somer terwyl die safaripak reeds algemeen gewild was, was egter nog groter. Die Rektor, prof. Hennie Bingle, het die studente se tjank egter vinnig afgetrap en opgemerk dat ‘n man in ‘n safaripak nie welgekleed is nie: “Die hemp is te ver oop en die broek sal mettertyd ontaard in ‘n deurtrekertjie ... buitendien ... het niemand nog doodgegaan van die warmte nie”.<sup>191</sup> Daarmee was dit uit en gedaan en moes die manstudente maar die hitte trotseer en dankbaar wees as die winterseisoen aanbreek.



So is die eerstejaars verwelkom: links bo ouers sit 'n handjie by by die koshuise, regs bo: die nuweling word vriendelik deur die ou here begroet, bo: verwelkomings in die amfiteater in later jare      (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

- **Vervoer in styl**

Die Studenterade was voortdurend daarop ingestel om die beskikbare infrastruktuur vir studente te verbeter. Tydens die 1960-termyn is 'n funksionele bus en twee Volkswagen-kombi's vir gebruik deur die SR aangekoop. Die finansiële vermoë van die SR was reeds vir 'n hele aantal jare besonder goed en dit het hulle in staat gestel om met hierdie vervoermiddels aan verskeie projekte deel te neem.

- **Administratiewe vooruitgang**

In 1963 is 'n nuwe luidsprekerstelsel vir eie gebruik deur die SR aangekoop. 'n Nuwe afrolmasjien, tikmasjien en optelmasjien is ook aangeskaf.<sup>192</sup> Nog 'n administratiewe beampte is vir die SR benoem<sup>193</sup> en in 1967 is 'n voltydse sekretaresse aangestel om stabiliteit en kontinuiteit in die werksamehede van die SR te verseker.



Die Voorsitter van die SR, W.N. Coetzee, oorhandig 'n tjek van R5 000 aan die Rektor, prof. H.J.J. Bingle vir die beoogde Studentesentrum, 4 Sept. 1969 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})

### 7.3.3 Groter inspraak van die studenteremassa en hoër eise, 1970-1981

- ‘n Era van prominente SR-voorsitterskap en ‘n veelheid splinteraksies

#### *Studenteraadsvoorsitters, 1970-1981*

1969-1970	T.J. Kruger
1970-1971	L. Wessels
1971-1972	S.J. van der Walt
1972-1973	J.J. Janse van Rensburg
1973-1974	P. Mulder
1974-1975	M. Schalekamp
1975-1976	J.J. Pretorius
1976-1977	T. Eloff
1977-1978	T. Eloff
1978-1979	T. Eloff
1979-1980	J.L. du Plooy
1980-1981	J.L. du Plooy

Na die voorsitterstermy van Johan Kruger waarin hy veral die toepassing van die konstitusionele veranderinge van die SR-grondwet beleef het, is die regstudent en latere ASB-president (asook ‘n latere bekende politikus) Leon Wessels as SR-voorsitter vir die termyn 1970-1971 verkies. In hierdie stadium het die SR uit 20 lede bestaan en dit was ook die grootste SR tot toe nog en hierna op die PUK.<sup>194</sup> Die ervare Kobus van der Walt (voorheen SR-ondervoorsitter) het die voorsitterskap na Wessels beklee,<sup>195</sup> waarna Fika J. van Rensburg (later bekende skrywer, dosent in Nuwe Testament, en teen 2004 verbonde aan die Fakulteit Teologie van die PUK se Teologiese Skool) as SR-voorsitter verkies is.<sup>196</sup> Dit was ook gedurende sy voorsitterskap wat die SR die nuwe PUK-Vaalriviertak moes help om ‘n eie sekretariaat te vestig wat na die belangte van die studente sou omsien.<sup>197</sup> As ‘n aktiewe lid van die Polities Nasionale Bestuur (PNB) het Pieter Mulder (seun van die eertydse Minister van Ingilting, dr. Connie Mulder) in 1974 die voorsittersleisels by Fika J. van Rensburg oorgeneem.<sup>198</sup> Wat veral tydens Pieter Muller se termyn beklemtoon is, is die SR-besluit dat elke liggaam onder gesag van die SR ‘n grondwet en reglement moes opstel.<sup>199</sup> Die SR-ledetal is in Pieter



Muller se termyn na 19 vermind en daar is besluit dat die studentemassa ook die SR-ondervorsitter - soos in die geval met die voorsitter - moes kies.<sup>200</sup> 'n Sewende hoofliggaam van die SR, die Algemene Diensbestuur (ADB), is in 1974 in die lewe geroep om studenteligggame te groepeer wat in die verlede op losse voet gefunksioneer het. Pieter Mulder was ook, soos die PUK-owerheid, gedurende sy voorsitterskap gekonfronteer met 'n felle briefwisseling tussen die Vrije Universiteit se studentekoorant en die PUK-SR oor apartheid.<sup>201</sup> Wat laasgenoemde betref, was studente van kleur laat in die sewentigerjare nog slegs vir nagraadse studie aan die PUK toegelaat.<sup>202</sup> Wat ook opgeval het, was die groeiende internasionale studenterkors wat vir voor- of nagraadse studies gedurende hierdie jare (en hierna) aan die PUK ingeskryf het.<sup>203</sup> Met sigbare hoogtepunte in 'n besonder bedrywige jaar vir Mulder, het sy termyn ten einde gesnel waarna Marius Schalekamp as SR-voorsitter vir 1974-1975 verkieks is.<sup>204</sup> Hy is beskou as die breinkind agter die verdere struktuurverandering van die SR wat in sy termyn en vir meer as 'n dekade later nog as die Sentrale Studenteraad (SSR) bekend gestaan het. Marius Schalekamp is ook in 1975 as ASB-voorsitter verkieks.<sup>205</sup> Nasionale politieke gesprekke van daardie tyd - soos détente of 'n verslapping van gespanne verhoudinge metveral ander lande in Afrika - was ook al meer aan die orde.<sup>206</sup> Die voormalige hoofdirigent, Johan Pretorius, is vir die 1975-1976-termyn as SR-voorsitter verkieks met Theuns Eloff in die ondervorsitterstoel.<sup>207</sup> Wat onder andere onthou sal word van Pretorius se voorsitterstermyn was die reaksie op die instelling van trompoppies op die PUK,<sup>208</sup> die Akademiese Raad se ondersoek oor dosente se klasgeemetodes om beter uitslae vir die toekoms te verseker,<sup>209</sup> en die optrede van die regering in Soweto wat tot betogings op ander tersiêre kampusse aanleiding gegee het. Die PUK-SR het sy afkeur van betogings vinnig laat deurskemer deur te stel dat "alle betrokke partye in die Soweto-geskille vredsaam sal saamwerk tot 'n oplossing in die beste belang van Suid-Afrika".<sup>210</sup>

Benewens die Soweto-gebeure was hierdie jare ook die tydperk van die historiese onafhanklikheidswording van tuislande soos die Transkei,<sup>211</sup> gevolg deur Bophuthatswana in 1977. Die 100-jarige herdenkingfees ter ere van die vermaarde akademikus en digter, prof. J.D. du Toit (Totius), is ook in 1977 gevier.<sup>212</sup> Die Amajuba-fees het op 27 Februarie 1978 gevolg,<sup>213</sup> sowel as die proses van selfstandigwording van Suidwes-Afrika (later Namibië)<sup>214</sup> en nuwe konstitusionele voorstelle vir Suid-Afrika wat onder leiding van die nuwe Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, gemaak is.<sup>215</sup>

Binne die tydperk dat genoemde gebeure plaasgevind het, het Theuns Eloff (later Rektor van die PUK en eerste Visekanselier van die Noordwes-Universiteit vanaf 2004) vastigheid aan die SR-aktiwiteite verleen met sy voorsitterskap van drie aaneenlopende termyne gedurende

1976 tot 1979.<sup>216</sup> Vantevore was hy vir 'n jaar lank SR-penningmeester, waarna hy vir die ondervorsittersposisie verkieks is en sy pad oopgewerk het tot SR-voorsitter. "Dienslewering" was feitlik deurgaans sy doel in sy jaarlikse beleidsverklarings voor SR-verkiesings.<sup>217</sup>

Gedurende Theuns Eloff se eerste bestuurstermyn het die SR ook begin met onderhandelinge om bykomstige studentevoordele aan PUK-studente beskikbaar te stel soos dit reeds op ander kampusse gegeld het.<sup>218</sup> 'n Studentediens was 'n ander prioriteit wat hy suksesvol afgehandel het.<sup>219</sup> Om "oop" te wees was voorts 'n nuwe gonswoord in die laat-sewentigerjare.<sup>220</sup> Die nuut verkose Rektor, prof. Tjaart van der Walt, het in vele opsigte ook hierdie benadering aangemoedig met sy uitgangspunt dat die CHO- "van" tot 'n groter mate na die praktyk deurgetrek behoort te word,<sup>221</sup> sowel as dat die gesinskarakter van die PU vir CHO meer beklemtoon behoort te word. Hy het hierdie beklemtoning onder meer probeer verkry deur 'n groter bestuursinspraak deur studente.<sup>222</sup> Theuns Eloff het hierdie benadering in die SR-struktuur probeer toepas.

Die SR is byvoorbeeld in Theuns Eloff se termyn aan verdere strukturele veranderinge blootgestel om die werksprosedure van dié studentegesagsliggaam meer vaartbelyn te maak. Hieronder tel die instelling van twee ondervorsittersposte ('n adjunk gemoeid met die SR-lede en 'n visevoorsitter wat kontrole moes hou oor die werksaamhede van die Rade). Hierdie werksprosedure het 'n groter diversifisering van mag en verdeling van werksverpligtinge meegebring.<sup>223</sup> Outomatiese studentelidmaatskap van die ASB is ook in die Elooff-termyn algaande deur Pukke bevraagteken.<sup>224</sup> Net so is die regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling vanuit verskillende perspektiewe gedebatteer.<sup>225</sup> Theuns Eloff is in Julie 1978 as President van die ASB verkieks en in hierdie tyd is hy as een van die mees omstrede studenteleiers van sy tyd beskou.<sup>226</sup>



Theuns Eloff tydens 'n ASB-kongres, besig met 'n toespraak 1978 (Bron: PUK-Argief)

Jan-Louis du Plooy, 'n ervare SR-lid onder die baie nuwe gesigte in die SR-verkiesing, is in 1979 as nuwe SR-voorsitter verkies.<sup>227</sup> Hoogtepunte in sy termyn was die amptelike opening van die Hennie Bingle-studentesentrum<sup>228</sup> en waarskynlik die strenger maatreëls wat gegeld het vir eerstejaarsoriëntering.<sup>229</sup> Na buite was die stigting van 'n unieke aksie deur die SR-lid, Pieter Fourie, naamlik die Studente-Unie vir Christen-Aksie, 'n prominente aksie. Hierdie beweging het beoog om met Christen-studente oor rassegrense heen te skakel.<sup>230</sup> 'n Groter vrymoedigheid om polities standpunt in te neem teenoor apartheid was 'n tendens wat ook opgemerk kon word. 'n Mosie van goedkeuring is byvoorbeeld verleen aan die veranderende houding van die regering teenoor die kleurlinge.<sup>231</sup>

Andersins was daar steeds woelinge aangaande studente se keuse tot affiliasie met die ASB of die ophef daarvan wat in 1980 tot 'n beslissingspunt gedryf is.<sup>232</sup> Jan-Louis du Plooy se prominente betrokkenheid by die stigting van Polstu as 'n polities-nasionaal-alternatiewe organisasie vir die ASB moet in hierdie opsig vermeld word.<sup>233</sup> Die Puk-studente se aanvanklike aanvaarding van Polstu as 'n organisasie waarby SR-lede van die PUK en ander individue wel betrokke mag wees, maar nie noodwendig die massa daarmee moet assosieer nie,<sup>234</sup> kon ook as 'n mosie van onsekerheid in die oordeel van hulle SR-voorsitter beskou word. Wat sekerlik nie uit die oog verloor moet word nie, is dat dit weer eens die PUK was wat leiding geneem het in die vestiging van nog 'n organisasie (dié keer sigbaar polities) binne die nasionale studentekring.

'n Kenmerk van die periode na die 1979-verkiesing was die beperkte ervaring van die nuwe SR en die oënskynlike gebrek aan "hoëkwaliteitleiers". Hierdie toedrag van sake het geblyk uit 'n aantal bedankings binne die Politiese sowel as die Akademiese Raad. Slegs vier lede van die vorige SR het kontinuïteit verleent.<sup>235</sup> Jan-Louis du Plooy is in September 1980 vir 'n tweede termyn verkies in 'n tydperk waarin die studentegemeenskap se massadeelname as baie afsydig beleef is.<sup>236</sup> (Jan-Louis du Plooy het verkies om die benaming "studentegemeenskap" eerder as "studentemassa" te gebruik.) Piet Fourie van die PUK het kort na die SR-verkiesing nasionale voorsitter van Polstu geword<sup>237</sup> en 'n Polstu-kampusbestuur is ook in Oktober 1980 verkies.<sup>238</sup> Wat die SR betref, sal 1981 onthou word as 'n jaar waarin studentefinansies geknyp het.<sup>239</sup> Frikkie van Niekerk is in Augustus as die nuwe SR-voorsitter verkies.<sup>240</sup>

- **'n Hersiene konstitusie vestig diversiteit en groter bestuursinspraak**

Wat die konstitutionele ontwikkeling van die SR sedert 1970 betref, was die grootste enkele taak van die eerste SR onder voorsitterskap van Johan Kruger om die grondwet en huishoudelike reglement van die SR, asook die

grondwette en reglemente van die hoofliggame van die SR, finaal te wysig en aan die studentemassa en Raad van die Universiteit vir goedkeuring voor te lê.<sup>241</sup> Volgens Die Wapad het hierdie historiese wysigings wat deur vorige termyne se studenterade begin is en uiteindelik in 1970 bekragtig is, min bespreking van die massa ontlok.<sup>242</sup>

Ten spyte van die oënskynlike gebrek aan besondere entoesiasme vir die historiese mylpaal wat met die bekragtiging van die nuwe grondwet gepaard gegaan het, het die SR ten minste gereelde vergaderings tussen die rektor, die huisvaders, primarii/primariae en die dagbestuur van die SR bewerkstellig.<sup>243</sup> Hierdie geleenthede het ruimte gebied vir die bespreking van algemene kampusangeleenthede en sake aangaande studente- en owerheidsbelange. Die sewentigerjare was 'n dekade wat sekerlik beskou kan word as die begin van groter inspraak deur studenteleiers oor die breë bestuurspektrum van die kampus.<sup>244</sup>

Die Administratiewe Raad is ook geskep<sup>245</sup> om 'n soepeler hantering van sake van studentevlak na owerheidsvlak te verseker.<sup>246</sup> Gedurende 1976 het 'n oud-SR-voorsitter, prof. Tjaart van der Walt, as skakelpersoon tussen die studente en die Universiteitsowerheid opgetree.<sup>247</sup> Dit was 'n besluit van onskatbare waarde. Nie alleen die meer aanpasbare stelsel nie, maar ook die besondere persoonlikheid van prof. Van der Walt het meegebring dat skakeling met die Universiteitsowerheid op 'n meer gereelde grondslag plaasgevind het.<sup>248</sup> Daarom dat dit 'n besondere mylpaal was toe prof. Hennie Bingle in 1977 die eerste rektor was om 'n massavergadering van studente toe te spreek. Die proses van skakeling tussen die SR met die PUK-owerheid het sedertdien gegroei.<sup>249</sup>

- **Die Studenteraad verander van naam en kry meer hoofliggame**

Nuwe onderliggame, soos Toere, Voertuie en Apparaat, Terreine en Geboue (en selfs 'n onderliggaam soos Reglemente van Verkiesing!) het onder die gemelde hoofliggame (kyk afdeling 7.2) van die SR geressorteer. Twee nuwe komitees, die Konstitusie- en die Projektekomitee, is in die lewe geroep. Die ses komitees onder die SR-bestuur was die Reklamekomitee, die Pukkie-komitee, Die Wapad-komitee, Die Besembos-komitee, die Karnavalkomitee, die ASB-komitee en die PromPuk-komitee.<sup>250</sup> 'n Skakelraad is ook in die lewe geroep om 'n gemeenskaplike forum te bied waar huiskomitees met mekaar en met die SR kon konfereer oor gemeenskaplike angeleenthede. Ander Universiteitsinstansies kon ook vergaderings van die Skakelraad op 'n ad hoc-basis bywoon.<sup>251</sup> 'n Tweedehandse-boekekomitee wat in 1973 onder die patronaatskap van die SR geplaas is, is deur die studente verwelkom. Tydens hierdie termyn is die desentralisasiebeleid van die SR veral na koshuise voortgesit, waarna 'n Koshuisraad gevestig is.<sup>252</sup>

Opleidingskampe vir eerstejaarstudente is ook begin, terwyl die studentemondstuk, Die Besembos, vanaf die sewentigerjare in 'n kleiner formaat met minder bladsye en 'n nuwe indeling van artikels verskyn het.<sup>253</sup>

Met verloop van jare is strukturele aanpassings dikwels gemaak.<sup>254</sup> Beduidende veranderinge het in 1976 in die georganiseerde studentelewe ingetree toe die reeds vermelde PNB by die ASB-tak ingelyf is. In 1975, toe die SR se naam verander het na Sentrale Studenteraad (SSR),<sup>255</sup> is die Algemene Ontspanningsbestuur (AOB - voorheen deel van die ABKK en die SSB) gekonsolideer as die Kultuurraad van die SR.<sup>256</sup> Terselfdertyd is meer outonomiteit aan die SR-rade toegeken.<sup>257</sup> Al hierdie organisatoriese toevoegings het ruimte gebied vir die ontwikkeling van 'n besondere dinamika wat vanuit die geledere van die SR oorgedra is aan die georganiseerde studentelewe.<sup>258</sup>

- **Meer aandag aan die betrokkenheid van die studentemassa**

Groter studentegetalle op die PUK het ook nuwe eise gestel en soms probleme ingehou. In hierdie verband kan gedink word aan aspekte soos onbetrokkenheid by studente, kommunikasie- en koördineringsprobleme, die feit dat studente nie meer onderling met mekaar bekend was nie, asook die wording van 'n "massa-mens".<sup>259</sup> Gevolglik was een van die grootste uitdagings vir die studenterade sedert veral die sewentigerjare om die volgehoud betrokkenheid van die studentemassa te verkry.<sup>260</sup> In 1974 het 700 Pukke uit 'n massa van 5 000 gestem, wat beteken het dat slegs 14% studente in werklikheid die SR verkieks het.<sup>261</sup> Juis daarom, en waarskynlik ook te wyte aan 'n reeks ander frustrasies, het 'n geheime studentegroep genaamd die Potchefstroomse Organisasie vir Positiwe Studente (POPS) die lewe vir die SR in die Schalekamp-era effe versuur met hulle aanklag dat die studente meer verteenwoordiging in die SR moet hê. So vinnig as wat hulle "uitgepop" het, het hierdie studentegroep sevlammetjie klaarblyklik ook uitgebrand.

Tog wil dit voorkom asof die SR kennis geneem het van POPS se kortstondige kritiek, want nog "koersaanpassings" om te voldoen aan tydgegewe eise en behoeftes van studente en studenteverenigings (naastenby 100 vergeleke met 'n vorige dekade se 40) was aan die orde van die dag. Sommige studente het selfs sommige van die SR-bestuurslede daarvan verdink dat hulle deel was van die POPS-herrie<sup>262</sup> om dalk 'n tikkie lewe in die doodse studentebetrokkenheid te blaas. Dit blyk dat die SR in 1975 minstens tevrede was oor die studentemassa se groeiende meelewendheid.<sup>263</sup> Die stempersentasie van 66,4% in Augustus van hierdie jaar<sup>264</sup> sowel as die 70% van 1977 en 60% in 1978 spreek boekdelle.<sup>265</sup> Gedurende hierdie tyd het 'n "uiters regse en konserwatiewe ondergrondse

organisasie", genaamd die Konserwatiewe Studenteaksie (KSA), ook 'n andersoortige krag op die kampus geword en daar is gesê dat hulle POPS se eweknie is.<sup>266</sup> In 1981 het die Politieke Aksie vir Konserwatiewe Suid-Afrikaanse Studente (PAKSAS) onder leiding van Donnie Reitz tot stand gekom met die doel om al die splinteraksies wat die konserwatiewe gedagte ondersteun, saam te snoer.<sup>267</sup>

Wat egter terug in 1975 met betrekking tot massabetrokkenheid beleef is, was die resultaat van maandelange aktiwiteite deur die SR wat daarop uitgeloop het dat 'n gesonder kommunikasiewyse tussen die SR,<sup>268</sup> die huiskomites en die studentemassa op allerlei wyses bewerkstellig is.<sup>269</sup> So byvoorbeeld is al twintig mans- en dameskoshuise op 'n individuele basis deur die SR besoek. Die Wapad het vir die eerste keer weekliks verskyn<sup>270</sup> om ook op hierdie wyse die kommunikasie aan die PUK te verbeter. Die welbekende Tiep van Schaik ('n lid van die Van Schaik-uitgewersfamilie) was in 1974 in die hoofredakteurstoel.<sup>271</sup> Verdere pogings om die kommunikasie te verbeter was die feit dat SR-notules gereeld na die onderskeie koshuise gestuur is asook die aanbring daarvan op kennisgewingsborde. Twee Studenteradskantore is aangebou en 'n derde sekretariesse deur die SR in diens geneem. 'n Spesiale lokaal is ook vir die dorpsstudente bekom.<sup>272</sup>



*Tiep van Schaik as Die Wapad-redakteur, 1974  
(Bron: PUK-Argief)*

Ander veranderinge wat 'n groter massadeelname verseker het, was die gewysigde stemregkwalifikasies<sup>273</sup> en die gebruik van Die Wapad as mondstuksel om verslag oor SR-vergaderings te doen.<sup>274</sup> Mettertyd is selfs halfjaar-

lkse verslae van elke Dagbestuurslid gepubliseer sodat die studente self kon oordeel of SR-lede suksesvol was in die uitvoering van hulle verpligtinge.<sup>275</sup> Onder sommige studente het van 1977 af wel kommer bestaan dat die SR-verkiesings al meer geneig het om polities-gerigte verkiesings te word, en bekwame leierskap tot voordeel van 'n beter georganiseerde studentegemeenskap minder prominent was.<sup>276</sup> Nog geheime aksies benewens die bestaandes is gestig om veral die verskeidenheid van studentebehoeftes op die kampus te beklemtoon en die SR "op hul tone te hou". Hierdie organisasies sluit in: Behou ons Karakter (BOK), die Studente Aksiekomitee (SAK)<sup>277</sup> en PRO-PATRIA wat glo ver regs was in hule uitkyk.<sup>278</sup> Dan was daar ook die ORPS (Organisasie vir Realistiese Puk-Studente) wat soos die POPS hulle daarvoor beywer het dat daar groter soepelheid oor kleredragriglyne moes wees.<sup>279</sup> As gevolg van frustrasies oor voorskrifte dat denims nie mag gedra word nie, die dekadelong verbod op dans en die ignorering van die massa se standpunte hieroor is 'n monstervergadering<sup>280</sup> vir die eerste keer in jare aangevra.<sup>281</sup> Nouer skakeling is versoek.<sup>282</sup>

So aktief as wat die studente tot 1978 was, so bedroewend was hul deelname van 1979 tot 1981. Buiten dat individue aan universiteite landswyd hulle affiliasie met die ASB beëindig het, was die bywoning van massavergaderings as 'n klaaglike mislukking bestempel.<sup>283</sup>

- 'n Sekretariaat vir die Vaaldriehoekkampus geskep**

Studente by die buitemuurse afdeling van die Vaalriviertak van die PUK<sup>284</sup> te Vanderbijlpark het in 1972 die behoeft gevoel om 'n eie, uniek georganiseerde studentelewe aldaar te begin. Die SR het, nadat hulle 'n massavergadering aldaar bygewoon het, gehelp met die stigting van 'n sekretariaat,<sup>285</sup> bestaande uit drie lede. Riglyne is opgestel om 'n gesonde skakelingsproses tussen die SR van Potchefstroom en die Vaalriviertak-sekretariaat te verseker.<sup>286</sup> Klaarblyklik is heelwat tyd tot 1977 nog spandeer aan die opleiding van die Sekretariaat<sup>287</sup> voordat die SR van die Vaaldriehoekkampus mettertyd behoorlik selfstandig gefunksioneer het.

- Die stem van damestudente al meer hoorbaar**

Met net soveel meer geleenthede binne die nuwe SR-konstitusie en die aangekondigde diversiteit én openheid, kon dit sekerlik nie anders as dat PUK-dames een of ander tyd uit hulle beperkte bestuurskarakter moes klim nie.<sup>288</sup> 'n Handvol dames het nog teen die middel van die sewentigerjare op die bestuur van byvoorbeeld die KVV, die SSB<sup>289</sup> en die ABKK gedien. Dan was daar darem nog som-

tyds sekretariële posisie van die SR as troosprys. In 1974 is 'n Dameskomitee gestig onder die patronaatskap van die SR met Paul Krüger as voorsitter. Die doelwit hiermee was om onder meer damestudente te aktiveer en te ondersteun in die ontwikkeling van hulle leiersvaardighede.<sup>290</sup> Die daarstelling van die gemelde Administratiewe Raad in 1975 volgens die nuwe grondwet het minstens toegelaat dat 'n pos vir 'n dame op die SR geskep is.<sup>291</sup> Hanli Pasch, die Voorsitter van die damesorganisasie Aster, is in Oktober dié jaar as die damesverteenvoerdiger op die SR aangewys<sup>292</sup> en nie verkies nie. Aster het ook 'n gereelde rubriek in Die Wapad gehad om die behoeftes van dames en die prestasies van spesifieke dames van tyd tot tyd uit te lig.<sup>293</sup>

In die daaropvolgende paar jaar is die "aanwysing" van 'n dame op die SR onderhewig gestel aan die vereiste dat daar 'n "gesikte kandidaat" moes wees. Hierdie reëling het die dames nie verhinder om vir sommige van die SR-portefeuilles in aanmerking te kom nie. So byvoorbeeld berig Die Wapad in Augustus 1975 dat Theuns Eloff as SR-ondervoorsitter verkies is, maar dat hy tydens die verkiesing sterk teenstand ondervind van die ondersteuners van me. Ineke Lindhout wat ook 'n kandidaat vir dieselfde portefeuilje was. 'n Kommunikasiestudent, Dalene Delport, het haar in die 1976-verkiesing beskikbaar gestel as moontlike toekomstige SR-ondervoorsitter.<sup>294</sup> Weer eens was hierdie "aanslag" nie suksesvol nie, en dit was slegs Ilse Kuun wat as een van die twee Kos huisraadverteenvoerdigers verkies is.<sup>295</sup> In 1977 het Isabel Hoogenboezem, Helena Stoker, Christiena Pelser, Erina du Toit en Wilna-Marié Fondse hulle as potensiële bestuursverteenvoerdigers in verskillende SR-rade beskikbaar gestel.<sup>296</sup> Helena Stoker was die enigste dame om genoeg stemme te trek vir 'n portefeuilje in Opleiding vir die termyn 1977-1978.<sup>297</sup> Andersins was die dames se aandeel betreklik beskeie en was hulle net die stilte krag agter al



*Helena Stoker in die portefeuilje Opleiding, 1977-1978  
(Bron: PUK-Argief)*

die SR-rade se administratiewe korps as sekretariesse.<sup>298</sup> Leenster Pasch is in 1978 as lid van die Administratiewe Raad “aangewys”.<sup>299</sup> Alhoewel hierdie reëling aangaande die aanwys van ‘n kandidaat sekerlik nie die mees gewenste was nie, was dit ‘n begin om Puk-dames meer bewus te maak van hulle bestuursregte en -verantwoordelikhede. ‘n Paar dames het hierdie verantwoordelikheid in 1978 prakties probeer implementeer. Gedurende die verkiesing in Augustus 1978 het vier dames hulle vir die SR-verkiesing beskikbaar gestel. Drie is toe op die koop toe verkies<sup>300</sup> as Administratiewe Raadslede (Leenster Pasch en Anne-Marie Jacobs) en een as ‘n Kos huisraadslid (Magdel van der Walt).<sup>301</sup> In 1978 was die teenwoordigheid van dames op die SR heel opmerklik; tog het hulle weer in 1979 in hulle afwesigheid geskitter. Irma Jansen van Rensburg het wel vir ‘n bietjie andersheid in die SR gesorg toe sy, na ‘n nietig verklaarde tussenverkiesing vir die Akademiese Raad, in Maart 1980 onbestrede as nuwe Voorsitter van die Akademiese Raad verkies is.<sup>302</sup> Nie een dame het vir die SR-termyn 1980-1981 na vore getree nie. Die 18 SR-lede was almal manstudente.<sup>303</sup> Twee dames, Hendrika Coetzee en weer Irma Jansen van Rensburg, het hulle wel vir die 1981-1982-verkiesing beskikbaar gestel.<sup>304</sup>


#### • Eksterne skakeling

Die sewentigerjare sal onthou word vir die kortstondige debat oor moontlike samewerking met die National Federation of South African Students (NAFSA),<sup>305</sup> die rimplings wat die VU-PU-verhoudinge gemaak het, sowel as die prominensie van PUK-leiers binne die ASB-bestuur in ‘n dekade van verdere vrae oor die fokus van die ASB.

- **Die PUK-VU-debat raak die studente van albei kampusse**

In baie opsigte het die standpunte en perspektiewe van die Universiteit ook ‘n uitwerking gehad op die status en eksterne debatte van die PUK-SR. Meningsverskille tussen die Vrije Universiteit en die PU vir CHO vanaf die vroeë sewentigerjare oor veral die interpretasie van en die vereenselwiging met apartheid binne ‘n Christelike konteks, het ook ‘n eie gesprek onder die studente van hierdie twee kampusse tot gevolg gehad. Pieter Mulder<sup>306</sup> het die SR-voorsitterskap beklee toe die PUK-VU-debat sy hoogtepunt bereik het. In ‘n meningsuitruiling tussen die VU-studenteblad Pharetra, met Die Wapad het die PUK-SR hul standpunt oor apartheid, in die woorde van die Voorsitter, Pieter Mulder, só verwoord: “Die VU verwag van die PU vir CHO ‘n afwyding of goedkeuring van apartheid waarvolgens die VU sy verdere optrede sal bepaal. Tog is dit nie vir die studente van die PU vir CHO moontlik om apartheid slegs met ‘n enkele woord af te keur of goed te keur nie. Op die Universiteitskampus self bestaan daar naas drie politieke partye, ook ‘n groot verskeidenheid menings en sienings oor apartheid ...”

Die Studenteraad van die PU vir CHO, wat ook verskeie sienings verteenwoordig, steun sekere aspekte van apartheid terwyl dit weer akademies-krities staan teenoor ander. As sekere aspekte van apartheid werklik gebaseer sou wees op die beginsel van bevorregting en oorheersing van een volk oor ander volkere wat hierdie subkontinent bewoon, dan sou dit inderdaad die plig van die studenteraad van die PU vir CHO wees om, in gehoorsaamheid aan sy roeping as studenteraad van ‘n Christelike uni-



Drie dames op die bestuur van die SR van 1978-1979: Leenster Pasch, Anne-Marie Jacobs en Magdel van der Walt  
(Bron: PUK-Argief)

# .Weg MET HET Verdrag! S.R.V.U.

Het verdrag tussen de VU en de universiteit van Potchefstroom komt opnieuw ter sprake in de universiteitsraad. Een vorig jaar April genomen besluit om het verdrag niet te verbreken, maar wel daarnaast kontakten aan te knopen met een universiteit voor de zwarte bevolking, bleek onuitvoerbaar. In een situatie als in Zuid Afrika, waar de tegenstellingen zich verscherpen voldoet alleen een ondubbelzinnige stellingname aan de kant van de zwarte bevolking. En deze impliqueerd verbreken van het verdrag.

Het uit '58 daterende verdrag is sinds '69 de inzet geweest van felle diskussies en protesten. Daartoe was dan ook alle reden. De universiteit van Potchefstroom draagt een rascisties karakter. De mensen die daar studeren en doceren zijn zonder uitzondering blank en voorstander van het mensonterende apartheidssysteem. Zelfs de studenten organisatie staat het racisme voor en de wetenschap die in Potchefstroom bedreven wordt verdedigd de apartheid.

Het verdrag past uitstekend in de z.g. 'uitwaardse politiek' van het Voster bewind. Deze vorm van buitenlandse politiek, die we ook van andere diktoriale regims kennen (denk aan Griekenland), is gericht op het verwerven van internationale kontakten en erkenning. Op deze wijze proberen dergelijke diktaturen hun binnenlandse positie te versterken. De geop rechtse konfessionelen aan de top van de VU, die vanaf '69 het verdrag met hand en tand verdedigen, steunen hiermee de blanke minderheid in Zuid Afrika en hun apartheidspolitiek.

Mu de Universiteitsraad zich opnieuw moet uitspreken over het verdrag, omdat de kie. voor de buitenlandse betrekkinne niet wist wat zij met het dubbelzinnige besluit van vorig jaar April aanmoest, bestaat er een nieuwe kans dat er een einde komt aan het verdrag. De PKV heeft een voorstel ingediend om het verdrag te verbreken. Vanuit de gehele universiteit wordt steeds sterker aangedrongen op verbreken van het verdrag. De open brief van de Potchefstroom werkgroep van de DRVU (zie ad valvas van 3 dec.) werd door reeds talloze stafleden en 10 fakulteitsverenigingen ondertekend. In de fakulteitsraad soc. geogr. is met de grootst moeilijke meerderheid een motie aangenomen, waarin er bij de UR op aangedrongen wordt het verdrag te verbreken.

De Potchefstroom werkgroep van de DPVU, de werkgroep Kairos, de zuidelijk Afrika werkgroep A'dam(SSPA) en de SRVU organiseren een protest vergadering tegen het verdrag. We roepen iedereen op om daar te pleiten voor verbreken van het verdrag met de rascistiese universiteit van Potchefstroom.

## kom naar de protestvergadering

SPREKER: Esau du Plessis

'n Dokument goedgekeur deur die SR van die VU waarin studente van hierdie universiteit opgeroep word om 'n protestvergadering by te woon op Dinsdag 15 Januarie, ca. 1971  
(Bron: VU-Argeif, SR-stukke, VU-PU-verhoudinge, 1954-1974 )

versiteit, so 'n stelsel ten sterkste te veroordeel... "307 Veel meer gedagtes is verder tussen die studenterade van albei kampusse geruil, wat by albei studenteliggome soms frustrasie gewek het. Hierdie frustrasie het vir die twee studenterade, soos ook vir albei universiteitsowerhede, in daardie stadium nie 'n gelukkige einde gehad nie.

- PUK-studenteleiers as steunpilaar en as struikelblok vir die ASB

In die sewentigerjare het die werkzaamhede van die ASB 'n integrale deel van die uitwaartse beleid van die SR gevorm en die meelewing van die Pukke in leiersposisies was veral kreatief.<sup>308</sup> Die studentemassa was die ASB oënskynlik

aanvanklik goedgesind, maar onkunde oor die taak van die ASB het deurentyd geheers.<sup>309</sup> Daarteenoor was die standpuntverskille tussen die Universiteit van Stellenbosch en die PUK in hierdie tyd groot.<sup>310</sup> Gedurende die sewentiger- en vroeë tagtigerjare het die PUK drie ASB-presidente opgelewer, naamlik Leon Wessels (1971-1973),<sup>311</sup> Marius Schalekamp (1975-1976)<sup>312</sup> en Theuns Eloff (1978-1979).<sup>313</sup> Daarby was die vroeëre SR-voorsitter, Pieter Mulder, in 1973 die ASB-visepresident,<sup>314</sup> en Theuns Eloff voor sy presidentskap 'n addisionele lid van die ASB-dagbestuur.<sup>315</sup>

'n Behoefte aan skakeling met anderstalige universiteite was steeds daarop gerig om 'n beter verstandhouding tussen Afrikaanse en Engelse studente te bewerkstellig.<sup>316</sup> Soos voorheen was die sukses beperk en veral te wye aan standpuntverskille<sup>317</sup> van groepe en universiteite onderling teenoor veral die handelswyse van die toenmalige regering. 'n Gebrek aan vertroue tussen universiteite onderling het waarskynlik ook baie goed bedoelde bymekaarkomgeleenthede vertroebel of laat sneuwel en die PUK-SR was nie noodwendig altyd gevrywaar van aandadigheid in die frusrasies wat beleef is nie.<sup>318</sup>

'n Bilaterale skakelingsproses (dus skakeling tussen studenteraade van verskillende taalgroepe) is in 1974 deur die ASB-bestuur aangemoedig.<sup>319</sup> As vereiste vir gesonde skakeling is gestel dat enige organisasie verteenwoordigend van sy studente en lojaal aan Suid-Afrika moet wees, maar nie noodwendig regeringsbeleid hoof te ondersteun nie. Vandaar dat NUSAS jare lank 'n koue skouer gekry het en die nuut maar kortstondige South African Federation of English Students (SAFES) in 1976 deur die ASB verwelkom is as 'n potensiële bondgenoot.<sup>320</sup> Hierdie tydelike hoop op skakeling het egter nie die jarelange kloof tussen die histories Afrikaanse en Engelse universiteite oornag ongedaan gemaak nie.<sup>321</sup> 'n Poging is wel aangewend om SR-voorsitterskonferensies op 'n jaarlike basis tussen alle blanke universiteite te hou. Teen 1977 is die derde konferensie van sy soort op die kampus van die Universiteit van die Witwatersrand aangebied.<sup>322</sup> Hiertydens is die Modern Conservative Students Movement (MCSM) vir die studente van Wits gedurende dieselfde jaar gestig.<sup>323</sup> Dit is vanuit hierdie skakelingsproses dat groter samewerking tussen universiteite verkry is.<sup>324</sup> 'n Konferensie van NUSAS in 1979 is selfs deur die PUK en ander Afrikaanstalige universiteite se studenteraadslede bygewoon, maar weliswaar nie in hulle hoedanigheid as ASB-lede nie.<sup>325</sup> 'n Meer konstruktiewe dialoog tussen die ASB en NUSAS het wel kort hierna plaasgevind<sup>326</sup> - waarskynlik die naaste vorm van samewerking tussen hierdie twee organisasies as ooit enige tyd in die verlede.

Binne die breë PUK-massa was die rol en posisie van die ASB nie sonder meer besing nie. Aanklagte van tyd tot tyd was dat Afrikaanse studente binne die ASB te kortsigtig is en graag "terugval op Afrikaanse en Calvinistiese cliché's";

verder ook dat Afrikaanse studente akademies die luiste is en almal uitput "met dinge soos lewens- en wêreldbeskouing wat tog geen verband hou met ons werklike probleme nie".<sup>327</sup> Teen 1973 was die aanspraak weer, met Leon Wessels steeds in die voorsitterstoel en na afloop van 'n herstrukturieringsproses van die ASB, dat die nuwe ASB dinamies en progressief is,<sup>328</sup> maar ook dat die ASB-stem tipies dit is van "his master's voice".<sup>329</sup> Die aanvanklike inisiatief in die debat oor die Wet op Gemengde Huwelike en die Ontugwet,<sup>330</sup> maar gevvolg deur 'n aanvanklike swye van die ASB en PUK-SR oor die Ontugwet en die regering se hantering van die Informele Kruispadbehuisingsprobleem in 1979 was waarskynlik hiervan voorbeeldie.<sup>331</sup> Studente van geaffilieerde universiteite het ook laat gedurende die sewentigerjare die geleentheid gekry om hulle affiliasie van die ASB op te hef. Teen 1980 is berig dat 'n groot aantal studente hul lidmaatskap van die ASB nietig verklaar het vanweë die oordrewe klem wat die ASB op politiek geplaas het, in plaas daarvan om primêr te funksioneer as kultuurorganisasie.<sup>332</sup> 'n Vraag waaroor al die Pukke, wat gedurende die sewentigerjare ook ASB-presidente was, hulle sekerlik sou moes verantwoord, was of hulle as ASB-presidente van hierdie dekade nie te veel aangegrep was deur die landsomstandighede en sodoende die groter doel van die ASB ondergeskik gemaak het aan meer politiese belang nie. Sommige voorsitters was wel van mening dat die ASB 'n politieke taak het.<sup>333</sup>

In 1980 is die 32ste Bondskongres van die ASB in Potchefstroom gehou. Hiertydens is aan die organisasie Polstu (Politieke Studente-organisasie van Suid-Afrika) lewe gegee deur die Voorsitter van die PUK-SR, Jan-Louis du Plooy, as Voorsitter van die Interimkomitee wat die aanvoerwerk vir die ampelike stigting moes doen. Die bedoeling was om as 'n politieke organisasie selfstandig van die ASB te funksioneer omdat die ASB, wat hoofsaaklik op kultuurbelange en -eenheid moes fokus, se standpunt te verwaterd geraak het.<sup>334</sup>

Die enigste drie geslaagde akademiese konferensies wat die ASB gedurende die sewentigerjare aangebied het, is al drie deur die PU vir CHO georganiseer. Ander skakeling wat deur lede van die SR gedurende die sewentigerjare onderneem is, was die Jeugkongres te Bloemfontein,<sup>335</sup> die Studentedienskonferensie en die Dagstudentekonferensie. Voorsitters van die SR het ook jaarliks die Studenteraadvorsitterskonferensie bygewoon. 'n Afvaardiging van die SR het 'n studenteraadskonferensie in Stellenbosch bygewoon waar skakeling plaasgevind het tussen al die Engels- en Afrikaanstalige kampusse.<sup>336</sup> Dit was die eerste sodanige skakelingspoging sedert 1972 en die konferensie het na 'n versigtige en wankelrike begin gegroei tot 'n baie groot geleentheid wat die belofte van groter kontak en samewerking ingehou het. Hierdie konferensie het geleei tot 'n beter begrip en verstandhouding, asook meer kennis by die studenteleiers oor verskille in standpunte.<sup>337</sup>



Die Hoofgebou van die Universiteit van Bophuthatswana,  
1981  
(Bron: PUK-Argief)

- Ander sake
- Meer politiek op die kampus

In vele opsigte kan die sewentigerjare ook beskou word as die dekade van politieke ontwaking van die Afrikaanse student in die breë. Op die PUK-kampus was daar 'n minderheid studente wat jare lank voorgeloop het binne die organisatoriese struktuur van byvoorbeeld die ASB. Dit was egter ook al, want skakeling met ander taal- en kleurgroepe was alles behalwe op 'n gesonde grondslag. In 1970 is pertinent aan hierdie behoeftreën aandag gegee toe die Polities-Nasionale Bestuur (PNB) as een van die ses hoofliggame van die PUK-SR gevestig is. 'n Studiemassa van 88% het belangstelling in die politiek in 'n vraelys laat blyk, maar het in die praktiese uitvoer daarvan die PNB-bestuur die leiding laat neem.<sup>338</sup> Binne die programvergaderings van die PNB is etlike prominente sprekers genooi om die studente toe te spreek. Te oordel aan die gereelde volbladberigte in Die Wapad, getiteld PNB-Wapad, was hierdie Bestuur besonder aktief.<sup>339</sup> In 1975 is die benaming van die PNB gewysig na Politiese Raad (kyk Afdeling 7.2). Die snel groeiende politieke onsekerhede en omstredenhede buite die grense van die Universiteit was waarskynlik die aanleidende rede vir die pogings om in hierdie behoeftreën te voorsien.<sup>340</sup>

Ondertussen is die tweetalige en Christelik-gefundeerde Loog as tydskrif binne die strukture van die Departement Politieke Wetenskappe begin.<sup>341</sup> Politica (later Politika) as vereniging was dikwels ook aktief met uitreiking na ander groepe in die land of debatvoering oor aktuele sake waaroor hulle meer inligting verlang het.<sup>342</sup> 'n Studentekonfe-

rensie is in 1978 deur die PUK-Akademiese Raad aangebied wat belanggroepes oor kultuurgrense heen getrek het.<sup>343</sup> In 1979 het die PU-studenteparlement ook sy buiging gemaak en selfs oor die wenslikheid van partypolitiek op die kampus gedebatteer.<sup>344</sup> Ook het hierdie Studenteparlement die ASB aangemoedig om kleurlingstudente by dié kultuurgedreve organisasie te laat inskakel. Dit was onder meer die uitgetrede SR-voorsitter, Theuns Eloff, asook Corné Mulder wat by die Studenteparlement betrokke was, wat dit soms as platform gebruik het om polities-kritiese versoekes soos dié oor die kleurlinge aan die ASB te rig.<sup>345</sup>

Teen die nuwe nasionale organisasie Polstu, wat vanaf 1980 aktief was, moes die SR ook standpunt inneem.<sup>346</sup> Tydens 'n vergadering op 12 Augustus 1980 het die PUK-massa hulself egter gedistansieer van Polstu se vertrekpunte, oogmerke en implikasies, maar die rol van individue op die PUK daarin erken. Mettertyd is selfs 'n plaaslike Polstu-tak geakkommodeer.<sup>347</sup> Met die toenemende waarneembareheid van politieke partye op die kampus het die SR in Maart 1981 'n mosie aanvaar waarin voorwaardes gestel is aan enige party wat die kampus besoek. Hierdie vereistes het gehandel oor uitteenlopende sake - van die logistieke reëlings, opruiming, lokale en tye tot die goedkeuring van gesprekstemas.<sup>348</sup>

- *Pukke dra by tot 'n fonds vir 'n universiteit in Bophuthatswana*

Met meer swart tuislande binne die grense van Suid-Afrika wat gevestig is volgens die regeringsbeleid van daardie tyd, was Bophuthatswana gedurende die sewentigerjare in 'n proses na onafhanklikheidswording. In die lig van verwikkeling, en om 'n hand van vriendskap na die nuwe tuisland te reik, het die PUK-SR in 1972 'n bedrag van R1 000 geskenk "ter stywing van die universiteitsfonds van die Tswana-volk"<sup>349</sup> - destyds min wetende dat hierdie Universiteit in 2004 met die PUK sou amalgameer om een groter tersiêre bestuurstruktuur vir die provinsie te vorm.<sup>350</sup>

Die SR was sedertdien deurlopend op 'n verskeidenheid terreine betrokke om ondersteuning te bied.<sup>351</sup> Korps Veritas het ook gedurende hierdie jare projekte in Bophuthatswana aangepak om hulp te verleen.<sup>352</sup>

- *Kleurbaadjie en PUK-kleure*

Na twee jaar se intensieve ondersoek, wat selfs onder oudstudente geloods is, is in 1971 besluit om die amptelike PUK-kleurbaadjie te verander.<sup>353</sup> 'n Nuwe kleurbaadjie-eksamen is ook ingestel.<sup>354</sup> In 1972 het die nuwe

effekleurige wynrooi dames- en mansuniversiteitsbaadjie 'n werklikheid geword. Dit het die PUK-baadjie wat vir 47 jaar vereenselwig is met die PUK, vervang. Klaarblyklik het die kleure wynrooi, ougoud en wit wat deel was van die ou PUK-baadjie geen besondere simboliek gehad nie. Om egter al drie kleure in 'n nuwe baadjie te akkommodeer, is die ougoud en wit op die wapen aangebring. Aan studente met verdienstelike prestasies in die akademie en in sport is die voorreg gegun om 'n PUK-baadjie te kry.<sup>355</sup> 'n Begin is ook gemaak met die standaardisering van die PUK-kleure ten opsigte van alle sportdrag en gradeplegtigheidsdrag.<sup>356</sup> 'n Stelsel om akademiese vakgroepes uit te ken deur 'n onderskeidende balkie te dra is byvoorbeeld ingestel. Korps Veritas was die eerste SR-vereniging om 'n lapelwapentjie as identifiseermedium te gebruik. Voorts is 'n nuwe kampustrui gedurende 1975 goedgekeur.<sup>357</sup> In 1978 is die behoefté aan 'n PUK-das ook deur oud-Pukke aan die SR deurgegee.<sup>358</sup>

- ***Die sage van kleredragvoorskrifte en krapperighede***

Dit is opvallend dat die SR van die sewentigerjare strenger beheer ten opsigte van kleredrag probeer uitoefen het. Veral die dra van plakkies, klinknaelbroeke en kortbroeke na lesings is ten sterkste afgekeur.<sup>359</sup> Die aanvanklike behoefté aan strenger maatreëls in hierdie dekade het waarskynlik voortgespruit uit modekwessies soos die volgende: behoort kort rokke en rompe toegelaat te word;<sup>360</sup> watter riglyn moet geld vir die dra van gestreepte kniekouse<sup>361</sup> en langbroekpakke vir dames? Vanaf 1973 is langbroekpakke vir dames gedurende wintermaande goedgekeur met die tydperk vasgestel vanaf 1 Mei tot 31 Augustus.<sup>362</sup> Selfs die kwessie van haarlengte en kapsels, as dit gelei het tot "minder duidelike verskille" tussen mans en dames, is ook geopper.<sup>363</sup> Laasgenoemde kwessie het in 1975 'n wending geneem toe die SR na 'n "harekloof"-vergadering besluit het dat die PUK weg moet doen met die amptelike voorskrif oor haarlengte - 'n besluit wat eventueel deurgevoer is.<sup>364</sup>

In die sewentigerjare was die manskoshuisstudente ook krapperrig oor die gebruik om baadjies tydens aandetes te dra. Dit was 'n lank staande reël wat, so is gesê, om "godsdienstredes" nodig is, veral tydens huisgodsdienste. Die mans kon seker terug wonder waarom die dames dan nie hoede moet opsit vir dieselfde geleenthed nie. Wat die mans betref, was hierdie tradisie uitgedien.<sup>365</sup> 'n Ontvrede damestudent het haar indrukke oor die streng klerevoorskrifte in koshuise so weergegee: "Sondagmiddag-ete ... uitgevat in jou beste Sondagklere en jou sleep in sy kerkpak moet daar ewe bedroef by 'n tafeldoeklose tafel aangesit word. Teen

gebarste plastiese koppies, gebreekte plastiese teel-peeltjies en nie altyd skoon plastiese borde vaskyk ... sweetpakke mag na dese ook nie hulle verskyning maak tydens ontbyt nie. As daar dus nie die oggend klas gedraf word nie ... kan jy dus nie gaan eet nie, tensy jy bereid is om 7-uur op te staan en jou sykouse aan te trek (dit word winter), te grimeer en rok aan te trek ..."<sup>366</sup> 'n Manstudent het ook 'n lang betoog aan die redakteur van *Die Wapad* oor kleredrag gerig en afgesluit deur te sê: "Ek wil graag beklemtoon dat ek nie pleit vir onoorspronklike, verbeeldinglose kleredrag nie. Sonder verlies hiervan kan egter net gewen word deur das en baadjie minstens in die somer weg te gooi [sekerlik dan in koshuise aangesien die baadjiereël vir klasdraf reeds in die sestigerjare gewysig is]. Waarvoor ek pleit is soberheid en nugterheid ... Kom ons word in ons kleredrag met daadkrag deel van Afrika!"<sup>367</sup>


Sy betoog was waarskynlik na aanleiding van die besonder streng Koshuisraad se verwerving van die mans se voorstel in 1976 dat baadjies nie meer met aandetes na die eetsaal gedra hoef te word nie.<sup>368</sup> Dit sou inderdaad nog 'n tydjie neem voordat Suid-Afrikaners, wat hulle kleredrag betref, meer bereid sou wees om hulle verbintenis met Afrika sigbaar te maak.

Nuwe kleredragriglyne is in Junie 1977 goedgekeur.<sup>369</sup> 'n Advieskomitee oor Studentevoorkoms wat aan die rektor verslag gedoen het, het toegesien dat dié kleredragriglyne min of meer nagekom word. Die SR-voorsitter, Theuns Eloff, was van oordeel dat dié reëls teen 1979 redelik streng toegepas is. Hy het egter gekla dat "mansstudente se broeke vuil en verbleik is, ... dat sommiges verslete sportskoene dra... en hier en daar 'n dame [is] wat beter in haar huidige langbroek sal lyk nadat sy tien kilogram verloor het ..."<sup>370</sup> Die Voorsitter het nie met laasgenoemde opmerking (en skynbaar 'n gereelde opmerking van hom) weggekom nie.<sup>371</sup> Wat egter uit die kleredragkwessie van 1979 voortgespruit het, was strenger kontrole. 'n SR-besluit oor kleredrag wat 'n omstredenheid tot gevolg gehad het en nie noodwendig altyd die PUK-owerheid se sentiment verteenwoordig het nie,<sup>372</sup> was die verbod op die dra van denims voor 1978. Sedertdien is die dra van denims goedgekeur (wat interessant is, is dat hierdie besluit 'n kortkop na dié van die Universiteit Pretoria was, en aansienlik vroeër as in die geval van Randse Afrikaanse Universiteit).

Dan was daar ook die hantering van 'n mosie van die Koshuisraad oor die Pukkies (die PUK-trompoppies)<sup>373</sup> en die hele kwessie oor dans op die PUK.<sup>374</sup>



Modegiere, 1971  
(Bron: PUK-Archief {Piet Fotokuns-versameling})



## 2.10 Dans en seksualiteit

Van de Velde (1977, p.153) neem alle twyfel oor die diepste motief van die sosiale paardans weg as hy beweer dat dans die ideale vorm van die voorspel tot die geslagsdaad is. Hy sê in sy bespreking van die liefdespel wat aan die geslagsdaad voorafgaan: "Verder wil ek op die dans wys, wat by beskaafde mense nou wel 'n deel van sy oer-seksuele betekenis verloor het maar tog selfs in ons tyd en ons gemeenskap 'n sterk erotiese prikkelingsvermoë besit. Hierby dink ek allereers aan sekere volksdanse, o.a. van die Russe, die Sisiliane en Tirolers, waar die karakter as lokdanse baie duidelik blyk. Hulle uitwerking berus nie net op betekenisvolle gebaretaal nie, maar ook op gesigsindrukke van beweging en gehoorsindrukke van musikale aard, en veral op 'n kombinasie van die laasgenoemde twee wat in die ritme tot uiting kom".

Hierdie sterk seksuele inslag van die sosiale paardans in die algemeen het in die eietydse dans in uiterste gevalle daartoe ontwikkel dat dans nie net meer 'n ideale voorspel vir die geslagsdaad of 'n nabootsing van die geslagsdaad is nie maar, soos verder in hierdie studie sal blyk, soms 'n daadwerklike belewenis van die geslagsdaad self is.

### Jannas en Kie kry die groenlig, 1978

Die formele aanvaarding van die blou denimlangbroek as deel van die PUK-student se klerekasuitrusting in 1978 was die begin van 'n nuwe era vir kleredrag aan die PUK, al was dit - soos uit die voorafgaande proses blyk - net vir saans en elders op die dorp buite die kampus-gesigsveld bestem. Sommige akademici is selfs as "sedebewakers" benoem om 'n ogie te hou dat dié en talle ander klereriglyne ordelik nagekom word.<sup>375</sup> 'n Meer toegeeflike benadering van studentekleredrag is vanaf die tagtigerjare gevvolg ... en dasse het eventueel stil-stil van die toneel af verdwyn.



*Links bo: "Tromdoedies" van 1957 onder die vaandel van die "Begrafnis van die Akademie" Regs bo: Die PUK se trots - die trompoppies in 1987 as nasionale wenners van die Suid-Afrikaanse binnemuurse kampioenskappe in die tersi re milit re afdeling (Bron: PUK-Argief)*

### Rokkies wil hulle dra ...

Die stof het in 1975 nog skaars gaan lê oor die instelling van Karnavaldoedies<sup>376</sup> in die vroe  sewentigerjare toe die SR van 1976 sy volle steun aan die Karnavalkomitee gegee het vir die optrede van die PUK-trompoppies tydens 'n karnaval na 'n aanvanklike huiwering oor die finansi le implikasies daarvan.<sup>377</sup> Hulle het in beginsel die optrede van die trompoppies goedgekeur met dien verstande dat 'n eie PUK-karakter daaraan gegee moet word.<sup>378</sup> 'n Kommissie is uit die SR benoem om ondersoek in te stel na kleredragriglyne aan die PUK en om moontlike nuwe aanbevelings te doen.<sup>379</sup> Drie jaar na die amptelike goedkeuring dat die PUK trompoppies (Pukkies) kan h , het die Studenteraad van 1978 hul patronaatskap van die groep op 'n omstrede wyse opgehef. Die rede vir hierdie besluit was skynbaar die trompoppies se kort rokkies, ontwerp deur 'n bekende plaaslike mode-ontwerper, Cronj  Lemmer. Om die korter rokkie, as gevvolg van 'n skynbare snyfout, se gebrek aan lengte te verdoesel en eenvormigheid tussen al die roklengthes te verkry, is tossels aan elke rokkie se soom gewerk. Nogtans het die SR hul patronaatskap kort na 20 Mei 1978 opgehef na die trompoppies se optrede op Ol npark - 'n vertoning wat heelwat toeskouers o enskynlik waardeer het, maar wat sommige na mosies en petisies laat gryp het.

Die Kosuisraad was die eerste om oor di  "uitlokkende kleredrag" te kla, waarna die SR sonder meer hul patronaatskap van die trompoppies opgehef het. Op sy beurt het die frustrasie uitgekring na die Kultuurraad wat as outonome liggaam ook "pa" gestaan het vir die trompoppies en bitter ongelukkig was omdat die SR hulle nooit in die saak geraadpleeg het nie, asook omdat die Kosuisraad sy taakverpligting oorskry het.<sup>380</sup> 'n Kommissie het sagter met die skonere geslag gewerk en die Studenteraad versoek om hul besluit te heroorweeg. Terselfdertyd het die Kommissie ook heelwat aanbevelings aan die Pukkies gemaak, waaronder behoorliker afrigting, gereelde bywoning van oefensessies asook 'n deegliker kennisname van die Pukkie-grondwet.<sup>381</sup> Kort na die Kommissieverslag<sup>382</sup> was die SR bereid om hulle besluit te herroep. Nodeloos om te wonder of hierdie nuus net plaaslik die koerante gehaal het. Die meeste nasionale koerante het daaroor berig - party net minder vleiend teenoor die Studenteraad. Een beriggewer het byvoorbeeld na die Studenteraad as "halsstarrige jong ossies" verwys.<sup>383</sup> Wat vreemd opval van hierdie angeleenthed, is die byna terloopse aanvaarding dat byvoorbeeld die netbal- en die korfbaljuffies maar goed kon been wys - selfs jare tevore.<sup>384</sup> Dan was daar ook nog die "hoepeldoedies" van 1970 ...<sup>385</sup> In 1978 het die Studentekoorkomskomitee en die Studenteraad dit goed gedink om, seker maar in die lig van al die voorafgaande gebeure, die voorkomsregulasies te hersien "in die lig van 'Christelike norme' en die 'Bybel as Rigsnoer'".<sup>386</sup> Die volgende is (veral gerig op die dames) vereis:

"'n Somerrok of bostuk moet albei kante skouerbandjies h  met 'n breedte van minstens een cm. 'n Rok [waarskynlik word bedoel die bodeel van 'n rok] of bostuk mag nie laer as die armholte wees nie. Geen denimbroek op 'n Sondag

nie en verkieslik glad nie ‘n langbroek nie. Denimbroeke mag nie Maandae tot Vrydae gedurende die dag op die kampus gedra word nie, vir watter rede die student ook al die kampus besoek. Dit geld vanaf 7h30 tot aandete...”<sup>387</sup> Na die groot herrie oor die rokkies het die PUK-trompoppies van krag tot krag gegaan. In 1987 was hulle ook die nasionale wenners van die Suid-Afrikaanse binnemuurse kampioenskappe in die tersiêre militêre afdeling.<sup>388</sup>

### **Dans en die PUK**

Onder die studente van die tagtigerjare en heelwat verder terug in die PUK-geschiedenis, was die PU vir CHO-beleid oor dans en sy studente se assosiasie daarmee alombekend, só bekend dat wanneer daar “willens en wetens oortree” is, dit nie net die Universiteitsvaders was wat van hulle laat hoor het nie, maar ook die joernalistieke wêreld wat maar nie anders kon as om hulle penne op te neem nie.<sup>389</sup> Van “Ruk en pluk op die PUK”, of waarskynlik die gebrek daaraan, is gepraat - veral as groot geeste betrokke is soos die eertydse Studenteraadsvoorsitter Theuns Eloff (al was dit byvoorbeeld ‘n vrolike geskoffel met sy eie vrou).<sup>390</sup>

- **Wil jy dans?**

Die studentemassa het sedert 1978 besonder baie oor die toelating van dans al dan nie gedebatteer.<sup>391</sup> Tydens ‘n SR-vergadering op 7 Mei 1979 is ‘n besluit geneem om die Raad van die Universiteit te versoek om hulle huidige beleid oor dans te heroorweeg. Die SR het hom bereid verklaar om danse aan te bied met dien verstande dat streng beheer uitgeoefen sal word oor toegang, drankgebruik en klere-drag.<sup>392</sup> ‘n Hewige debat is gevoer tydens ‘n massavergadering wat op 20 Mei plaasgevind het, onder andere oor die ondersoek wat oor dans en ontspanninggeleenthede gedoen is. Die debat is gekenmerk deur ‘n antagonisme van die kant van die studente wat ten gunste van dans was teenoor die minderheidsgroep wat dit teengestaan het.<sup>393</sup> Teen die einde van die Eloff-termyn in 1981 was daar nog geen konkrete antwoord op hierdie kwessie nie.

- **Koshuismoles tussen die Pukke en Pote**

Verhoudinge tussen die PUK en studente van die Potchefstroomse Onderwyskollege (Pote) vroeg gedurende die sewentigerjare was vertroebel. Die aanleidende oorsaak hiervan was die owerhede van albei instansies se ooreenkoms dat sommige van die PUK-studente in die Pote-koshuise gehuisves sal word, aangesien die PUK op ‘n stadium ‘n groot huisvestingsprobleem ondervind het.<sup>394</sup> Die Pote het toe aangevoer dat die studente wat in hulle koshuise tuisgaan, op sportgebied vir die Pote moes deelneem. Toe die PUK dit nie wou toestaan nie, was gemoedere onder die Pote warm, en die PUK-SR het die Universiteit se studente ondersteun en selfs laat blyk dat, indien ‘n konfrontasie volg, die SR nie die PUK-studente sal keer om tot soortgelyke dade oor te gaan nie.<sup>395</sup> Oor die “soortgelyke dade” kan net gewonder word, maar die

uiteinde van die saak was dat die PUK-studente uit die Pote se koshuise gehaal is en hulle in die reeds oorvol PUK-koshuise gehuisves is. Studente het selfs in koshuissitkamers, waar ‘n bed, kas en lessenaar ingedra is, gewoon. Gemeentes is ook versoek om te help met huisvesting. ‘n Groot aantal Pukke het toe vir ‘n jaar by privaatwonings in die dorp geloseer. Die probleem is gedeeltelik opgelos met die huur van die ou Katolieke klooster in Van Riebeeckstraat, wat in 1973 in ‘n manskoshuis omskep is.

- **‘n Studentesentrum - uiteindelik ...**

Na soveel jaar van SR-betrokkenheid om geld in te samel vir die bou van ‘n studentesentrum, het 1978 uiteindelik aangebreek.<sup>396</sup> Aandag is geskenk aan die omwenteling wat die nuwe Studentesentrum in die studentelewe teweeg sou bring.<sup>397</sup> Gedurende hierdie jaar het die SR ‘n verdere bydrae van R20 000 gemaak vir meubels en toerusting vir die Studentesentrum.<sup>398</sup> ‘n Hoogtepunt vir die SR van 1979 was toe sak en pak oorgetrek is na die nuwe kantore van die Hennie Bingle-studentesentrum<sup>399</sup> en toe die amfiteater vir die heel eerste keer tydens die 1979-oriëntering gebruik is.<sup>400</sup>

Nie net die SR nie, maar ook die verskillende verenigings, sportklubs en kultuurliggame wat gereeld van die Sentrum gebruik maak, het gedurende die tweede semester van 1979 op eie inisiatief informele “daknatmaak”-aanbiedinge gereel. Die amptelike ingebruikneming van die Studentesentrum op 1 Maart 1980 is geïntegreer met die Karnaval om groter studenteblootstelling te bewerkstellig.<sup>401</sup> Veral die doelmatige ouditorium met 1 200 sitplekke en gesofistikeerde klank- en beligtingsapparaat, het voorsien in ‘n groot behoeftie van vroeër.<sup>402</sup>

- **Die Studenteburo en Studentegemeenskapsdiens kry beslag**

Om groter klem te plaas op 'n groter mate van gemeenskapsdiens en om die studentelewe op 'n meer gesonde grondslag te plaas, is besluit om 'n nuwe portefeuilje, naamlik Studentediens, in te stel.<sup>403</sup> Ander behoeftes wat as uitvloeisel van hierdie stap op 'n afsonderlike basis hanteer is, terwyl die Studentediens steeds onder SR-toesig 'n diens was wat spesifiek aan studente gelewer is, was onder ander die daarstel van die Studenteburo en die instelling van die Studentegemeenskapsdiens (SGD - later Studente Joolgemeenskapsdiens oftewel SJGD).<sup>404</sup>

Die SGD het in 1978 beslag gekry as 'n unieke vorm van dienslewering na buite.<sup>405</sup> 'n Behoefte by verenigings om gemeenskapsdiens te verrig,<sup>406</sup> het spontaan tot hierdie stap gelei. Die benader-

ing om mense te help om hulself te help, is veral in alle projekte sedert 1978 tot 2004 beklemtoon.<sup>407</sup> Daarteenoor was die rol van die Studenteburo<sup>408</sup> in die studentelewe waardevol deurdat uitstekende hulp verleen is aan die onderskeie studenteliggome. Die swaar las wat deur die georganiseerde studentelewe op studenteleiers geplaas is, is aansienlik verlig deur die ondersteunende rol wat die Studenteburo gebied het.<sup>409</sup>

- **'n Duikweg vir die koshuisbewoners**


Namate meer koshuse oorkant die spoorlyn, wat die Universiteitsgeboue van die studenteverblyffasilitete geskei het, verrys het, het die oprigting van 'n duikweg noodsaaklik geword. Na maande van gesprek met die Departement van Ontwikkeling het die Suid-Afrikaanse Spoorweë in 1970 die groenlig vir die bou van 'n duikweg gegee.<sup>410</sup> Kort daarna is die duikweg versier met allerlei muurtekeninge (kyk Hoofstuk 9).



Gemeenskapsdienslewering deur die SGD (later SJGD) oor dekades heen (Bron: PUK-Argief)



*Personeel van die Studenteburo, 1981 Voor: v.l.n.r. Mee. S.A.P. Rossouw (Sekr.), C. Cloete (Sekr.), prof. B.J. de Klerk (Direkteur), mee. A.J.E. Dupper (snr. Admin. asst.), M.S.F. van der Walt (snr. Admin. beampte) Agter: Mnre. P.S.B. Wessels (Tegniese Bestuurder: Auditorium), J.P. Aucamp (Organiseerder: Bond van Oud-Pukke), M.G. Gibbs (Opvoedkundige Adviseur), H.N. Kotzé (Studente-adviseur: Voorligting), me. S.A.M. Yssel (Sekr.), mnre. A.J. van der Walt (snr. Opvoedkundige Adviseur), H.P. Bülow (Studenteadviseur: Kultuur); J.L. van A. du Preez (Opvoedkundige Adviseur), H.J. Botha (Studenteadviseur: Finansies), Afwesig: Mnr. J.W. Jonker (Organiseerder: Alabama) (Bron: Die Besembos, 1981, p. 8)*



*Die roete vanaf Cachet-stasie terug na die koshuise oor die spoorlyn voor die dae van duikweg, en die voltooiing daarna (hiernaas die ingang van die duikweg) (Bron: PUK-Argief)*

### 7.3.4 Groter bemagtiging en besluitneming in onstuimige tye, 1982-1989


- Oud-Pukke se kinders en kleinkinders op die SR-bestuur

#### Studenteraadsvoorsitters, 1982-1989

<b>1981-1982</b>	<b>F. van Niekerk</b>
<b>1982-1983</b>	<b>L.J. van der Merwe</b>
<b>1983-1984</b>	<b>D.F. du Plessis</b>
<b>1984-1985</b>	<b>H.G. Stoker</b>
<b>1985-1986</b>	<b>P.A. Nel</b>
<b>1986-1987</b>	<b>V.E. d'Assonville</b>
<b>1987-1988</b>	<b>V.E. d'Assonville</b>
<b>1988-1989</b>	<b>V.E. d'Assonville</b>

Frikkie van Niekerk (teen 2004 Viserektor: Tegnologie van die PUK-kampus) was die SR-voorsitter vanaf Augustus 1981. In 'n dekade van onstuimige en veranderende politieke tye het hy die bestuursleisels opgeneem nadat 'n stempersentasie van 58% studente hom hietoe mandaat gegee het.<sup>411</sup> 'n "Nederige" Frikkie, is gesê, maar hy was iemand wat die bestuursrol van dames meer beklemtoon het en gesprek as benaderingswyse gesien het in 'n uitreikpoging na ander bevolkingsgroep.<sup>412</sup> Die steeds groeiende Studentegemeenskapsdiensprojekte van die Pukke was in hierdie periode verblydend.<sup>413</sup> 'n Ander mylpaal in sy tyd as SR-voorsitter was die vestiging van Radio PUK.<sup>414</sup>

Intern beskou, het die vorige jaar se nypende finansiële tekorte stremmend op die 1982-SR se aktiwiteite ingewerk. Van byvoorbeeld die bestaan van SR-voertuie vir gesamentlike gebruik was daar nie meer sprake van nie,



**SR-voorsitters, 1981-1989**  
(Bron: PUK-Archief; Die Wapad, 6 Mrt. 1970, p.1)

en drie voertuie moes verkoop word om 'n besparing van R3 000 per jaar teeweeg te bring. Studente was ontstoke omdat 'n derde van die R60 000 wat vir die 1981-1982-boekjaar toegestaan is, op uitgawes verspil is wat die studentegemeenskap nie direk geraak het nie. Die ASB-affiliasiiegeld, uitgawes aan salaris en 'n toewysing aan die Vaaldriehoekkampus-SR was voorbeeldle hiervan.<sup>415</sup> Ten spyte hiervan is 'n aantal eksterne skakelingsgeleenthede georganiseer waaronder die SR se besoek aan die Universiteit in Bophuthatswana in Maart 1982,<sup>416</sup> en die vorming van 'n verskeidenheid diensorganisasies.<sup>417</sup>

Sekerlik een van die grootste probleme waarmee die studenterade van die tagtigerjare geworrel het, was studente-onbetrokkenheid. Só byvoorbeeld is tweede- en derdejaarskampe in 1982 afgestel weens 'n gebrek aan belangstelling. Verenigings het ook swaar getrek as gevolg van die eina-ledetal wat op sy beurt 'n uitwerking op die begrotingstoekenning aan verenigings gehad het.<sup>418</sup> Selfs op die terrein van eksterne skakeling was die ASB teleurgesteld omdat slegs 40 studente 'n konferensie te Bloemfontein bygewoon het.<sup>419</sup> Op ander fronte het dit nie so stil verloop nie: POPS en PODS<sup>420</sup> het 'n tweede asem gekry.<sup>421</sup>

Lukas van der Merwe het in Augustus 1982 as onbestreden verkose SR-voorsitter by Frikkie van Niekerk oorgeneem met die doel om bloot op die bestaande grondslag en strukture voort te bou, met "niks rewolusionêrs in gedagte" nie.<sup>422</sup> Ses dames het ook aan die verkiesing deelgeneem en drie (Trudie Scholtz, Irma Jansen van Rensburg en Milanie van der Merwe) is op die SR-bestuur verkies, met Tienie Swanepoel as Voorsitter van die Korpsraad.<sup>423</sup>



Dameslede van die SR, 1982-1983: Trudie Scholtz, Irma Jansen van Rensburg en Milanie van der Merwe (Bron: PUK-Argief)

Waarskynlik as gevolg van die belewing van konflik in regerings- en partykringe<sup>424</sup> oor die toekoms van nie-stemgeregtigde groepe in die land, en toenemende geweld op sage teikens, is aandag geskenk aan die stigting en funksionering van 'n staande Geestelike Weerbaarheidskomitee.<sup>425</sup> Op 'n positiewer noot beskou, was die besturstermy van Lukas van der Merwe weliswaar nie dramaties nie, maar tog gekenmerk deur interne vernuwings en verbetering. Onder meer is Radio PUK se dienste verder uitgebred om ook 5% omroeptyd in Engels in te sluit.<sup>426</sup> 'n Aangeleentheid wat gedurende hierdie jare heelwat aandag van die studente ontvang het, is die oopstelling van die PUK. Op verskeie podiums is daaroor debat gevorder.<sup>427</sup> In 1982 was die Studenteparlementslede eenstemmig oor die beginsel dat diegene wat die CHO-grondslag onderskryf, toegelaat behoort te word.<sup>428</sup> Die toelating van kleurlingstudente tot die Teologiese Skool in Februarie het waarskynlik ook hierdie debat gestimuleer.<sup>429</sup>

Die SR het 'n mosie aanvaar dat mense van kleur nie die reg ontsê mag word om in die Christelike wetenskapsbeoefening van die PUK te deel nie. Hierdie suksesvolle mosie is ingedien deur die Adjunkvoorsitter van die SR, Danie du Plessis. Die aanvaarding van die mosie het geskied in 'n tyd toe die PUK 'n kommissie benoem het om op die aangeleentheid in te gaan. Vir die PUK-Raad was die mening van die hoogste studenteliggaaam gevolelik belangrik en is dit verwelkom.<sup>430</sup> In hierdie dekade is ook toenemend ruimte gemaak vir uitreikpogings tussen die wit en swart jeug deur middel van openlike en onderlinge gesprek. Hierdie uitreikpogings het meer behels as net 'n sosiale aksie en was ook daarop gerig om die ander party sosiaal en finansieel selfversorgend te maak.<sup>431</sup>

Met soveel rigtinggewende sake wat die Adjunkvoorsitter, Danie du Plessis, in sy termyn as hanteer het, was dit nie vreemd dat hy in Augustus 1983 as die volgende SR-voorsitter verkies is nie.<sup>432</sup> 'n Rekordstempersentasie van 63% is tydens die verkiesing aangeteken.<sup>433</sup> Of die naderende nasionale referendum<sup>434</sup> vir historiese konstitusionele veranderinge die PUK-studentegemeenskap meer bewus gemaak het van hulle verantwoordelikheid, is moeilik om te bewys,<sup>435</sup> maar was waarskynlik die geval.<sup>436</sup>

Die daaropvolgende jaar was ook 'n bedrywige jaar vir die SR. Nader tuis, is nouer samewerking met die Studenteraad van die Vaalrivierkampus bewerkstellig.<sup>437</sup> Wat die agenda van verpligteing veral buitengewoon gevul het, was die groot besluit of die PUK oopgestel moes word vir alle persone van kleur. Met Danie du Plessis se 1983-mosie hieroor in gedagte, val sy felle teenkanting, toe 'n finale besluit in 1984 op grond van die kommissie-aanbevelings geneem moes word, nogal vreemd op.

Die vernaamste aspek van Danie du Plessis se verdediging van die SR-standpunt was dat die CHO nie noodwendig

meer toeganklik gemaak sal word nie, en dat hierdie jarelange idealistiese doel deur ander behoeftes in die verslag oorskadu is. ‘n Verdere punt van kommentaar wat hy oor die verslag geopper het, was die volgende:

“Die laaste alternatief (die toelating van anderskleuriges) beteken dat ‘n mens bereid moet wees om oofferings te maak, selfs al sou dit van ‘n mens verwag word om die Afrikaanse karakter prys te gee, ter wille van die beginsel om Christelike Wetenskap werlik toeganklik te maak en mense te akommodeer.”

Dit was die “gesindheid”, in plaas van om die benadering van kulturele imperialisme te volg deur mense te dwing om in Afrikaans onderrig te word, wat Danie en die SR gemeen het nodig is as die eise van die beginsel nagekom wil word.<sup>438</sup> Hierdie reaksie van die SR het selfs geleid tot ‘n verdere historiese gebeurtenis, naamlik die bywoning van ‘n SR-vergadering deur die Rektor, prof. Tjaart van der Walt, om die Kommissieverslag van prof. Chris Maritz duideliker te stel. Die Rektor het onder meer geredeneer dat daar ‘n gebrek is aan ‘n alternatief vir die tyd (naamlik CHO in ‘n ander kommunikasiemedium), en dat “op hierdie manier in ‘n rigting gewerk moet word” (aldus die Rektor).<sup>439</sup> Soos blyk uit verdere debatte wat gevolg het, het hy die SR-voorsitter waarskynlik nie oortuig nie, terwyl akademici op hul beurt die SR se “kat-en-muis-motivering” en “drogredenasie”-standpunt bevraagteken het.<sup>440</sup> ‘n Minireferendum hieroor onder studente is selfs op kampusterrein gehou, terwyl ‘n paar studente van mening was dat die SR te konserwatief is.<sup>441</sup> Die Raad het eers in 1986 finaal oor die oopstelling van die PUK besin.<sup>442</sup>

Die stof oor oopstelling het nog skaars gaan lê toe die SR-verkiesing van 1984-1985 aangebreek het. Henk Stoker is as SR-voorsitter verkies. Vier dames het ook die SR gehaal.<sup>443</sup> Vir lede van die nuwe SR is die termyn op ‘n hoë noot begin; hulle het naamlik die historiese inhuldiging van die nuwe uitvoerende Staatspresident, P.W. Botha, in Kaapstad bygewoon<sup>444</sup> - ‘n gebeurtenis binne ‘n parlementêre driekamerbestel. In 1985 het die wêreld, Suid-Afrika en die PUK Jeugjaar gevier<sup>445</sup> te midde van die storms rondom die sogenoemde Rubicon-toespraak van die Staatspresident, P.W. Botha in Februarie van dié jaar. Hierdie toespraak het uiteindelik vir Suid-Afrika op ‘n algehele boikotsituasie op etlike terreine uitgeloop,<sup>446</sup> en internasionale skakeling op akademiese vlak was vir ‘n tyd lank in ‘n skaakmatposisie. Binne PUK-grense het die SR meer selfondersoekend probeer wees met die oog op die uitdra van ‘n gesonder professionele beeld na buite, deur te stel dat verskillende groepe medeverantwoordelikheid vir mekaar moet neem.<sup>447</sup>

Kort voor die uittrede van die SR om plek te maak vir die nuut gekose SR is die span van Henk Stoker deur die oud-PUK

en PUK-Raadslid, dr. Willem de Klerk (Redakteur van Rapport), oor die vingers getik. Sy skerp opmerkings teenoor die SR se konserwatiewe uitkyk en besluitneming onder die dekmantel van Christelike norme en beginsels het nie sagkens op die jeugdige velle geval nie.<sup>448</sup> ‘n Mosie is daarop deur die uittredende SR aanvaar dat dr. Willem de Klerk uit die Raad moet bedank oor die Sondagkoerant Rapport etlike berigte en foto’s gepubliseer het wat nie in ooreenstemming met Christelike norme is nie<sup>449</sup> (kyk ook meer hieroor onder “Ander sake” verder in hierdie hoofstuk).

Midde in die De Klerk-storm is Bertus Nel vir die SR-voorsitterskap van 1985-1986 verkies met drie dames onder die SR-bestuurslede: Sonja Lemmer (Sekretaris); Deona Aucamp (addisionele lid en ook verantwoordelik vir Geestelike Weerbaarheid), Elmarie van Heerden (Fisiese Weerbaarheid, Openbare Betrekkinge en Toere) en Helena de Vos (Raadsvoorsitter vir die Kultuurraad).<sup>450</sup> Gedurende die eerste gedeelte van Bertus Nel se termyn was al die Rade op hulle onderskeie terreine aktief. Die Politiese Raad byvoorbeeld het ‘n verskeidenheid paneelbesprekings georganiseer om studente se gedagtes aangaande kontroversiële aangeleenthede te toets.<sup>451</sup> Studente is gedurende hierdie jare aan soveel politieke perspektiewe blootgestel<sup>452</sup> dat dit nie vreemd is dat Die Wapad opgemerk het dat die blanke samelewning verskeurd voorgekom het nie. ‘n Gevolg hiervan was ‘n groeiende apatiese houding jeens die politiek,<sup>453</sup> en pogings van die Universiteitsoverheid om te verhoed dat die stu-



*Dameslede van die SR, 1985-1986: Deona Aucamp, Elmarie van Heerden en Helena de Vos (Bron: PUK-Arfieg)*

dente nie jaarliks deur 'n oormaat ongekontroleerde besoek van politieke partye verswolg word nie.<sup>454</sup>

Meer waarneembare eenheid en vreugde in die tweede termyn van die SR-bestuur was die reünie wat vir die oud-SR-lede op 26 Julie 1986 gehou is (dit blyk dat 'n reünie ook in 1979 gehou is). Sowat 70 oud-SR-lede van die twintiger- tot die tagtigerjare het die feestelike geleentheid bygewoon. Dit is tydens hierdie geleentheid se laataand-

stories en -staaltjies wat Bertus Nel besef het dat kosbare PUK-geskiedenis (soos die staaltjies en die PUK-liedjies) verlore gaan. Hy het opgemerk dat 'n argief opgebou behoort te word met al die staaltjies en liedjies van vamelewe.<sup>455</sup> Dit was dan ook die jare waarin die saadjie vir 'n PUK-argief gesaai is deur die Departemente Geskiedenis en Volkekunde, en dié ideaal uiteindelik verwesenlik is. Bertus Nel se voorsitterstermyn het ietwat in omstredenheid geeindig na sy verkiesing as ASB-voorsitter. In die



Die reünie van oud-SR-lede 26 Julie 1986 (Bron: Die Wapad, 1 Aug. 1986 p. 2)



Elmarie Smit (nou Schutte), die eerste dame om as die Penningmeester van die SR benoem te word, asook om die Abe Bailybeurs te wen, 1989 (Bron: PUK-Argief)

binnekringe van die verkiesingsproses was die uitslag nie verwelkom nie (kyk bespreking oor ASB verder aan).<sup>456</sup> 'n Oudvisevoorsitter van die SR, Victor d'Assonville, is vir drie hieropvolgende termyne (1986-1989) as SR-voorsitter verkieks.<sup>457</sup> In baie opsigte het sy lang betrokkenheid by die studentebestuurslewe dieselfde pad geloop as dié van 'n vorige SR-voorsitter, Theuns Eloff. Wat elkeen se perspektiewe op die lewe betrek, was daar egter verskille.<sup>458</sup>

In die voorsitterstermyn van D'Assonville was die studente se tyd en aandag, soos in die verlede, opgeslurp deur die akademie, die jaarlikse Jool (vanaf 1988 só bekend),<sup>459</sup> social, introversies en spesialis-aktiwiteite binne die strukture van die onderskeie SR-rade, -komitees en -verenigings. Belangrike besluite is in Victor d'Assonville se voorsittersjare geneem; onder meer oor dans op die PUK,<sup>460</sup> die oopstelling van die PUK-koshuise vir alle groepe oor kleurgrense heen,<sup>461</sup> die aanstelling van die Studentedekaan,<sup>462</sup> die totale onttrekking van die ASB en 'n inskakeling by die bedrywighede van die nuwe jeugorganisasie, Jeugkrag.<sup>463</sup> Op die plaaslike front was daar feesvieringe insake die 150-jarige bestaansjaar van

Potchefstroom in 1988 waaraan die studente vrolik meege doen het.<sup>464</sup> Die SR-mosie teen die voorgenome optrede van die oud-Puk, Johannes Kerkorrel se Gereformeerde Blues Band en geselskap op die kampus in 1989, het egter weer 'n bitter nasmaak by sommige studente gelaat.<sup>465</sup>

Sake van nasionale belang wat ook die belangstelling van studente gedurende 1986 tot 1989 in 'n mindere tot meerder mate geprikkel het, was die verkiesing van 1987,<sup>466</sup> die gesprek tussen ANC-lede en 'n Suid-Afrikaanse geselskap te Dakar waarby 'n oudvoorsitter van die SR, Theuns Eloff, betrokke was,<sup>467</sup> die Groepsgebiedewet,<sup>468</sup> die landswye stakings en die instelling van 1 Mei as Werkersdag.<sup>469</sup>

Wat die rol van dames op die PUK-bestuur betref, was dit opvallend hoeveel meer dames bereid was om hulle tydens verkiesings beskikbaar te stel.<sup>470</sup> 'n Besondere mylpaal in hierdie proses van dames se voortgaande betrokkenheid by studentebestuur was die prestasie toe Elmarie Smit in 1989 as SR-Penningmeester verkies is. Sy was die eerste dame wat daarin kon slaag om die Abe Baily-beurs te wen - 'n beurs wat jaarliks aan een student op elke kampus toegeken is.<sup>471</sup> In die PUK-geskiedenis was dit hoofsaaklik die SR-voorsitters aan wie hierdie eer gewoonlik gegee is. Die SR onder D'Assonville het nog 'n historiese geleentheid beleef, naamlik toe prof. Tjaart van der Walt die rektorstuig neergelê het,<sup>472</sup> en prof. C.J. Reinecke,<sup>473</sup> op 10 Februarie 1989 as as die nuwe rektor ingehuldig is.<sup>474</sup> Prof. Reinecke se besondere bestuurstyl en gesonde samewerking met studenteleiers sou 'n besliste invloed uitoeft op die wyse waarop die SR gefunksioneer het.<sup>475</sup> Vanaf die negentigerjare het studente algaande volwaardige deelgenote van die PUK en van besluitneming tot op owerheidsvlak geword.<sup>476</sup>

#### • Eksterne skakeling

Bo en behalwe die gebruiklike skakeltoere was die studenteorganisasies ASB, NUSAS en Jeugkrag gedurende hierdie jare die prominentste in die PUK-skakeling na buite.

In die laat-sewentigerjare het verhoudinge tussen die Afrikaanstalige universiteite en NUSAS aansienlik verbeter sodat die buitestander maklik die idee kon kry dat toekomstige samewerking tog nie so vergesog was nie. Dit het egter nie gebeur nie. In November 1985 het die SR, op 'n vergadering waar meer as 300 studente teenwoordig was, die stigting van 'n tak van NUSAS op die PUK eenparig afgekeur.<sup>477</sup> Die verweer daarteen was die potensiële "dobbel met die Pukke se koppe" op grond van die organisasie se "onaanvaarbare militante plakkate" en hulle ondersteuning van die Gay Liberated Movement.<sup>478</sup>

Voorts het die affiliasie van die Pukke met die ASB gedurende die negentigerjare toenemend in gedrang gekom. Suid-Afrikaanse studente se reg om hul affiliasie van dié organisasie op te hef het waarskynlik 'n groot demper op die werksaa-

mhede van die ASB geplaas. Verwonge beriggewing oor die ASB en ASB-besluite het moontlik op die lange duur ook tot die daling in steun bygedra. Die PUK se SR was teen 1983 wel op die ASB verteenwoordig deur Henk Stoker as ASB-dagbestuurslid en Danie du Plessis as Voorsitter van die Afrikaner Eenheidskomitee van die ASB.<sup>479</sup> Danie du Plessis is in 1984 as Visepresident van die ASB verkies.<sup>480</sup> Teen 1986 het die PUK-assossiasie met die ASB 'n laagwatermerk bereik toe 'n skeuring in die ASB-dagbestuur ontstaan het tydens die verkiesingsproses. Bertus Nel en Petrus van Blerk, albei van die PUK, is onbestrede verkies na die gunsteling vir die voorsitterspos onttrek het. Daarop het die meeste ander dagbestuurslede wat verkies is, bedank oor hulle hulle waarskynlik nie kon vereenselwig met die sentemente van die nuwe bestuurshoofde nie. Spottenderwys is na hierdie tweemannskapdagbestuur van die veronderstelde ASB verwys as die Potchefstroomse Nasionale Studentebond (PSB).<sup>481</sup> Alhoewel die gemoedere daarna tydens 'n spesiale vergadering gekalmeer het,<sup>482</sup> was oud-SR-lede bekommert oor hierdie toedrag van sake en die rol wat die PUK-SR van die tagtigerjare gespeel het om hierdie negatiewe gesindheid by ander lede aan te wakker.<sup>483</sup> Die SR van die Vaaldriehoekkampus het ook in hierdie stadium hulle affiliasie met die ASB verbreek.<sup>484</sup>

Dit blyk dat die nuwe ASB-voorsitter eerder wou sien dat wegbeweeg word van partypolitieke standpunte en dat kultuuraspekte soos Fiësta weer van die grond af kom.<sup>485</sup> Van hierdie voorsittersideale het weinig tereg gekom. Na die aanvanklike break het sake vir die ASB nooit weer behoorlik gevlot nie. Bertus Nel het in Februarie 1987 bedank weens militêre verpligte waarna Petrus van Blerk in sy plek waargeneem het.<sup>486</sup>

Na 'n verbintenis met die ASB van 39 jaar het die SR in Maart 1987 besluit om die affiliasie met die ASB op te hef.<sup>487</sup> Enkele maande later, op 3 Oktober 1987, het dié organisasie ontbind. Dit het 'n groot leemte gelaat binne die Afrikaanse studentelewe,<sup>488</sup> maar is mettertyd gevul deur die opkoms van ander organisasies soos Jeugkrag met Marthinus van Schalkwyk as Voorsitter<sup>489</sup> (vanaf 2004 Minister van Omgewingsake en Toerisme).

#### • Ander sake

##### • Skoonheidswedstryde en die "CHO" - "Oud-Puk versus groen Puk"

Die Studenteraad van 1985-1986 het ook gewaag om die Sondagkoerant Rapport, én sy Redakteur - 'n oud-Puk en PUK-Raadslid, dr. Willem de Klerk - oor die kole te haal oor sy opmerkings aangaande die "Universiteit se houding jeens skoonheidswedstryde" en ander "krapperige" sake onder die vaandel van Christenskap. Die aanklag van dr. De Klerk dat die SR "benepe" en "verstikkend konserwatief" is, is nie sonder meer deur die SR aanvaar

nie. Dit was ook nie die eerste keer wat die SR hiervan beskuldig is nie - weliswaar dié keer vanuit 'n ander oord.

In 'n "versoening"-samesprekingsgeleentheid tussen dr. De Klerk en die SR-voorsitters van die termyne 1984-1985 en 1985-1986 het De Klerk sy standpunte en uitlatings beklemtoon. In 'n gedeelte van die verslag het dr. De Klerk sy mening so verwoord, soos opgeteken deur die SR:

"Reeds as student, en later as dosent en verkose rektor van die PUK was dr. De Klerk al van mening dat die P.U. vir C.H.O. TER WILLE VAN SY BEELD [sic] in die buitewêreld van baie van sy BENEPENHEID [sic] verlos moet word. PUK moet sy BEELD AS CHRISTELIKE UNIVERSITEIT OP GROOT UNIVERSELE BEGINSELLE [sic] projekteer en nie op KLEIN AFGELEIDE DINGE en tydgebonden subjektiewe beginselafleidinge nie (waarvan dr. De Klerk nog altyd aanstoot geneem het soos):"

- Dansverbod (hy vind geen gronde in die Bybel daar teen nie)
- Verbod op SAAM SWEM
- 'n Opportunistiese weiering om dinge te doen omdat dit die DOPPERKERK ongelukkig sal maak
- Die PUK wat soms NIE NEDERIG oorkom oor sy gebreke (gehoer en gerumoer, gelieg en bedrieg, ens. vind ook soos op ander kampusse plaas), sowel as dat
- Die PUK hom voorhou as 'n plek waar Christelike wetenskap gedoseer word, terwyl min daarvan tot sy duidelike ontplooiing kom
- 'n Verbod op skoonheidswedstryde."

Volgens dr. De Klerk het hy sy hele lewe deur 'n klein revolusie gevoer teen "heilige koeie". In die verslag van bogenoemde samesprekings is nog verder uitgevaar teenoor die SR, die PUK en die "slaafse navolging van Calvinisme" wat grens aan "Fariseïsme".<sup>490</sup>

Die skerp kritiek waarmee dr. De Klerk die PUK en die SR gepeper het, het die Universiteit en die SR sekerlik genoeg gegee om oor na te dink. Vir die SR was hierdie aanklagte, so blyk dit, ook meer 'n kwessie van ego's wat gekrenk is, aangesien die SR, so is beweer, hiermee "in 'n swak lig gestel is". Nogtans het die SR De Klerk sover kon bring om te erken dat dit nie moontlik is om beriggewing te bevorder wat net aan die toets van Christelike norme voldoen nie. Laasgenoemde standpunt is beskou as die essensie. De Klerk is steeds deur die SR versoek om van sy lidmaatskap op die PUK-Raad afstand te doen.<sup>491</sup> Van hierdie versoek het niks gekom nie. De Klerk was tot 1988 nog op die Raad, waarna hy bedank het weens buitengewone werksverpligtinge.<sup>492</sup>

- *Die kleredragdebat verskuif na die feller dansdebat*

In vele opsigte was die PUK-kleredragriglyne wat voor 1981 gegeld het, en wat geleidelik aangepas is om ook aan die behoeftes en gesonde oordeel van studente, die klimaat en veranderende tye en eise te voldoen, nie meer 'n groot frustrasie onder studente nie. Riglyne wat wel bestaan het, is nie meer so streng nagekom nie. Daarom dat dit dikwels gebeur het dat riglyne verander is, terwyl heelwat studente dan lankal reeds "onwetend" die voorkomsriglyne nie nagekom het nie. Hieronder tel die vergunning wat in 1981 gemaak is dat sweetpakke, sportskoene, plakkies en kortbroeke in die Biblioteek en Studentesentrum toelaatbaar is. Die goedgekeurde koshuisblouesies vir dames kon ook klas toe gedra word. As dit egter by klasdraf, eksamens en by 'n besoek aan die administrasieafdeling kom, was die "plakkiefamilie" steeds nie welkom nie.<sup>493</sup> 'n Nuwe PUK-sweetpak was vanaf 1983 te koop,<sup>494</sup> en die riglyne oor die dra hiervan het in die daaropvolgende jare verdere veranderinge ondergaan.<sup>495</sup>

Wat dans betref, was die PUK-owerheid jare lank nie huis soepel in sy standpunt hieroor nie, ondanks die baie ondersoeke, debatte, redenasies en stewig gemotiveerde verslae.<sup>496</sup> Die SR het deurentyd die besluit van die Raad hieroor eerbiedig, maar was die mening toegedaan dat genoeg gronde bestaan om die Raad daarvan te oortuig dat 'n toegewing ten gunste van georganiseerde dans op die kampus gemaak behoort te word. Alhoewel baie gevoel het dat die bespreking van dans op die kampus al holrug gery, afgeplat en deurgesels is,<sup>497</sup> het versoek hieroor nogtans gereeld op die tafel van die PUK-owerheid beland.<sup>498</sup>

Die PUK-owerheid het teen die middel -tagtigerjare self dieper op hierdie versoek ingegaan en die resultaat hiervan was dat in 1987 ietwat ruimte gebied is vir hierdie behoeftes deur goedkeuring te verleen aan georganiseerde "Sokkies" as 'n ontspanningsgeleentheid. Dans op amptelike aksies van die Universiteit en wat georganiseer is deur verenigings en koshuise was steeds nie toegelaat nie.<sup>499</sup>

- *Sportdragreeks en ontspanningsfasilitete verder uitgebou*

Hoogtepunte tydens die tagtigerjare was die verskyning van 'n nuwe "treffende" PUK-sweetpak, die installeering van vaardighedspeletjies in die Studentesentrum en die aanbied van Kampusfokus op die PUK.<sup>500</sup>

● Amptelik

# Eindelik mag ons ook nou sokkie

— Alet Joubert —

"Dit was die aand waarvan die meeste Pukke nog net gedroom het." "Hulle kon nog nooit met vrymoedigheid die kampus met 'n effense hoppel betree nie." "Almal wat iemand is met 'n sneeuendien, was daar." "Wie kon ooit droom dat die Sentrale Eetsaal tōg 'n nuttige funksie het." "Vat so Vlam. Jy het die Puk weer op die mēp gesit." "Die Puk het bygeruk."

Dit is maar enkele van die menings oor die heuglike aand van 22 Augustus 1987. Ontspanningskomitee kan regtig geluk gevews word met die aangenaamste ontspanningsaktiviteit wat die Puk nog beleef het.

Die voorvoerster van die projekkomitee, mnr. Joohan van Rooyen, het in 'n onderhou met die Wapad sy antwoorde op 'n paar vrae rondom die sokkie gegee.

Die eerste kwessie wat aangeraak is, was die weerhouding van publiseit omntrent die sokkie. Volgens mnr. Van Rooyen moet die sensitiviteit van die saak in ag geneem word. Verder wou die organisereerde nie hé die sokkie moet uit verband geruk word nie: "Dit moet 'n normale ontspanningsaktiviteit

bly."

Behalwe dat die sokkie 'n groot sukses was, hou dit ook finansiële voordeel in. Die wins van Saterdagaand beloop R1 255,50. Die klanktoerusting wat deur die Raad gekoop is, kan dus binne die volgende twee sokkies afbetaal word.

Nog iets wat heroorweeg moet word, is die verskuwing na 'n ander lokaal aangesien die sokkie vanaf die negentiende September hopelik elke Saterdag aangebied sal word.

Wat die musiek betref, is daar gepoog om aan almal se smaak te voldoen, maar dit steeds getrou aan die Christelike karakter van die Universiteit te hou.

Daar sal ook voldoende kontrole gehou word – studentekaarte sal vertoont moet word. Mnr. Van Rooyen het dit duidelik gestel dat dit 'n Puk-ontspanningsaksie is en nie 'n Pote of Weermagaksie nie. Daar is egter begrip vir mans of dames wat 'n sleep van Pote of die Weermag wil saambring. Een van die paartjies moet egter 'n Puk-student wees. Dit is belangrik dat die studentes sal onthou dat die sokkie nog steeds net in 'n proefnemmingstadion is.

As hulle gedrag egter in die vervolg so onberisplik soos op die eerste sokkie is, kan sokkies dalk 'n permanente instelling word.

Een ding bly egter onveranderd: Daar mag nie op 'n amptelike aksie van die Universiteit, sy verenigings of koshuise gedans word nie. Daar mag dus nie op koshuisdinees gedans word nie.

Or die kwessie van die sensitiviteit rondom dans en die kerke se sienings, gee mnr. Van Rooyen die verskering dat sokkies bloot as 'n ontspanningsaktiviteit aangebied sal word. Verder sal daar nie sokkies op voorbereidingsnaweke gehou word nie.

Nog 'n kwpunt sou die verenigingslewé van die Puk wees – sal sokkies nie die verenigingslewé dooddruk nie? Dit moet weer eens beklemtoon word dat sokkie 'n ontspanningsaktiviteit is. Verder word dit net op Saterdaggaande aangebied en meng dit dus nie in met ander studente-aksies nie.

Vanuit 'n persoonlike  
★ vervolg op bladsy 2



Die vergunning aan studente om georganiseerde Sokkies te mag hou soos speels beskou deur 'n spotprentkunstenaar van Die Wapad, en 'n amplike berig uit die koerant, 1987 (Bron: PUK-Archief - Elektronies)



- **Die Besembos kry die wind van voor en Die Wapad 'n hupstoot vorentoe**

Die onontbeerlikheid van studentekoerante vir die vestiging van die beeld van 'n universiteit se jaarlike studenteaktiwiteite word eers duidelik wanneer die geskiedenis van 'n universiteit in alle erns ondersoek word. Vir studente wat in die onderskeie jare en dekades met studentepublikasies en -koerante gemoeid was, was die doel met die skryf van 'n berig waarskynlik vanuit 'n heel ander hoek benader. Die PUK was sedert 1951 bevoorreg om by 'n paar studentepublikasies betrokke te kon wees en dit is opmerklik hoe hierdie publikasies algaande 'n steeds hoër vlak van professionaliteit gehandhaaf het. Nooit was dit egter sonder die gebruiklike op- en afdraandes nie. Die Besembos het egter die wind van voor gekry toe dit nie aan die einde van 1982 verskyn het nie weens 'n tekort aan

finansies. Aangesien Die Besembos as 'n jaarblad van die PUK beskou is, het hierdie terugslag baie reaksie uitgelok en was die algemene mening dat finansies doodeenvoudig gevind moes word sodat daar in 1983 wel 'n Besembos kon verskyn.<sup>501</sup> Daarna hoor 'n mens weer van Die Besembos<sup>502</sup> - die finansies is klaarblyklik inderdaad gevind.

Wat Die Wapad betref, het die koerant in die tagtigerjare 'n andersoortige hupstootjie beleef wat die koerant vinniger vorentoe laat beweeg het. In 1982 het Die Wapad 'n nuwe redakteur gekry - dié keer 'n dame! Trudie Scholtz het ongemerkt geskiedenis gemaak toe sy in 1982 as Die Wapad-voorsitter gekies is.<sup>503</sup> Oënskynlik het dit so goed gegaan dat nog 'n dame, Betsie Kilian, as Trudie se opvolger in die redakteurspos benoem is.<sup>504</sup> Daarna het nog dames hierdie posisie beklee (bv. Constanze van Vuuren - 1987 en Liza Coetzee - 1988). In 1988 is Die Wapad met Liza Coetzee as Hoofredakteur deur die Afrikaanse Studente-Persunie (ASPU)<sup>505</sup> aangewys as die no 1-studentekoerant in die land.<sup>506</sup> Erika de Beer is in 1989 in Liza Coetzee se plek verkieks.<sup>507</sup>

- **'n Studentedekaan aangestel**

In 1988 is 'n verdere aanpassing in die bestuurstruktuur van die Universiteit gemaak met die benoeming van die Studentedekaan vir die sowat 6 500 studente. Prof. C.J. van der Watt was die eerste persoon om in hierdie amp benoem te word.<sup>507</sup>



'n Paar van die Wapad-redakteurs (Bron: PUK-Archief en Die Wapad)

### 7.3.5 Verteenwoordigende deelnemende bestuur en herstrukturering skep nuwe horisonne in meer as 'n dekade van demokrasie, 1990-2004

- Dames skuif geleidelik in die voorsitterstoel in *Studenteraadsvoorsitters, 1990-2004*


1989-1990	M. Kruger (Marlize) (a)
1990-1991	G.J. Coetzer (b)
1991-1992	J. Boonzaaier (c)
1992-1993	D. Venter (d)
1993-1994	P.C. Pelser (e)
1994-1995	J.M. Groenewald (f)
1995-1996	D. Hermann (g)
1996-1997	H. du Plessis (h)
1997-1998	G. Horn (Gisela) (i)
1998-1999	L.J. van Rensburg (j)
1999-2000	R.P. Bezuidenhout (k)
2000-2001	H.K. Mulder (Heleen) (l)
2001-2002	C.J. Bezuidenhout (m)
2002-2003	P. Steenkamp (n)
2003-2004	J.M. Joubert (Janine) (o)



(a)



(b)



(c)



(d)



(e)



(f)



(g)



(h)



(i)



(j)



(k)



(l)



(m)



(n)



(o)

Vanaf 1990 het die demokratiseringsproses van die graad van studentedeelname aan die bestuur van die Universiteit vinnig versnel. Dit het saamgeheng met die demokratiseringsproses wat in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die gang was.<sup>508</sup> Tot op daardie stadium het die mate waartoe studente in die bestuur van die Universiteit geraadpleeg is, grootliks berus by die betrokke gesagdraers. In praktyk het die voorsitter van die SR 'n weeklikse afspraak met die rektor nagekom, waartydens inligting uitgeruil en advies ingewin is.<sup>509</sup> Op grondvlak was die afstand tussen die Universiteitsowerheid se doen en late en die "gewone" student nog groot en die stand van betrokkenheid nog ver van besonder meelewend.<sup>510</sup> Studenteraadsverkiesings het, soos in die verlede, steeds lae stempersentasies getrek.<sup>511</sup> Sommige was van mening dat dit darem nie net die studente se skuld is nie. Die SR-stelsel om belang te behartig en nie te verteenwoordig nie, het bepaal dat slegs persone wat reeds by 'n SR-belangegroep is, as 'n kandidaat kon staan. Die gebrek aan propagandamechanismes om verpolitisering te beperk, is ook as bydraend tot hierdie tendens voorgehou.<sup>512</sup>

'n Mylpaal vir die studentelewe op die PUK-kampus was toe die regstudent, Marlize Kruger, in September 1989 die eerste damestudent in PUK se studentegeskiedenis geword het om die voorsitterstoel in te neem.<sup>513</sup> Anders historiese mylpale wat dit vir die eerste SR van die dekade negentig anders sou laat verloop as ooit in die

verlede, was die groter en meer verdeelde politieke speelveld<sup>514</sup> met die ontbanning van die ANC, SAKP en PAC sowel as die vrylating van mnr. Nelson Mandela.<sup>515</sup>

Met al die nuwe verwikkelinge op nasionalevlak het die aankondiging van die oopstelling van koshuise gedurende 1989 'n kortstondige nadraai gehad toe studente ontevrede was oor die besluitnemingsproses wat volgens hulle nie demokraties was nie. Die PUK-owerheid het beslis dat hierdie vorm van besluitneming 'n beginselsaak is, en dat sulke besluite nie by studente berus nie.<sup>516</sup>

In die breë was die studentelede van die onderskeie SR-rade gedurende die negentigerjare steeds aktief betrokke op hulle onderskeie terreine,<sup>517</sup> asook op nasionalevlak (gemeenskapsdiens, skakeling met ander universiteite op verskeie podiums soos die Stigting Studentedialoog, ens.).<sup>518</sup>

Gerhard Coetzer is as SR-voorsitter vir die 1990-1991-termyn verkieë.<sup>519</sup> Sy vernaamste doelwitte was om sy bestuurstyl so aan te pas dat dit in 'n groter mate die behoeftes van medestudente insluit. Ook het hy beoog om meer fondse na medestudente te kanaliseer.<sup>520</sup> Die reeds-genoemde beperkte SR-begroting van R60 000 wat al vir drie jaar konstant gebly het, het dus noodwendig weer onder skoot gekom.<sup>521</sup> Studente is met die vraelys metode betrek om hulle behoeftes te bepaal.<sup>522</sup> Met behulp van *Die Wapad* en 'n spesiale rubriek "SSR-Spiegel" is die Pukke gereeld ingelig en aangemoedig om meer betrokke te raak by die onderskeie SR-rade se aktiwiteite. Die SR se benadering om belang te behartig is op die koop toe verdedig toe die volgende gestel is: "Geen ander universiteit het so komplekse stelsel nie. Geen ander universiteit het sulke studente nie!"<sup>523</sup> Die SR van hierdie termyn het wel die daad by die woord gevoeg en aansienlik baie in een jaar vermag om groter bestuursinspraak vir studente te verkry.


Die bevraagtekening van die bestuurstruktuur het in baie opsigte begin by die gesagsposisie van die studentedekaan teenoor dié van die SR en dit was maar een van die sensitiewe punte (kyk ook 'n aparte bespreking in "Ander sake"). 'n "Onderhandelingsdeurbraak" is bereik toe die rektor hom bereid verklaar het om met die SR in gesprek te tree oor hulle ontevredenheid.<sup>524</sup> Hierdie benadering wat die SR gevolg het en klaarblyklik grotendeels jarelange frustrations verteenwoordig het, is deur studente verwelkom. Onderhandelinge tussen die PUK-owerheid en die SR het uitgekoop op 'n omlyning van die veranderinge wat studente verlang het, sowel as die implikasies wat dit vir die reglemente van die Universiteit en SR sou inhoud.<sup>525</sup> 'n Kommissie van Ondersoek is aangestel wat sowel die lede van die Universiteitsowerheid as die SR ingesluit het. Akademiese en koshuissake het eerste aandag geniet om 'n groter openhartigheid tussen alle betrokke partye te verkry. Onder meer is besluit dat die evaluering van

dosente een maal per jaar formeel moet geskied. Huisvaders is ook aan 'n evalueringsprocedure blootgestel.<sup>526</sup>

Ook die Christelike karakter en grondslag van die PUK, wat gedurende die negentigerjare algemeen aan meer kritiek blootgestel sou word, is in 'n kommissieverslag van die SR-Korpsraad uitgelig na aanleiding van vrae wat besonder krities deur 57% (uit 'n potensiële 600 studente) studente beantwoord is. Die feit dat die praktiese uitlewing van die Christelike karakter en grondslag nie genoegsaam waargeneem kon word nie, was algemeen as die grootste leemte uitgewys.<sup>527</sup> Waarskynlik het sommige studente ook nog gesukkel om self die teorie van die Christelike benadering by die praktyk uit te bring. So byvoorbeeld het studente die woorde "Kafferboetie, Pienk proffie" op prof. Jacques van der Elst se heiningmuur gaan verf na 'n toelichtingsvergadering op 20 Maart 1990 waarin akademici se petisie aan die Stadsraad verduidelik is. In dié petisie is onder meer beswaar gemaak teen die Stadsraad se weerhouding van geriewe vir anderkleuriges. Prof. Van der Elst se opmerking ná die studenteoptrede was dat hy sal vergewe, maar dat die studente se optrede nie 'n goeie getuienis is vir 'n Christen-studentegemeenskap nie.<sup>528</sup> (Kyk ook Hoofstuk 11). Die vraag aangaande studente se uitlewing van die "CHO" was jaar na jaar 'n besprekingspunt.<sup>529</sup>

Na 'n besonder bedrywige jaar vir die SR het verkiesingstyd weer aangebreek en is Jaco Boonzaaier as SR-voorsitter vir die 1991-1992-termyn verkieë. Sy verkiesing is egter gekenmerk deur 'n nog laer stempersentasie as gedurende die vorige jaar se verkiesing. Die inherente tekortkominge van die SR-sisteem is nog eens as die grootste probleem voorgehou.<sup>530</sup> Die vorige SR se samesprekings met die PUK-owerheid oor die SR se bestuursmagte het kort hierna nog resultate opgelewer toe Roelf Botha van die Korpsraad die eerste SR-lid geword het om verteenwoordiging op die Senaatskomitee vir Reformatoriese Wetenskap te verkry.<sup>531</sup>

Op ander podiums was dit 'n jaar waarin die ouer instellings deur nuwes vervang is. Die ontbinding van Jeugkrag en die DP-Jeug het behoort tot bewegings wat verband gehou het met die oue, terwyl SOAP, Studentewag,<sup>532</sup> en Polsslag<sup>533</sup> geassosieer is met die nuwe.<sup>534</sup> Sporadiese debatte oor Afrikaans se toekoms<sup>535</sup> asook inisiatiewe van die Ruiterwag<sup>536</sup> en die Potchefstroomse Aksie vir Christen-sportmanne en vroue (PACS)<sup>537</sup> het ook deel uitgemaak van 'n nuwe ingesteldheid. Net so was die studente ook deel van die politieke bedrywighede tydens die 1992-tussenverkiesing van 19 Februarie op Potchefstroom toe die Konserwatiewe Party (KP) die setel ingepalm het. Die SR is geroskam oor hulle nie die KP-koerant "as spreekbuis vir studente" op die kampus beskikbaar wou stel sodat studente die geleentheid kon kry om dié "vals inligting te evalueer" nie.<sup>538</sup> Hierdie protes verteenwoordig individuele stemme se vrae waarop antwoorde nie noodwendig



*'n Student se uitbeelding van watter gesagsliggame verantwoordelik daarvoor was dat mnre. Joe Slovo (SAKP) en Eugène Terreblanche (AWB) nie meer aan die PUK-Aktualiteitsweek in 1991 kon deelneem nie*      (Bron: Die Wapad, 28 Mei 1991, p. 1)

gegee is nie. Kort hierna, op 17 Maart van dié jaar, is ook van PUK-studente verwag om deel te neem aan die nasionale referendum. Met hierdie referendum is bloot 'n ja- of 'n nee-respons vereis<sup>539</sup> op die vraag of die stemgeregtigde die voortgesette hervormingsproses steun of nie. Die nuwe landsbedeling het inderdaad 'n groter politieke bewussyn onder studente tot gevolg gehad,<sup>540</sup> maar nie juis 'n gesonder deelname ten opsigte van algemene belang wat die student op die kampus raak nie.

Wat buite die grense van die kampus soms frustrerend was, was die nuwe Belasting op Toegevoegde Waarde-stelsel (BTW)<sup>541</sup> wat nie noodwendig studente se beursies gepas het nie, asook die waarneembare tendense van verset om demokratisering aan te moedig (bv. die val van die Berlynse muur).<sup>542</sup>

Wat demokratisering op die PUK betref, is 'n verdere mylpaal bereik toe De la Rey Venter (SR-voorsitter van 1992-1993), as die studente se eerste verteenwoordiger op die Universiteitsraad verkies is. Hy het sowel die PUK-kampus as die Vaaldriehoekkampus op die Raad verteenwoordig.<sup>543</sup> Daarmee is die insluitingsproses van studente op alle besluitnemingsvlakke van die Universiteit aferond. Dié proses het gedurende die termyn van Gerhard Coetzer in 1990 begin..

Corneel Pelser was verantwoordelik vir die SR-voorsitterskap gedurende 1993-1994. In die geskiedenis van Suid-Afrika sal 1994 altyd as 'n waterskeidingsjaar uitstaan,<sup>544</sup> en dié een waarin Corneel leiding moes neem.<sup>545</sup> Die

Potchefstroomse Universiteiskoor was gedurende sy termyn genooi om deel te hê aan die inhuldigingseremonie van die Staatspresident, mnr. Nelson Mandela, op 10 Mei 1994.<sup>546</sup>

Van die kant van die nuwe SR<sup>547</sup> is gedurende hierdie tyd besondere pogings aangewend om swart studente by die SR-bestuurswerksaamhede te betrek.<sup>548</sup> Die wyse waarop dit gedoen is, was om 'n portefeuilje vir studenterminderhede op die SR te skep, maar pogings om die groter groep spontaan te betrek, het nie oornag resultate opgelewer nie. Leslie Gonteb van Veritas is tydens 'n SR-tussenverkiesing verkies as Voorsitter van die Komitee vir Minderhede.<sup>549</sup> Die optog van swart studente op die kampus op 30 Augustus 1994 en die memorandum wat by dié geleentheid aan die Viserekotor: Navorsingsontwikkeling oorhandig is, was 'n sterk aanduiding dat swart studente uitgesluit gevoel het en die persepsie gehad het dat hulle behoeftes en belang nie behoorlik aandag ontvang nie, en na hulle oordeel ook nie deur die SR behartig is nie.<sup>550</sup>

Gedurende hierdie jare het nog belanggroeppe hulle verskyning op die kampus gemaak, onder meer die Afrikaner-Volksfront.<sup>551</sup>

Corneel Pelser se SR was verder meer betrokke by die werwingsaksie van voornemende studente. Voorts is die korporatiewe beeld van die SR uitgebou met die voltooiing van die Uitspan-gebou waarin die SR gehuisves is. Met georganiseerde insamelingspogings is 'n stewige bydrae gelewer tot die PUK-Helpmekaar-fonds om beurse en lenings aan voornemende studente

beskikbaar te stel. Die mikpunt van die SR was om jaarliks R20 000 in te samel as bydrae tot die fonds.

Strategiese beplanning het gewentel om 'n nuwe SR-konsitusie, waarin die veranderde sosiopolitieke situasie in die land en die groeiende multikulturaliteit van die studentelewe behoorlik verdiskonter moes word. 'n Inklusiewe grondwetskrywende proses is aan die gang gesit. Dit het ook meegebring dat baie ander aspekte van die georganiseerde studentelewe geherevalueer moes word. Sake soos die toenemende oorgeorganiseerdheid van die studentelewe, die posisie en voortbestaan van die Korpsraad, die relevansie en voortgesette regverdiging vir Jool, die rol en funksie van die Akademiese Raad, die posisie van en beheer oor Die Wapad sowel as die wenslikheid van deelname aan die aktiwiteite van 'n nuwe nasionale liggaaam van studenterade<sup>552</sup> was aspekte wat onder die soeklig gekom het. Op 'n aansienlik ligter noot as al die ander gewigtige sake wat hanteer moes word, was die SR-reünie van 1994 (vorige reünie was 1986) wat deur 200 oud-Pukke bygewoon is.<sup>553</sup>

Aan die SR-voorsitter, Jan Groenewald (1994-1995), is die taak opgedra om die rol van die SR binne die veranderende demokratiese bedeling verder uit te bou. Die deelname aan die PUK 2000-proses en die SR-onderhandelingsproses om studente van kleur meer betrokke te kry,<sup>554</sup> het al 'n derde jaar beleef.<sup>555</sup> Onder meer was die African Students Committee 'n poging om 'n proses van onderhandeling met ander belangegroepe en die SR te begin.<sup>556</sup> Studente se afstomping vir partypolitiek het tot die ontbinding van die SR se Politieke Raad geleid waarop die Aktualiteitsraad gestig is as alternatief. Politieke partye moes in die toekoms by 'n onderliggaam van die

Aktualiteitsraad, genaamd Platform, regstreer vir die beoefening van geordende aktiwiteite op die kampus.<sup>557</sup>

Met 'n stempersentasie van 30,14% die vorige jaar het die SR vir die nuwe termyn 'n behoefté gehad om studente met vraelyste en met 'n korporatiewe bewusmakingsprogram meer te betrek. Hiervoor is die inisiatief geneem om 'n slagspreuk "SSR - Ons sê jou sê!" op plakkies te versprei. 'n Ander behoefté was om opleiding aan die studenteleiers en die breër leierskorps te bied. In Jan Groenewald se termyn is die saadjie geplant om in hierdie behoefté te probeer voorsien. Die veelbesproke Republiek Tarentaal het ook in hierdie jare meer ondersteuning van die SR gekry, en met die nodige steun was die Republiek betrokke by die ontvangs van eerstejaars, die Tarentaalprojek en die verjaarsdagparty van die "President". Tarentaalkaarte is verkoop en die opbrengs is aangewend ter stywing van die Helpmekaarfonds.

'n Ander saak wat onder leiding van die SR-voorsitter aandag geniet het, was die stigting van die Studente vir Demokratiese Transformasie (SDT) om 'n nasionale rolspeler binne die politiek te wees. Vir Die Wapad was 1995 ook 'n buitengewone jaar aangesien sommige van die berigte wat gepubliseer is, in Engels was. Die naam van die koerant het hierna net as Wapad bekend gestaan.

Die SR gedurende die 1995-1996-termyn het onder leiding gestaan van 'n dinamiese Dirk Hermann wat die volgende slagspreuk gekies het as bestuursfilosofie: "Verankerd in beginsels - dinamies vir die toekoms". Om dit uit te leef, het Hermann letterlik en figuurlik voorgeloop<sup>564</sup> (Dirk Hermann was teen 2004 prominent betrokke by die vakbond Solidariteit). Verdere pogings




*Die Uitvoerende Komitee vir Studenteminderhede, November 1993: v.l.n.r Johannes (Joe) Modise (Ondervoorsitter), David Legoete (Akademiese Verteenwoordiger, Ikageng), Ludwig Phillips (Reklame en Verteenwoordiger van Promosa), Joey Nontlahla (Penningmeester en Verteenwoordiger van die dameskampuskoshuise), Leslie Gonteb (Voorsitter), David McGluwa (Sekretaris en Verteenwoordiger van die manskoshuise) (Bron: Die Wapad, 10 Nov. 1993, p. 3)*

## Republiek Tarentaal

Op Vrydag 18 Augustus 1972 is die volgende aankondiging gemaak: "Die Eerste Minister, advokaat B.J. Vorster het pas die eerste Staatspresident van die pas gestigte jeugtuisland Tarentaal geword". 'n Monument van 'n tarentaalwyfie wat op haar eiers broei (met as implikasie: vervul jou roeping), is deur adv. Vorster onthul. Die weliswaar "berugte" mnr. Koos (Kaffer) Kruger, Burgemeester van Tarentaal, het as gasspreker opgetree. Die Staatspresident, adv. Vorster, het in sy spreekbeurt ook 'n mondvol te sê gehad oor studente wat selfstandiger behoort op te tree omdat hulle volwasse genoeg is om hulself te verongeluk. Gelukkig was die Staatspresident ook ten gunste van jolyt vir jongmense.<sup>558</sup>

Dit was in 'n tydperk gekenmerk deur sommige tuislande in Suid-Afrika se proses op pad na selfstandigheid. Die Republiek van Tarentaal was van die eerstes wat sommer self besluit het dit is tyd om tuisland te word. Sedertdien het die Republiek op talle geleenthede en podiums 'n wesenlike bydrae gelewer om die omgewing waarin die Republiek hom bevind, op 'n besondere wyse na buite te bemark. Almal moes maar glo wat die latere presidente kwytgeraak het, en niemand was veronderstel om afskrifte van toesprake te onderskep nie, want die Republiek Tarentaal het ook oor 'n Minister van Bloedige Amputasies beskik wat wel die nodige stappe sou neem vir oortredings van hierdie aard.<sup>559</sup> 'n Ander funksie van die Republiek Tarentaal was natuurlik om die PUK as provinsie van Tarentaal te beskerm teen die Sentrale Skurkeraad.<sup>560</sup> Heelwat prominente regeringspersonne het hierna ereburgerskap van die Republiek van Tarentaal gekry, waaronder oudpresidente F.W. de Klerk<sup>561</sup> en Nelson Mandela. Op 16 Augustus 1997 is 'n Familienes-reünie gehou om die kwarteeu van bestaan van die Republiek Tarentaal te herdenk.<sup>562</sup> Ook deels te danke aan die "Skurkeraad", was die Republiek Tarentaal teen die middel van die negentigerjare nog op die kaart van die gesogte PUK-provinsie ... waarna dit kort hierna saam met baie ander PUK-tradisies sou verdwyn.<sup>563</sup>



*Van die doen en late van Republiek Tarentaal sedert tuislandstatus, 1972: (a) Die Burgemeesterspaar, 1969 (b) Die Tuislandemblyem (c) Wapendag in 1974 in die Republiek en "hogeres" se besoek (d) Staatspresident Mandela verwelkom (e) Die stigter van die Republiek, I.J.W. Kruger (oftewel "Koos Kaffer") (Bron: PUK-Archief)*

om hierdie SR-voorsitter se bestuursfilosofie te laat verwerklik was die klem op die stelling dat die beginsel van godsdiensvryheid nog vir die SR aanvaarbaar is, maar nie godsdiensgelykheid nie, aangesien die Universiteit die wetenskap vanuit 'n Christelike perspektief beoefen.

Om die erns van die CHO met studentesteun te demonstreer is 'n opmars byna aan die einde van sy voortstermy, op 24 Julie 1996, deur die SR op die kampus georganiseer.<sup>565</sup> Sowat 2 000 studente het die opmars ondersteun - 'n aantal wat min of meer gelykstaande was aan die 7% studente wat tydens die verkiesing van Mei 1995 vir die SR-portefeuiljes van Penningmeester, Jool en Openbare Betrekkinge gestem het.<sup>566</sup> 'n Memorandum is daarna aan die Rektor, prof. Reinecke, oorhandig waarin alle akademici en ander werkkragte versoek is om hulle te onderwerp aan die CHO-beginsels van die Universiteit. Die SR het ook 'n publikasie, waarin studente se perspektief op die Christelike karakter verwoord is, saamgestel en onder die titel "Van liefde en geloof en hoop" aan belangstellendes beskikbaar gestel.<sup>567</sup>

Prominente gebeure wat die SR en studente gedurende die termyn van Hermann met aangename herinneringe meegemaak het, was die besoek van die eertydse Adjunkpresident, Thabo Mbeki, op 23 Oktober 1995<sup>568</sup> en die daaropvolgende besoek van die eertydse Staatspresident, mnr. Nelson Mandela, saam met die Premier van die Noordwes-provinsie, mnr. Popo Molefe, in Februarie 1996.<sup>569</sup>



*Prof. Hendrik van der Wateren word tydens Internasionale Museumdag deur die SR met 'n oorkonde bedank vir sy pionierswerk om die PU-Kanamuseum te vestig  
(Bron: Wapad, 31 Mei 1996, p. 2)*

In die SR-termyn van 1995-1996 het transformasie op studentevlak besondere momentum gekry. Daaruit het ontwikkel die skepping van 'n transformasieforum met alle belanghebbende studenterolspelers, te wete die SSR, SASCO, SDT, PASO en PST daarin verteenwoordig.<sup>570</sup> Om die verteenwoordigingsbasis van die SR te verbreed, het die

Oorgangsraad vir Studentedeelname oor 'n wyer spektrum op 17 Oktober 1995 tot stand gekom<sup>571</sup> - Daniël Mkhonza is verkies as Voorsitter. Mkhonza is nog in dieselfde jaar deur mnr. Jeremiah Rabotapi vervang. 'n Studenteparlement is ook saamgestel uit verskillende belangkringe (koshuise, vakverenigings, studenteorganisasies, die SSR en persone in hul individuele hoedanigheid).<sup>572</sup> Ten spyte van hierdie meganismes wat ingestel is, het dit nie die vlaag kampusonrus in Augustus 1996, waarby sommige studente ook betrokke was, verhoed nie.<sup>573</sup>

Met die CHO-opmars,<sup>574</sup> en die kampusonrus nog vars in die geheue na die verkiesing van Augustus 1996, het Hansie du Plessis sy plek as nuwe SR-voorsitter ingeneem.<sup>575</sup> Die SSR van 1996-1997 was uniek in die sin dat nie 'n enkele SR-lid van die vorige termyn daarop gedien het nie - in sy geheel was dit dus 'n nuwe span. Daar sou sekerlik ook gevra kon word na die waarom vir hierdie tendens, aangesien kontinuïteit tog belangrik is. 'n Verdere vraag wat in hierdie tyd gevra kon word, was of die eise van transformasie en studenteleiers se deelname op hoogstevlak nie dalk net te veel vir die studenteleiers geword het nie. Hulle moes tog immers ook aandag aan die akademie gee. Hoe ook al, 'n ander uniekheid van hierdie nuwe SR was dat tien van die sestien nuwe SR-lede damestudente was.<sup>576</sup>

Demokratisering deur groter studentedeelname het steeds belangrike vordering gemaak,<sup>577</sup> maar die studente was minder optimisties oor die toekoms van die CHO.<sup>578</sup> Binne die raamwerk van die SR-werksaamhede en onder leiding van Hansie du Plessis is 'n herstrukturering van die bestaande SR vir die volgende termyn ondersoek om, soos altyd, aktiewer studentedeelname aan die georganiseerde studentelewe aan te moedig.<sup>579</sup> Vordering is ook gemaak met die ontwikkeling van 'n gedragskode vir die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram wat in hierdie stadium lankal nie meer die "ontgroening" van 1951 se dae was nie.<sup>580</sup> Te danke aan die werk wat in die Du Plessis-termyn verrig is, het die nuwe SR-portefeuille, Forum, laat in 1997 gerealiseer met Amos Mkhulelo as die Voorsitter.<sup>581</sup>

Gedurende die verkiesing vir die 1997-1998-termyn het die tweede dame ooit as SR-voorsitter, Gisela Horn, haar buiging gemaak.<sup>582</sup> Soos haar voorganger, Marlize Kruger, was sy ook 'n regstudent. Met die nuwe Onderwyswetgewing amptelik gereed, is 'n aantal histories rigtinggewende besluite in haar termyn geneem. Hieronder tel die besondere nuwe verwikkelinge rondom die Christelike grondslag van die PUK.<sup>583</sup> Ook moes uitsluitsel gegee word oor die tyd wanneer SR-verkiesings behoort plaas te vind. Onder sommige studente was die gevoel dat die finansiële las van die Mei- en Augustus-verkiesings te hoog is en die onderbreking in die derde kwartaalprogram 'n invloed het op die pogings om kontinuïteit in die studentelewe te verseker.<sup>584</sup> Hierdie nuwe verwikkelinge is bespreek binne die Universiteit se Taakgroep



Die SR van 1996 waarop tien damestudente gedien het: voor v.l.n.r Alicia le Roux, Bernhard Visser, Hansie du Plessis, Ilse Venter en Marthlé Coetzee middel v.l.n.r. Lodi Olivier, Louise Pretorius, Ronel Steyn, Ansie Marais, Gesela Horn, Lisl van Aarde en Henk Schalekamp agter v.l.n.r Marize de Klerk, Paula Turnbull, Hohan Weideman en James Kilbourn (Bron: Puk-Argief)

## R6000 se padtekens in koshuise gevind

MARLIZE LE ROUX

Nuusredaksie

GEDURENDE die Aprilreses het lede van die Potchefstroom Verkeersafdeling aasook Voedsel- en Inwondingsdienste ondersoekke in koshuise geloods.

Volgens mnr. Cassie van Rooyen, hoof van Veiligheid, het Beskermsydienste en die verkeersafdeling van Potchefstroom alle manskoshuise geïnspekteer op soek na onder andere padtekenbordjies. Dameskoshuise kan moontlik ook later geïnspekteer word.

Mnr. Dolf Engels, hoof van Beskermsydienste, sê dat die inspeksie gereal is in samewerking met die Puk-bestuur, die huisvaders en die HK's.

Padtekenbordjies en inligtingsbordjies ter waarde van R6000 is gevind. Volgens Attie Theron, onderprim van Veritas, is die inwoners van Veritas baie ongelukkig omdat hulle privaatheid nie in ag geneem is nie. Mnr. Willem Fienaar, huisvader van Veritas, het ook ontken dat hy enige ampleklike kennismame ontvang het van die inspeksie. Hy se verder dat geen HK-lede in kennis gestel is van die ondersoek nie. Volgens hom sou hy die kwessie eerder op 'n koshuisvergadering wou bespreek en wou hê dat die inwoners van die kamers die ondersoekspan moes vergesel.

Inligtingsbordjies wat die persoonlike eiendom van 'n koshuisinwoner is, is gekonfisieer saam met die eiendom van die verkeersafdeling en kon nog nie teruggevind word nie. Hy het egter 'n faktuur as bewys. Die Wilgers se prim., Fanie Hendriksz, het ook ontken dat hulle vooraf van die inspeksie ingelig is.

Mnr. Willem de Klerk, hoof van Voedsel- en Inwondingsdienste, sê dat hy slegs 'n roetine-ondersoek uitgevoer het in Patria en Veritas en dat hy nie deel was van die verkeersafdeling se inspeksie nie. Op sy eie ondersoek in Wanda het hy toevallig op 'n parkeermeter afgekom. Michelle van Antwerpen, primaria van Wanda, kon nie bevestig of daar nog geld in was nie.



*Op 'n liger noot: 'n berig oor studentestreke "R6 000 se padtekens in koshuise gevind"*  
(Bron: Die Wapad, 15 Mei 1997, p. 1)

14 - dié forum waar oor aspekte van die studentelewe gekoukus is. Taakgroep 14 het wel besluit dat die SR-verkiesing van 1999 af gedurende Meimaand gehou sal word, maar dit het nie in die praktyk gerealiseer nie.<sup>585</sup>

'n Ander aspek wat ook nooit tevore so duidelik in die funksionering van studenterade ter sprake was nie en wat binne die nuwe bedeling van besluitneming vereis is, is die opstel van 'n driejaarsakeplan vir die SR met die oog daarop om kontinuïteit te verseker. Die SR-grondwet is ook intringend hersien gedurende die termyn van Gisela Horn.<sup>586</sup> Ook die rol van die jarlang Korps Veritas Vincet het in gedrang gekom.<sup>587</sup>

Leon van Rensburg moes as verkose SR-voorsitter (vir 1998-1999) die nuwe besluite binne die voorgestelde SR-struktuur uitvoer.<sup>588</sup> In sy termyn is deurgaans geworstel met studentetransformasie, en wat die samestelling van die SR betref, is 'n struktuur gevestig<sup>589</sup> wat tot 2003 sou geld.

Met die oog op die SR-verkiesing van Augustus 1999 het studente versoek dat die SR 'n meer professionele benadering aan die dag moes lê.<sup>590</sup> Aan Riaan Bezuidenhout en die nuwe SR is die taak opgelê om onder meer gedurende die 1999-2000-termyn aan hierdie behoefte aandag te gee. 'n Nuwe millennium het aangebreek en gepaardgaande daarmee ook veranderinge van die volgende:

- die dekade-lange verwysing na die studenteraad as SSR is weer verander na SR;
- die herbenaming en samevoeging van sommige portefeuilles.<sup>591</sup>

Die stempersentasie tydens die 1999-2000-verkiesing was selfs aansienlik hoër as in die verlede - 'n gemiddeld van 63,4%. 'n Paar eerstes wat die verkiesing opgelewer het, was dat Zenzile Hlongwane as nuwe Voorsitter van die Politiese Raad aangewys is; sy was ook die eerste swart dame in die PUK-geskiedenis wat op die SR-bestuur verkies is.<sup>592</sup> 'n Ander hoofprioriteit vir die SR was die sosiale intergrasie van die PUK-massa. Nog in die termyn van Riaan Bezuidenhout het die SR die portefeuilje Prinsipiële Leierskap en Ontwikkeling geskep asook 'n spesiale portefeuilje, Sosiale Integrasie, maar laasgenoemde is nie gedurende sy voorsitterskap behoorlik gevestig nie, vanweë die bedanking van die persoon wat die pos moes vul.<sup>593</sup>

'n Derde dame wat daarin geslaag het om in die bestek van een dekade as SR-voorsitter verkies te word, is Heleen Mulder.<sup>594</sup> Verdere geskiedenis is gedurende die 2000-2001-verkiesing gemaak toe nog 'n dame, Bernice Basson, as SR-ondervoorsitter benoem is. 'n Handjievol ander dames het portefeuilles op die SR-bestuur beklee - met dames boonop as onderskeidelik redakteur van die studentekoerant Wapad, en as die stasiebestuurder van Radio PUK.<sup>595</sup>

Heleen Mulder en die SR van haar termyn moes opnuut besin oor die strukturering van die Studenteraad. Die besinning was nodig bloot omdat daar die voorafgaande tien jaar baie verskuiwings plaasgevind het ten opsigte van die verskillende portefeuilles. Met die herskryf van die SR-grondwet in 1999 het sommige strukture dus noodgedwonge drastiese veranderinge ondergaan. Dit het tot gevolg gehad dat sekere portefeuilles saamgevoeg is en ander weer as individuele portefeuilles bly voortbestaan het sonder dat dit vooraf werklik prakties getoets is. Na 'n volledige ondersoek is bevind dat sowat agt kernportefeuilles in die slag gebly het het: Borge en Borgkoördinering, Studentesteundienste, Skakeling (Intern en Ekstern), Studente-ontwikkeling, Regsadviseur, PU-Kleur, Verkiesings en Tug.<sup>596</sup> 'n Studente-indaba is ook op die been gebring om spesifieke sosiale integreringskwesties op die kampus sinvol te hanteer. Gedurende Heleen Mulder se termyn is die aanstelling van 'n SR-regadviseur in die Reg-



*Zenzile Hlongwane, Voorsitter van die Politiese Raad vir 1999-2000, maak geskiedenis deur die eerste swart dame in die PUK-geskiedenis te wees wat as lid van die SR-bestuur verkies is (Bron: PUK-Argief)*

skontoor ook gemaak.<sup>597</sup> Die effektiewe inskakeling van die Potchefstroomse Onderwyskollege se studentebedrywigheide by dié van die PUK na die samesmelting was ook grotendeels die taak van Heleen Mulder en haar span.<sup>598</sup> Die 2001-2002-termyn het 'n aanvang geneem, maar die opgewondenheid na die verkiesingsuitslae van die SR is effe gedemp toe SASCO op 7 Augustus 2001 met sowat 300 lede aan 'n optog deelgeneem het om hul ontevredeheid met die proses van sosiale integrasie te demonstreer. 'n Memorandum van griewe en eise is tydens die optog aan die PUK-bestuur oorhandig. SASCO het onder meer versoek dat die SR-verkiesing tersyde gestel moet

word en dat 'n interim-SR verkies moet word omdat daar aspekte in die SR-grondwet is waarmee hulle nie saamstem nie. Na agt geleenthede waarby alle rolspelers die geleentheid gehad het om insette te maak, met selfs een geleentheid waarby SASCO totaal afwesig was, is slegs van hierdie ontevredenheid kennis geneem.<sup>599</sup>


Christiaan Bezuidenhout het Heleen Mulder as SR-voorsitter vir die termyn van 2001-2002 opgevolg. Soos in die voorsitterstermyn van Dirk Hermann, het Christiaan ook die SR gelei met 'n "slagsspreuk-visie" getiteld "studente\_hartklop@Puk. Uitnemendheid deur jou are". Om aan "uitnemendheid" gestalte te gee is waardes soos integriteit, respek en deursigtigheid beklemtoon. Van die belangrikste sake wat in Christiaan Bezuidenhout se termyn besonder suksesvol benader is, is die herstrukturering van Akademiese Studenteverenigings (ASV's). Vanaf 2002 het slegs 11 akademiese studenteverenigings die reg op voortbestaan gekry.<sup>600</sup> Voorts is die SR-grondwet aangepas om kompetisie minder te beklemtoon en 'n groter betrokkenheid van minderheidsgroepe aan te moedig.<sup>601</sup>

Philip Steenkamp, voorheen Joolvoorsitter, was die meerderheid se keuse as SR-voorsitter vir die 2002-2003-termyn. 'n Nuwe, nog eens sprankelende "visie/slagspreuk" is geskep waarmee die nuwe SR wou bestuursleiding neem en gee: "Studentiteit gewaarborg!!" Die spesifieke behoefte waarop gedurende hierdie termyn gefokus wou word, was kwaliteit en dienslewering aan studente (soos veral ook in die Theuns Eloff-termyn etlike jare tevore). Definitiewe en volhoubare verandering binne studentgeledere was 'n ander belangrike prioriteit. Vir die eerste keer in 'n lang tyd was daar ook 'n besliste verbintenis tot die verstewiging van bande tussen Suid-Afrika se top-universiteite.<sup>602</sup> Reeds in Philip Steenkamp se voorsitterstermyn het die moontlikheid van samesmelting tussen die PU vir CHO en die Universiteit van die Noordweste ter sprake gekom.<sup>603</sup>

'n Vierde dame in PUK-geskiedenis, Janine Joubert, het tydens die 2003-verkiesing daarin geslaag om as SR-voorsitter benoem te word. Histories beskou, was hierdie Farmasiestudent se verkiesing histories die laaste onder die PU vir CHO-vaandel. Gedurende haar voorsitterstermyn moes die SR ook help besin oor die vooruitsigte van 'n bykomende SR-struktuur (oftewel 'n institusionele SR-struktuur) wat 'n mate van gesag oor oor al die kampusse sou uitoefen. Van hierdie struktuur, 'n institusionele studenteraad vir die nuut gestigte Noordwes-Universiteit (NWU), was sy die eerste SR-voorsitter.<sup>604</sup> Wynand Smit, 'n honneursstudent in Ekonomiese en Risikobestuur, is in September 2004 as die nuwe SR-voorsitter van die PUK-kampus verkies. Sy benoeming het noodwendig ook aan hom die posisie as Institusionele Voorsitter van die NWU-studente besorg, aangesien die bepaling tot op daardie tydstip gegeld het dat die kampus met die meeste studente hierdie posisie moes vul. Wilbur Kraak, 'n Sportkunde-student in sy derde jaar,

het ook geskiedenis gemaak deur die eerste student uit die benadeelde gemeenskappe te wees wat daarin kon slaag om op volwaardige wyse vir die voorsitterskap van die portefeuilje Sport en Rekreasie verkies te word. Twee ander portefeuilles vir studente uit hierdie gemeenskappe was teen 2004 nog vir hulle in die SR gereserveer.<sup>605</sup>

(Aan die einde van die hoofstuk is 'n volledige lys van Studenteraadvoorsitters en Raadsmedaljewenners).



*Wilbur Kraak die eerste student uit die voorheen benadeelde gemeenskappe wat vir die voorsitterskap van die portefeuilje Sport en Rekreasie verkies is  
(Bron: PUK-Argief)*



*Wynand Smit: SR-voorsitter, 2004-2005 asook Institusionele Kampusvoorsitter (Bron: PUK-Argief)*

- Ander sake
- *Studentebemagtiging versus die gesagsposisie van die Studentedekaan*

Met die aanstelling van prof. J.G. Williams as Studentedekaan en lid van die Strategiese Beplanningsgroep van die PUK aan die begin van 1990, is die basis gelê vir gekoördineerde leiding aan die georganiseerde studentelewe.<sup>606</sup> Leemtes is geïdentifiseer, waaronder die behoefté aan 'n meer geformaliseerde bestuursbenadering by die georganiseerde studentelewe. Op grond hiervan is gestructureerde opleidingsprogramme vir studenteleiers aangebied.<sup>607</sup> Onder leiding van die Studentedekaan is Huiskomitees met behulp van opleiding beter vir hul taak toegerus.<sup>608</sup> Op 1 April 1994 is prof. P.J.J.S. Potgieter as Studentedekaan benoem.<sup>609</sup> Sy termyn het saamgeval met die begin van 'n nuwe sosiopolitieke bedeling in Suid-Afrika. Die verkiesing van 27 April 1994 en die ingrypende veranderinge wat dit op politieke gebied teweeggebring het, het nuwe werklikhede en nuwe nasionale spelreëls tot stand gebring waarby die studentelewe van die PUK noodwendig moes aanpas.<sup>610</sup>

Een van die kontensieuse sake wat die aandag van die SR gedurende 1996-1997 geniet het, was die status van die SR binne die gesagshierargie van die Universiteit. Die SR wou nie onder die gesag van die Studentedekaan funksioneer nie. Volgens die SR was hulle 'n outonome entiteit wat deur die Raad van die Universiteit bemagtig is, en derhalwe slegs aan die Raad en die rektor as die Raad se verteenwoordigers verantwoording verskuldig is. Die studentedekaan se rol is deur die SR beskou as slegs 'n adviserend en raadplegend. Ook het die SR hulle daarop beroep dat hulle die bevoegdheid moes kry om in eie reg kontrakte te sluit.<sup>611</sup> Die hele kwessie rondom die bemagtiging van studenteleiers is bespreek tydens 'n bosberaad wat op 31 Oktober 1997 plaasgevind het.<sup>612</sup> Grotter erkenning van die SR se posisie is hierdeur verkry.<sup>613</sup>

Gedurende 1998 is egter voortgegaan om te besin oor die verhouding tussen die studentedekaan en die SR. As resultaat van die bespreking is 'n dokument, getiteld "Werkzaamhede en voorregte van die SSR" gebruik as basis vir die bepalings rondom die SR wat in die Statuut vervat is.<sup>614</sup> Daarmee het die gemoedere oor die rol van die studentedekaan vir eers tot rus gekom. Prof. H.J. Reyneke het vanaf 1 Oktober 2000 tot 2004 nog die studentedekaanspos gevul.

- **Die PUK- en POK-studente word (vrede-liewend) een**

Een van die belangrikste sake wat gedurende 2000 op die tafel van die nuwe SR gekom het, was die inskakeling en



*Proff. John Williams, P.J.J.S. Potgieter, en H.J. Reyneke - Studentedekane (Bron: PUK-Argief)*

integrasie van die Potchefstroomse Onderwyskollege se studentebedrywighede by die PU vir CHO.<sup>615</sup> Alhoewel die PUK en Pote reeds sedert 1992 saamgewerk het, het die integrasie ingehou dat die POK-koshuise PUK-koshuise geword het en die POK-studente voortaan deel sou wees van die jaarlike Jool en intervarsity. Eerstejaars sou ook deel wees van die O&B-program van die PUK.<sup>616</sup> Die SR het aanvanklik aanpassings gemaak sodat die POK-studenteraad 'n gekoöpteerde portefeuilje op die SR kon verkry. Die portefeuilje het ook as die POK-raad bekend gestaan.<sup>617</sup> Om kommunikasie te verbeter is besluit om selfs 'n studentesenaat daar te stel.<sup>618</sup> Dit was ook kort voor en gedurende, hierdie inskakelingsproses waarin Jool 'n nuwe dimensie gekry het met die aanwys van 'n Joolpersoonlikheid wat uit tien Jooldebutante verkies is. In 2004 is die tagtigjarige bestaan van die jaarlike Jooltradisie van fondwerwing vir liefdadigheid gevier.<sup>619</sup>

#### • Samesmelting tussen die PUK en die UNW wek besorgdheid

Vroeg in 2002 het die Minister van Onderwys aanbeveel dat die PUK met die Universiteit van Noordwes (UNW) saamsmelt. Die SR-voorsitter het daarop gewys dat dit die demografie van die PUK waarskynlik sal verander en dat die SR sy gewig sal moet ingooi om te verseker dat die proses glad verloop.<sup>620</sup> Dit het wel gebeur. Tog was die onderliggende vraag tot 2004 nog of hierdie samesmeltingsproses die kwaliteit van grade in die toekoms in gedrang sou bring.<sup>621</sup> Dit is uiteraard nie voorsien nie, maar slegs die tyd sou leer.

### 7.4 Die kultuursentrum van die PUK<sup>622</sup>

(Afdelings 7.4.2 tot 7.4.4 is hoofsaaklik saamgestel deur mnre. Horst Bülow en Peet Ryke van die PUK-Kultuurkantoor. Dankie daarvoor - Red.)

#### 7.4.1 Algemene Bestuur vir Kuns en Kultur (ABKK, later Kultuurraad)

Hierdie vereniging het in 1945 ontstaan en is sederdien as liggaam verantwoordelik vir die organisering van die wyd vertakte kuns-kulturele bedrywighede aan die Universiteit.<sup>623</sup> 'n Groep liggamoë het die ABKK gevorm wat as forum moes dien vir die verteenwoordigers van al sy onderliggame soos Alabama, Thalia, Debat, Skaak en Volkspele. Sodoende het die verskeie onderliggame kontak met mekaar op kuns-kulturele front gehad. Elke onderliggaam het gestrewre na die uitbouing van kuns en kultur in eie kring. Hulle is saamgesnoer deur die ABKK om in breër verband te ywer vir kuns en kultur. Die funksies van die ABKK was om skakeling te bewerkstellig tussen die

Kultuurraad van Potchefstroom, die FAK, die ATKV en ander kultuurorganisasies. Hulle het ook jaarliks 'n program opgestel vir aksies soos *sing-songs* voor Intervarsity, die deelname aan die ASB-kunsfeeste, die reël van kuns-kultuurfeeste en die samestelling van 'n sangbundeltjie.<sup>624</sup>

Teen 1952 het die ABKK uit slegs 12 lede bestaan. Tog het hierdie vereniging toegesien dat kultuuraktiwiteite aan die Universiteit beslag kry.<sup>625</sup> So byvoorbeeld het Thalia<sup>626</sup> in die veertigerjare begin en in 1956 het die Musiekvereniging bygekom.<sup>627</sup> Verenigings wat later toegevoeg is, was onder andere Montium, die PUK se stapklub, PUK-landsdiens - wat ingestel is op avontuur, kampe en uitstappies. Verdere to-evoeging was die Trompoppies, die Wyngilde, die Cantus-gilde asook die PU-Serenaders - 'n etniese sanggroep.<sup>628</sup>

Die sogenaamde toergroepe, waaronder Alabama, Thalia, die PU-koor, PU- Serenaders, PU-Kaners en die Boulevard Harmoniste getel het, was merendeels daarop ingestel om nie net kultuur as sodanig te beoefen nie, maar ook om die beeld van die PUK na buite te bevorder.<sup>629</sup> Baie lede van hierdie groepe het ook later op eie stoom bekende nasionale kunstenaars geword. In hierdie oopsig dien Johan van Rensburg van Alabama-faam as 'n goeie voorbeeld. Nie alleen het hy bekendheid verwerf met sy deelname aan Alabama nie, maar het hy ook as individu opgang gemaak in die musiekwêreld in Suid-Afrika.

Werner Nel<sup>630</sup> en Awie van Wyk kan ook dien as voorbeeld van persone wat deur hulle bydraes op musiekgebied die beeld van die PUK na buite bevorder. Hulle albei is steeds verbonde aan die Universiteit.<sup>631</sup> Hierbenewens was daar ook ander kultuurverenigings aan die PUK wat grotendeels in spesifieke studentebehoeftes voorsien het.<sup>632</sup> Sommige van hierdie verenigings het min lede maar tog bestaansreg gehad.<sup>633</sup> Hierdie verenigings sal afsonderlik behandel word. Kultuurprojekte soos musiekblyspiele, musikale interaksie, KUESTA, Talentfees en Filmfeeste sal ook afsonderlik bespreek word.

Take waarmee die ABKK hom in die vyftigerjare besig gehou het, was om onder andere die sangboekie van die PUK te hersien, konserte aan te bied, die Debatsvereniging en die Skaakkub te laat funksioneer, redenaarskompetisies te reël en die Volkspelelaer se ledetal so te vergroot dat die laer teen die einde van die dekade die honderdtalkerf verbygesteek het.<sup>634</sup>

Die ABKK het verskeie kultuuraktiwiteite van stapel gestuur en 'n volgehoue prominente plek beklee in die ontwikkeling van die kuns- en kultuurlewe op die PUK. Tydens die kunsfees wat van 24 tot 29 Maart 1958 gehou is,<sup>635</sup> het studente byvoorbeeld die geleentheid gekry om ook aktief deel te neem. Dit op sigself het 'n oplewing in die belangstelling van studente by kultuuraangeleenthede aangewakker.

Gedurende hierdie tydperk was 'n besondere goeie gees onder die PUK-studente merkbaar. Hulle het graag in groepe bymekaar gekom en dan spontaan liedjies gesing. Nuwe liedjies het hieruit ontwikkel wat inslag binne die PUK-kultuur gevind het. As uitvloeisel hiervan het die Musiekvereniging onder die jurisdiksie van die SR tot stand gekom. Die taak van die Musiekvereniging was om belangstelling en waardering ten opsigte van musiekaangeleenthede te bevorder.<sup>636</sup> Sang het 'n al hoe belangricker rol begin speel in die studentelewe. Daarom dat in 1959 besondere aandag aan die herdruk van 'n nuwe sangbundel gegee is. As uitvloeisel hier-

van is die Musiekvereniging se werksaamhede verder uitgebou.<sup>637</sup> Hierna is klassieke musiek (simfonie-uitvoerings, opera en ballet), asook ligte klassieke musiek (operettes) en ligte musiek waaronder folk, jazz en pop deur die Musiekvereniging aan die PUK bevorder.<sup>638</sup>

Die Musiekvereniging het programme van besondere hoë kunsgehalte aangebied.<sup>639</sup> Hulle het baie van talent uit eie geledere gebruik gemaak, maar het ook besoekende kunstenaars genooi om op te tree. Kunstfeeste is tydens die sestigerjare deurlopend deur die ABKK

### **Sing-songs-aande**

Destyds het 'n PUK-dirigent se pligte ook - by gebrek aan voldoende ander ontspanning - 'n weeklikse sing-songs-geleentheid in die ou Studente- of Hoofgebousaal ingesluit. Behalwe vir die gepubliseerde PUK-liedjies is soms "radio-liedjies" gesing. Anders as teen 2004 was die gewilde liedjies destyds Duits en nie Amerikaans nie. Gedurende 1953-1954 het die ABKK die PUK-liedjieboek hersien. Langs dié weg het sommige van die gewilde Duitse liedjies hul weg na die Liedjieboek gevind. 'n Kompetisie is ook gedurende hierdie jare uitgeskryf vir nuwe liedjies. Liedjies wat onder meer inslag gevind het in die liedereskatalogus van die PUK was die uwe se "PUK-studente laat ons saamstap" op die wysie van die Walliese "March of the Men of Harlech" en Selma van Schouwenburg (wat as hoofdame in hierdie hoofstuk vermeld word) se "Spykerbankies en predikantjies" op die wysie van die gewilde Duitse liedjie "Sigeuner Leben". Die ou universele studentelied "Gaudeamus Igitur" het ook in hierdie tyd, te danke aan Gert van den Bergh, 'n permanente deel van die PUK-liedereskatalogus geword en ook by ander Suid-Afrikaanse universiteite ingang gevind. Herinneringe, prof. Gert van den Bergh, Sept. 2004.



### **Die Kultuurkantoor**

Voor 1980 het die organisasie, bestuur en administrasie van die Potchefstroomkampus se kuns- en kultuurlewe by die kultuurverenigings van die Studenteraad, asook aktiwiteite van akademiese departemente gelê (die Departemente Musiek, Spraakleer en Drama en later Beeldende Kunste). Die Sentrum vir Kreatiwiteitopleiding het ook later bygekom en aan 'n behoeft onder veral die breë gemeenskap probeer voldoen. Met die opening van die Sanlam-ouditorium, sowel as die uitbreidende behoeftes van die studente en die gemeenskap, het die PUK besluit dat baie van die nie-akademiese aktiwiteite beter beheer en bestuur behoort te word, en dat advies aangaande kuns- en kultuurbedrywighede aan die studente en die gemeenskap 'n groot behoeft geword het. Daarop is die Departement Kultuur in 1980 as deel van die Studenteburo en parallel met die Sportburo op die been gebring. Horst Bülow (oud-Puk) is van RAU af-afgerokkel" en aangestel as eerste Hoof van die Departement.<sup>647</sup> Ander personeellede was Paul Wessels (verantwoordelik vir die Ouditorium), Jans Jonker (Regisseur van Alabama) en Christa Cloete (Sekretaresse). Mn. Wessels is later opgevolg deur Riaan van der Walt en Jans Jonker is opgevolg deur Pieter de Bruin. As gevolg van die groei van die Departement is 'n Bestuurder: Kultuur aangestel, naamlik Peet Ryke asook Idah Sontjane (administrasie). Voorts is Awie van Wyk (PU-koorleier) na die Departement oorgeplaas vanaf die Departement Musiek. Paul Khumalo (Ouditoriumassistent) het die geledere verder versterk. Die Departement is aanvanklik in die Studentesentrum gehuisves en in 1998 is die oudste gebou op die Potchefstroomkampus, die Heimat-gebou ('n nasionale gedenkwaardigheid) betrek.

aangebied en die Vreugdedagvierings,<sup>640</sup> wat toe die basis gevorm het van kultuuraktiwiteite aan die PUK, was 'n groot sukses.<sup>641</sup> In die vroeë sewentigerjare is hierop voortgebou toe die SR<sup>642</sup> 'n kommissie bestaande uit die Studenteraadslede van AOB en die voorsitters van KVV en ABKK gelas het om 'n ondersoek te loods na algemene ontspanningsgeleenthede as deel van die studentelewe. In 1974 is 'n rekordbedrag vir ontspanning begroot en is ook rolprente op 'n weeklikse basis aan studente vertoon. Gedurende hierdie tydperk is heelwat senior programmaande waar individuele studenterkunstenaars sowel as Thalia gereeld opgetree het, met groot sukses aangebied.<sup>643</sup> Ander kultuuraksies soos eerstejaarsdebat sowel as redenaarskompetisies het 'n al hoe groter rol binne kultuurverband begin speel.<sup>644</sup> Kuns-kulturele toekennings is gedurende hierdie periode aan verskeie persone gemaak, wat 'n duidelike bewys was dat kultuuraangeleenthede hoë prioriteit geniet het.<sup>645</sup>

In 1980 is die Departement Kultuur as deel van die Studenteburo op die been gebring.<sup>646</sup> Mn. Horst Bülow is aangestel as Hoof en onder sy bewame leiding is 'n heel nuwe dimensie aan kultuuraktiwiteite en ontspanningsaksies gegee.

Daarteenoor het 'n aansienlike verandering ingetree ten opsigte van die studentemassa se kultuurbehoeftes. Die dae toe die PUK-massa spontaan gesing het, was vir goed verby. 'n Nuwe era, gekenmerk deur passiwiteit in hierdie opsig, is ingelei, maar gepaardgaande daar mee het ook positiewe vernuwing gekom ten opsigte van ontspanningsaksies.<sup>648</sup> Veral Radio PUK en Cine-PUK het groot opgang gemaak. Die taak van Radio PUK was om deur medium van die kampusradio vermaak te verskaf aan PUK-studente. 'n Verdere doel was om inligting te

versprei en studente op te voed ten opsigte van musiek, wat oor die kampusradio gespeel is.<sup>649</sup> Hoë eise is deur die studente gestel ten opsigte van ontspanningsaksies en 'n baie meer professionele diens as wat vroeër die geval was, is versoek. Dit op sigself het 'n vernuwing in die era van ontspanningsaksies ingelui.<sup>650</sup> Die beskikbaarheid van die Sanlam-ouditorium met sy nuutste tegnologiese toerusting het beslis ook 'n invloed uitgeoefen op die standaard waaraan voortaan voldoen moes word.<sup>651</sup> Die Sentrale Eetsaal (kortweg Sentraal) is ook vir geleenthede benut, byvoorbeeld vir die historiese Pukstock '95 wat ontstaan het om ontluikende musikante in die studentergemeenskap groter blootstellingsgeleenthed te gee.<sup>652</sup>

#### 7.4.2 Kultuuraktiwiteite

- **Toergroepe**

- *Die Thalia-toneelgeselskap*

Die Thalia-toneelgeselskap is in 1946 gestig en was die tweede oudste studentekultuurtoergroep.<sup>653</sup> In 1949 reeds is 'n uitgebreide toer onderneem.<sup>654</sup> Hierdie aktiewe studentetoneelgroep het 'n ryk geskiedenis. Hulle het die land deurkruis en het elke jaar 'n nuwe toneelstuk opgevoer. In 1954 is "Gebed in Clarendon" aangebied. Die stuk is vertaal uit Frans deur die bekende PUK-skrywer, T.T. Cloete. Die hoofrol is deur Johan van der Vyver vertolk. Die volgende jaar het Thalia sy eerste toer na Namibië (toe nog Suidwes-Afrika) onderneem. Tydens hierdie toer het Thalia sy grootste wins sedert sy ontstaan gemaak - 'n hele £400.<sup>655</sup>



Die Thalia-groep van 1964 op pad vir 'n konserttoer deur die Boland (Bron: Die Wapad, 24 Jun. 1964, p. 1)

Thalia het ook dikwels by georganiseerde studentegeleenthede soos by Vreugdedagvierings, Helderdagvierings en soms by feeste van die Afrikaanse Studentebond opgetree.<sup>656</sup> Met verloop van tyd het Thalia werklik van krag tot krag gegaan en hulle gewildheid by die publiek het aansienlik toegeneem. Veral die tipe toneelstukke wat opgevoer is, het byval gevind. T.T. Cloete het die regie (en vertaling uit Frans) van die stuk "Kandidaat van Bommel" in 1960 waargeneem. In 1968 is die stuk "Die man met die lyk om sy nek" opgevoer, waarin Hans Strydom, vandag 'n bekende akteur, die hoofrol vertolk het. "Die

vonkel in haar oë" is in 1973 aangebied, met Theuns Elöff (die PUK se Rektor tot 2003 nog) en Suzette van der Westhuizen (nou Elöff) in die hoofrolle.<sup>657</sup> Die koms van televisie in 1976 het, soos dit met baie ander amateurtoneelgroepes die geval was, ook by Thalia sy tol geëis. Die toere het vinnig opgedroog en Thalia het daarna hoofsaaklik op die kampus gefigureer. Opvoerings is in 1986 gestaak.<sup>658</sup>

In 2000 het Thalia herleef as Thalia-toneel en die groep bied jaarliks toneelstukke op die PUK-kampus aan.

### ***Die Cachet-kleineater***

Met die sluiting van die eertydse Departement Spraakleer en Drama in 1993 het die Kleinteater daarvan saam verlore gegaan. Die behoefte aan so 'n fasilitet het egter bly bestaan. Met die ontwikkeling van die Cachetpark-winkelkompleks het die toenmalige Rektor, prof. Carools Reinecke, die ideaal gekoester om weer 'n kleinteater te vestig, en wel as deel van die nuwe ontwikkeling. So is die Cachet-kleineater in Junie 1998 amptelik deur die Voorsitter van die PUK-Raad, dr. Bart Grové, geopen. Dié teater is volledig toegerus met klank- en beligtingsapparaat en funksioneer as 'n volledig toegeruste venue. Sedertdien was die Cachet-kleineater al die tuiste vir toneelopvoerings, musiekconcerte, simposiums, vergaderings, opleidingskursusse en funksies van allerlei aard. 'n Verskeidenheid kunstenaars het ook al in die Cachet-kleineater opgetree - onder andere Patrick Mynhardt, Jana Cilliers en Elize Cawood.

#### • ***Die Alabama-studentegeselskap***

Die Alabama Studentegeselskap, soos die groep reeds in 2004 gebekend staan het, is in 1943 gestig as die "P.U.K.-Alabama Boere-orkes". Die belangrikste stigterslede was Barend Smith, Eskin Horn, Bokkie van der Merwe, Aucamp Möller en Naas Swart.<sup>659</sup> Barend Smith was die eerste orkesleier en Voorsitter en onder sy leiding het die Alabama Boere-orkes skriftelik by die Studenteraad om erkenning aansoek gedoen. Op 10 Mei 1943 het die Studenteraad die bestaan van die orkes erken. Die Rektor, prof. Ferdinand Postma, is in 1944 as die beskermheer benoem.<sup>660</sup>

Hierna het die Alabama vinnig gegroei en 'n positiewe bydrae gelewer om die PUK aan die algemene publiek bekend te stel. In 1945 is die "i" in Alabama met 'n "a" vervang en is die amptelike naam P.U.K.-Alabama-studente-orkes gebruik. Veertien jaar later is die "P.U" weggelaat en is die naam Alabama-studente-orkes vanaf 1959 gebruik tot 1962 toe die naam weer verander is na Alabama-studentegeselskap na 'n vernuwing in die programmaanbieding vanaf 'n verskeidenheidskonsert na 'n program met 'n sentrale tema.<sup>661</sup> Op die eerste bemarkingsplakkaat van Alabama is die toegangsgeld vir volwassenes aangedui as twee sjellings en ses pennies, en in 1962 as vyftig sent. Winste uit opvoerings is aanvanklik vir studieleningen aan die Reddingsdaadbond geskenk, en na 1944 aan die PUK-boufonds.<sup>662</sup>

Aanvanklik het die mans wit broeke en hemde met wynrooi skouerbande gedra. Die dames het Voortrekkerrokke gedra. Later is wynrooi baadjies met goue kapmoutjies

en 'n goue nekdoek gedra. Tydens die jaarkongres van die ASB in Heidelberg in 1960 was die PUK goed verteenwoordig.<sup>663</sup> Hier het die groep die eerste plek in 'n kompetisie vir studente-orkeste behaal.<sup>664</sup> Vanaf 1961 het die programme 'n totale gedaanteverwisseling ondergaan met die aanbieding van musiekbliese soos byvoorbeeld "Deur vier wêrelddele" en operettes. Sommige van die aanbiedings (met titels soos byvoorbeeld "Aggenee Bettie")<sup>665</sup> was splinternuwe skeppings, veral dié van Nesco du Toit. 'n Revue-program is vanaf 1967 aangebied op grond van die vernuwingswerk van Johan van Rensburg,<sup>666</sup> en die groep se eerste langspeelplaat het in 1968 verskyn. Hierna is Alabama se musiek dikwels deur die SAUK oor die radio gespeel sodat hul bekendheid en populariteit onder die algemene publiek begin groei het. 'n Verstommende oplewing was na 1968 te bespeur toe Alabama feitlik oral in die land vol sale getrek het. Die studente het van toe af nie meer nodig gehad om kaartjies in die strate van dorpe, waar hul sou optree, te gaan verkoop nie. Daar is wel nog 'n optog deur die strate gehou om die publiek se aandag op die opvoering te vestig.<sup>667</sup> In 1969 het Alabama die gesogde mini-Saritokenning vir die mees belowende sanggroep in 'n landswye kompetisie gewen.<sup>668</sup> Ander toekenning wat 21 jaar later gemaak is, is die Gratia-toekenning en 'n medalje van die Potchefstroomse Stadsraad<sup>669</sup> as 'n burgerlike erkenning van die besondere bydrae wat Alabama in belang van die gemeenskap van Potchefstroom gelewer het.

In 1993 het Alabama sy vyftigjarige reünie gehou. Oor 'n tydperk van 50 jaar is 'n ledetal van presies een duisend opgebou, en teen 2003 was die ledetal 1200. In dié ty-

dperk is altesaam 51 toere onderneem. Met 'n konserwatiewe skatting het Alabama 2 310 vertonings gelewer wat deur meer as 'n miljoen mense bygewoon is. Vanaf 1968 tot 2003 is 'n totaal van 530 liedjies op plaat, kasset

en/of kompakskryf opgeneem. Die liedere met Afrikaanse woorde was in 1993 reeds sowat 220 in totaal. Hiervan was 48 verwerkings van tradisionele Afrikaanse liedere en 52 skeppings van Alabama-lede of studente van die PUK.<sup>670</sup>

### **Nog meer oor Alabama**

Baie mense het die artistieke leiding van Alabama deur die jare waargeneem: Barend Smith was die eerste leier, en daarna het hulle heelwat gewissel. Die revueprogramme het verskeie leiers opgelewer: Johan van Rensburg (1966-1973), Louis Drummond van Rensburg (Johan se broer, 1974-1979), Jans Jonker (1980-1987) en Pieter de Bruin (1988-). Wat erepresidente betref, was daar nog net drie: prof. F.J. Labuschagne (1943-1959), prof. D.P. Erasmus (1960-1987), en Johan van Rensburg (1988-). Erelede van Alabama is mn. Roelf Versluis, mev. Affie Yssel, mnre. Jochem Toxopeus, Chris Windell, Piet van Maarleveld (Piet Fotokuns), en Henri Noppé (choreograaf). Wat toerouers betref, was daar ook baie, maar die rekord word gehou deur Pa Cas en Ma Baby Krüger (vir sewe jaar toerouers - van 1985 tot 1993).

Alabama het meer kere in die ou Suidwes-Afrika (Namibië) getoer, maar die voorreg om werklik "oor die water" te gaan, is deur die blote logistiek van Alabama se verhoogopset gekortwiek - tog is 'n reusepoging aangewend en is 'n toer na Taiwan (1985) met groot sukses deurgevoer. Sedert 1968 is jaarliks klankopnames gemaak wat eers op plaat verskyn het en deesdae natuurlik op CD. 'n Dubbel-CD "Alabama 50-jaar" het in 1993 verskyn, met opnames sedert 1951 daarop. Met die koms van TV (1976) het Alabama gereeld opnames gemaak wat gebeeldsend is, maar dié voorreg is die groep al jare nie meer beskore nie.

As deel van Potchefstroom se viering van sy 150ste bestaansjaar is 'n grootskaalse vyfdagreünie in 1988 gehou. Hiertydens het AlAlabama-lede aan 'n reusekonsert deelgeneem - stigterslede asook lede tot en met 1988 - almal kon weer doen wat hulle op hulle tyd gedoen het! In 1993 is weer so 'n reünie gehou - met die verskil dat oudlede se kinders ook hulle beurt op die verhoog gekry het. Hierdie reünies se verhaal kan 'n boek vul. Baie Alabama-lede het hulle later onderskei as uitvoerende kunstenaars - dink byvoorbeeld aan mense soos Rina Hugo, Karin Hougaard, Danie Niehaus, Marnus Rootman, Cassie van der Walt, Helene Bester, Johan van Rensburg, Natasja Groeneweld, Christa Steyn en Annatjie Davel.

Heelwat Alabama-lede het hulle later gewend tot die organisasie en administrasie van kunste- en kultuuraangeleenthede: Chris de Bruyn, Giep van Zyl, Horst Bülow, Peet Ryke en nog ander. Benewens die vermelde toekennings pryk 'n hele paar toekennings van die Republiek van China (Taiwan) ook in Alabama se vertoonkas. Die duur van die Alabama-suksesstorie was in 2003 reeds sestig jaar - 'n trotse prestasie om vir die die volgende sestig jaar op voort te bou!

Saamgestel deur mnre. **Horst Bülow en Peet Ryke** (Kultuurkantoor), Junie 2003



Van die Alabama-optredes (Bron: PUK-Argief)

- Die Potchefstroomse Universiteitskoor

Die Potchefstroomse Universiteitskoor is in 1955 gestig,<sup>671</sup> waarna dié koor herhaaldelik doodgeloop het, net om weer gestig te word.<sup>672</sup> Tot 1976 was hierdie koor onder leiding van prof. Pieter de Villiers, mnre. Hans Babst, Arie van Namen en mej. Ria Nel. (Ria Nel het ook voorheen die Ambassadeurskoor tot groot hoogtes gelei.)<sup>673</sup> Sedertdien en tot nog in 2003 was die koor besonder aktief en suksesvol onder leiding van prof. Awie van Wyk.<sup>674</sup>

Deur die loop van jare het die koor verskeie toere deur die RSA en Namibië onderneem. Musiek van hoë gehalte is aan 'n wye gehoor bekend gestel.<sup>675</sup> Die PU-koor het ook vier oorsese reise onderneem: in 1981 het die koor Engeland, Holland, Duitsland, Italië, Griekeland en Israel, besoek.<sup>676</sup> In Israel het die koor op uitnodiging aan die 12de Internasionale Zimriya-koorfees deelgeneem. In 1987 is die koor na Amerika genooi, waar 'n suksesvolle toer onderneem is.<sup>677</sup> Tydens hierdie geleenthed het die koor onder meer 'n baie geslaagde uitvoering in die bekende Westminster Choir College (Princeton) gegee. 'n Kort besoek is ook aan Europa gebring, waartydens 'n hele aantal konserte in SA-ambassades in Europa gelewer is.<sup>678</sup> 'n Uitnodiging na die dertigste Spittal Internasionale Koorkompetisie in Oostenryk het 'n volle konserttoer na Europa tydens Julie 1993 tot gevolg gehad.<sup>679</sup> Tydens die kompetisie het die koor die algehele tweede plek verower, asook die Publikumspreis ontvang as die gewildste koor.<sup>680</sup> Lande wat besoek is, was Nederland, België, Frankryk, Switserland, Oostenryk en Duitsland. In 1997 is weer 'n omvattende toer na Europa onderneem. Lande wat toe besoek is, was Slowenië, Oostenryk, België, Nederland en

Engeland.<sup>681</sup> In Amsterdam het die koor 'n hoogtepunt beleef met 'n optrede in die beroemde Concertgebouw.<sup>682</sup>

Die oorhoofse doel van die toere was om kulturele bande te smee en Suid-Afrikaanse, sowel as tradisionele musiek aan die buitenland bekend te stel. Verskeie klankopnames en TV-opnames is deur die koor gemaak wat dikwels oor radiostasies en televisie uitgesaai word.<sup>683</sup> Vir jare is gereeld transkripsie-opnames vir die SAUK gemaak. Vier CD's is reeds opgeneem, naamlik Credo (1993 uitgegee), Jericho (1996 uitgegee), Libera Mé (1998 uitgegee) en Kyrie (2000 uitgegee).<sup>684</sup> Libera Mé het in 1999 die SAMA-prys vir die beste kooropname verower, en Kyrie het in 2002 die Geraas-toekenning vir die beste kooralbum losgeslaan.<sup>685</sup>

Die PU-koor is al dikwels deur verskeie instansies soos onder andere die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), Oude Meester-stigting vir Skeppende Kunste, en die Suid-Afrikaanse Koorvereniging gevra om as gaskunstenaars en/of demonstrasiekoor op te tree. 'n Besondere voorreg het die koor te beurt gevall toe hul gevra is om as demonstrasiekoor op te tree vir die meesterklasse van die groot koormeester, Eric Ericsson, tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1993.<sup>686</sup>

Behalwe die gewone jaarprogram van die koor neem die koor gereeld deel aan die uitvoering van groter werke saam met simfonie-orkeste soos byvoorbeeld in Carmina Burana (Orff), Requiem (Mozart), Matteus-passie (Bach), Messias (Händel), Kroningsmis (Mozart) en Petit Messe Solennelle (Rossini), Requiem (Fauré), Ein Deutsches Requiem (Brahms), Requiem (Watt) en die St. Cecilia-mis (Gounod).<sup>687</sup>



Die PU-koor onder leiding van Awie van Wyk ca. 1990's (Bron: PUK-Argief)

Die koor het in 1988, nadat die ASB in 1986 ontbind het, weer 'n nasionale koorfees vir tersiêre inrigtings onder die vaandel van KUESTA op die been gebring. Sedertdien het KUESTA van krag tot krag gegaan. In 1994 is KUESTA op die Potchefstroomkampus aangebied.<sup>688</sup> Tydens die Standard Bank Nasionale Kunsefes van 1992 te Grahamstad het die koor 'n aantal hoogs suksesvolle konserte gelewer. Vir die Aardklop Nasionale Kunstfeeste in 1998, 1999 en 2000 is die koor gevra om die feesafsluitingskonsert met groot werke (koor en orkes) te lewer. In 2004 was die uitgebreide PU-koor en orkes se bydrae 'n uitvoering van Haydn se "Skepping". Die koor neem gereeld aan koorfeeste deel en organiseer jaarliks self 'n koorfees in Potchefstroom. Tydens die inhuldiging van 'n vorige Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, het die koor opgetree. Hulle het ook by die presidensie 'n uitvoering gelewer op uitnodiging van mev. Marike de Klerk, eertyds eggenote van die Staatspresident, F.W. de Klerk. Die koor het ook opgetree tydens die inhuldiging van nog 'n vorige Staatspresident, mnr. Nelson Mandela.

Die Internasionale Sentrum vir Koormusiek (ICCM) in België het die PU-koor vereer deur hulle te versoek om in April 2003 tydens hul jaarlikse geleentheid as gaskoor op te tree. Elke jaar word 'n koor van iewers in die wêreld deur die ICCM geïdentifiseer om as gaskoor op te tree. Sommige van die PU-koor se take was om konserte te hou, opleiding te gee, demonstrasies te lewer, ens.

Derhalwe was hierdie uitnodiging 'n besondere prestasie, maar ook 'n voorreg en 'n pluimpie vir die PUK.<sup>689</sup>

- *PU-Serenaders*

In die vroeë negentigerjare het die behoeftte by studente op die kampus ontstaan om, naas die Universiteitskoor wat veral in Westerse kunsmusiek gespesialiseer het, 'n koor tot stand te bring wat hoofsaaklik tradisionele Afrika-musiek sou sing. Op 19 September 1994 het hierdie ideaal formele beslag gekry met die stigting van die PU-Serenaders. Dit is interessant dat hierdie initiatief van 'n groep eerstejaarstudente gekom het. Die eerste dirigent was Michael Dingaan en die eerste voorsitter was Oupa Moloi, 'n ingenieurstudent.

Sedertdien het die PU-Serenaders aan verskeie nasionale kompetisies deelgeneem, waaronder die Ou Mutual-kompetisie en die ATKV-koorkompetisie. 'n Hele aantal toekenning is reeds aan die Serenaders gemaak. Die groep tree gereeld tydens konserte op die kampus op. Hulle word ook dikwels na amptelike funksies van die Universiteit, waaronder gradeplegtighede, genooi. Die groep se eerste toer was in 1999 na Lesotho waarna hulle 'n verdere besoek aan Qua-Qua gebring het. Die PU-Serenaders het ook in 2002, tydens die inhuldiging van die huidige Rek-



Die PU-Serenaders (Bron: PUK-Argief)

tor, dr. Theuns Eloff opgetree. Ander leiers van die groep ná Dingaan was Derrick Pule en Lebogang Morakile.<sup>690</sup>

- ***PU-Kaners / Akustic en Gaudium***

Bogenoemde twee studentegroepe was deel van die toergroepe wat studentevermaak aan die PUK en die breër gemeenskap verskaf het. Op versoek van die Departement Openbare Betrekkinge is die PU-Kaners in 1975 in die lewe geroep<sup>691</sup> as 'n vermaaklikheidsgroep wat jaarliks 'n program van ligte musiek, afgewissel met komiese items, aangebied het. Hierdie groep is veral gebruik vir studentewerwing op die platteland.<sup>692</sup> Hul eerste leier was Jans Jonker. 'n Ander bekende lid van die groep was Ralph Rabie, later bekend as Johannes Kerkorrel.<sup>693</sup> Hierdie klein orkes-/sang-/dansgroep het vanaf 1980 opgetree onder leiding van Koos Lessing. Hulle eerste plaat is in 1982 gesny.<sup>694</sup> 'n Hoogtepunt vir die PU-Kaners was toe hulle in dieselfde jaar die semifinale in die Crescendo-kompetisie van die ATKV gehaal het.<sup>695</sup> In 1985 is die PU-Kaners se naam verander na Akustic en daarna het die groep hoofsaaklik as orkes gefunksioneer.<sup>696</sup> Akustic het by intervarsities opgetree en dikwels die begeleiding vir bekende solokunstenaars soos Karen Hougaard verskaf. Die groep het in die negentiger jare tot niet gegaan, veral omdat die gewilde sing-songs-geleenthede van die studente in hierdie dekade "tot stilstand gekom" het.<sup>697</sup>

Gaudium was 'n studentegroep van die NG Kerk wat vanaf die sewentiger- tot die negentigerjare bestaan het. Gedurende hierdie tyd het die groep soms ontbind, maar weer daarna vir korter periodes 'n oplewing getoon.<sup>698</sup> Die groep het bestaan uit 'n orkes en sangers. Kort toere is soms onderneem, maar hulle optredes was merendeels tot Potchefstroom beperk en het verband gehou met kerkaksies.<sup>699</sup>

- ***Die Boulevard Harmoniste***

Tydens talentfeeste in die vroeë negentigerjare het twee à capella-ensembles uitgestaan. Hulle was die Singing Club en die Submediante. Die tans internasional bekende tenoor, Kobie van Rensburg, was die leier van albei groepe. Sy verhuisig het die groep ongelukkig tot niet laat gaan. 'n Hernude behoeft daarvoor het aanleiding gegee tot die stigting van 'n nuwe groep, genaamd die Boulevard Harmoniste.<sup>700</sup> Hierdie groep het hoofsaaklik bestaan uit senior studente<sup>701</sup> wat 'n sesstem- a capella-groep gevorm het met drie dames en drie mans (twee soprane, 'n alt, 'n tenoor, 'n bariton en 'n bas). Alhoewel die Boulevard Harmoniste hoofsaaklik klassieke werke gesing het, is die program soms aangevul met ligte en volksmusiek.<sup>702</sup>

In 1994 het die groep onder leiding van Rudolf de Beer die PUK by die Standard Bank Nasionale Kunste fees in Grahamstad verteenwoordig. Hulle optrede was 'n groot sukses, waarna besluit is om die groep permanent te vestig. Sederdien het gehoor. Drie CD's (Recital, Necessities en Tempo) is intussen hulle van krag tot krag gegaan. Die Boulevard Harmoniste tree jaarliks op by onder meer Aardklop (Potchefstroom) en die Klein Karoo Nasionale Kunste fees te Oudtshoorn.<sup>703</sup> Ander sentra in die land het ook al baie van hierdie besondere groep gesny en bemark. Twee konserttoere is na lande soos Spanje, Duitsland, Slowenië, Tsjeggië, Frankryk, en Oostenryk onderneem.<sup>704</sup> In 2001 en 2002 het die groep die nasionale Forté-kompetisie van die ATKV vir ensemblegroepe in klassieke musiek gewen.<sup>705</sup>

- **Ander kultuurverenigings**

Naas die toergroepe was 'n aantal ander kultuurverenigings ook op die PUK-kampus bedrywig, en meestal onder die oorhoofse bestuur van die Studenteraad. Ander groepe het by kerke ingeskakel of by instansies soos die ATKV.<sup>706</sup> Hieronder tel onder andere die volgende: Anglia, 'n Engelse kultuurvereniging en die ATKV-studentetak Rek-den-Bek, die eerste volwaardige studentetak van die ATKV op 'n kampus in Suid-Afrika. Heelwat van hierdie verenigings het teen 2003 reeds ontbind.

Alhoewel dit 'n onbegonne taak sal wees om gegewens oor al die verenigings wat sedert 1951 op die PUK gefunksioneer het (en waarvan sommige weer ontbind het) te boekstaaf, is 'n poging aangewend om minstens 'n lys te maak van die verenigings wat in die onderskeie dekades ontstaan het:

Die Volkspeelaer was in die vroegste jare na selfstandigwording 'n vereniging wat besonder aktief en gewild was. Toere is landswyd onderneem waartydens lede van die groep skole besoek het en skoolkinders geleer het om volkspele te doen. Sedert laat in die tagtigerjare het belangstelling in volksspele getaan, maar teen 2003 was daar weer 'n mate van herlewning.

Die Voortrekker Staatmaker-kommando as deel van die Voortrekkerbeweging het aanvanklik bekend gestaan as die Jukskei Staatmaker-kommando, en het die studenteafdeling van die Nasionale Voortrekkerbeweging verteenwoordig. Die doel daarvan was om die Afrikaner se volkskultuur aan die jeug oor te dra en om by die jeug die kennis van hul kultuurhistoriese verlede huis te bring, sodat uit die verlede geneem kon word dit wat mooi en goed is en 'n toekoms daarop te bou.<sup>707</sup> Die bedoeling was ook om die jeug te lei om sy kulturbodem te waardeer en te bewaar.<sup>708</sup> Deur die loop van jare was die Voortrekkerbeweging besonder aktief. Hulle het deelgeneem aan 'n verskeidenheid aktiwiteite waardeur die Afrikaner se kultuur bevorder en uitgebou is.<sup>709</sup>

Die oorspronklike vereniging wat redenaars en debatteerders se belang behartig het, was bekend as die Retoriiese Vereniging.<sup>710</sup> Interuniversitêr het baie suksesvolle debatte plaasgevind. In die vyftigerjare is dié vereniging herdoop na die P.U.-Debatsvereniging.<sup>711</sup> Min belangstelling het die aktiwiteit van die vereniging byna tot stilstand gebring. Teen die negentigerjare was oplewing weer merkbaar en die naam van die vereniging het verander na die *Potchefstroomse Redenaars- en Debatsvereniging* (PRDV).<sup>712</sup>

Skaakspelers van die PUK het die Skaakklub in 1950 herstig met 'n ledetal van 50 studente.<sup>713</sup> Aanvanklik het die Skaakklub by die Skrywerskring 'n tuiste gevind,<sup>714</sup> maar het dit later selfstandige gefunksioneer. Wat die aktiwiteit van die Skrywerskring betref, is oorspronklike werk van studente in hul eie publikasie met die naam *Lens* gepubliseer.<sup>715</sup>

Hiernaas het die Momento-dansgroep (voorheen Poot Note) vir jare onder leiding van dr. Maryn Botha gestaan. Die revuestyl van die groep, sedert dié naamsverandering in 2001, het verander na dié van 'n konsertdansgroep. Hulle tree dikwels op as vermaakklikheidsgroep by Gold Reef City in Johannesburg. Cine-PUK was die voorganger van die Filmvereniging - waarskynlik een van die oudste verenigings aan die PUK. Teen 2003 was die Filmvereniging steeds aktief inveral die vertoon van kunsfilms in 'n lokaal by die Ferdinand Postma-biblioteek. In die vyftiger- en sestigerjare is films in die Totius-saal aangebied. Video- en 16 mm-film word tans gebruik.

Die PUK Wyngilde is 'n vereniging wat in die sewentigerjare gestig is. Wynproegeleenthede en wynkursusse word dikwels op die PUK-kampus aangebied, sowel as tydens die jaarlikse intervarsity

*Florna* (wandelpadstappers) het aanvanklik as 'n sustervereniging van *Montium* (Stap-en-Kransklimklub) gefunksioneer, en laasgenoemde was een van die oudste verenigings op die PUK.<sup>716</sup> Verskeie bergreekse is deur die loop van jare aangedurf.<sup>717</sup> Die Restorasio-vereniging het oudhede gerestoreer en hulle beywer vir die bewaring van oudhede.

Die *PUK-trompoppies* (ook bekend as die PUK-”Cheerleaders” of Pukkies) is in 1975 gestig. Die doel was om by rugbywedstryde (intervarsity), tydens Karnavaloptogte (later Jool) en ander soortgelyke funksies, op te tree. Mn. Johan Aucamp van die Departement Openbare Betrekkinge aan die PUK, het die groep aanvanklik op die been gebring. Hy het ook die afrigting waargeneem. Me. Colleen Cochrane was vanaf 1991 die afrigator en me. Christa Cloete die voog.<sup>718</sup> In Mei 1992 is die trompoppies tydens die SA Kampioenskappe by Sun City as wenner uit 140 groepe aangewys.<sup>719</sup>

Die groep het vir 'n lang tydperk onder voogdyskap van die Intervarsity-komitee van die SR gefunksioneer; vanaf 1991 het die groep onder die SR se Kultuurraad geval. Teen 1998 het die aard en styl van die groep verander na die voorbeeld van die bekende Amerikaanse “Cheerleaders”. Tot 2003 nog het die groep as die PUK Cheerleaders bekend gestaan en hulle optredes by byeenkomste is as baie gewild bestempel.

In 1981 is die *Klassieke Kitaarvereniging* gestig. Die uitsluitlike doel van die kultuurvereniging, die *Deutsch Afrikaner Studentenbund (DAS)*, was om 'n tuiste te skep vir PUK-studente wat in die Duitse taal en kultuur belangstel. Voorts is daar ook 'n koperblaasensemble, *Buzzin*, wat vroeg in die negentigerjare ontstaan het onder leiding van Peet du Toit. Hulle neem dikwels deel aan nasionale kunstefeste. Dan is daar ook die *Cantus Gilde*-vereniging wat geskoei is op 'n Belgiese model. Tydens byeenkomste word tradisionele liedjes gesing. Lede trek dikwels kostuums aan wat die tema van 'n byeenkoms uitbeeld. Vrolikheid en humor vorm deel daarvan. 'n Sangbundel, die *Kodeks* is saamgestel en word gebruik as bron vir die liedjes wat gesing word. *Dumelang* is as vereniging is in 1999 gevestig om hoofsaaklik versoening te bewerkstellig tussen Afrika- en Westerse kulture. Hulle het al dikwels aksies aangebied waar studente die geleentheid kry om met verskillende kultuurgroepe te kommunikeer.<sup>720</sup>

*Klub Outeniqua* is 'n kultuurvereniging wat 'n sterk assiasie gehad het met die era toe dames vrywillig militêre diensplig in George gedoen het. Dan is daar ook 'n potpourri van ander verenigings soos die *Filatelievereniging* as tuiste vir seëlversamelaars; *Fotiek* met as fokus die neem van foto's en die ontwikkeling daarvan; *Jong Dames Dinamiek*, 'n nasionale vereniging vir jong Afrikaanse dames, wat redelik aktief op die PUK was, het kultuurbelange behartig, maar het ook politieke ondertone gehad. Die *PUK-Simfonie-orkes* is 'n groep wat vroeg in die negentigerjare deur 'n dosent in die Departement Frans, Eric Kayayan, in die lewe geroep is. Teen 2003 het hierdie orkes onder leiding van Fanie Jooste gestaan.

### 7.4.3 Kultuurprojekte

- **Musiekblyspele**

Die eerste volwaardige musiekblyspele wat op die kampus aangebied is, is gedoen deur die destydse Departement Spraakleer en Drama. In 1980 is *Fiddler on the Roof* aangebied en in 1981 *Sound of Music* (o.a. met André-Jacques van der Merwe, Suzette Eloff en Karen Meiring in die onderskeie rolverdelings, asook Christa Steyn as orkesleier).<sup>721</sup> Die produksie en regie is gedoen deur Peet van Rensburg,

dosent in die Departement. Na hierdie produksies was dit stil aan eie front, maar baie blyspiele is op die kampus opgevoer (hoofsaaklik produksies van TRUK). Voorbeeld is *Annie get your gun*, *Gigi*, *Paint your wagon*, ensovoorts.

Jare later, vanaf 1997 tot 2000, is 'n reeks jaarlike blyspiele opgevoer onder musikale leiding van senior studente soos Richter Grimbeek (*Broadway Skouspel*, *Binglestraat en Downtown*), asook Pierre van der Westhuizen (*Deliverance*)<sup>722</sup> - hy het die hele blyspel nie net gelei nie, maar saam met Johan Vorster self oor 'n periode van twee jaar geskryf en ontwikkel. Alle aspekte van hierdie blyspelopvoerings is gedoen deur studente - ook die tegniese aspekte hiervan.

### • Musikale interaksie

In 1983 is 'n reuseproduksie deur die Departement Ontwikkeling, in samewerking met die Department Kultuur van stapel gestuur - hoofsaaklik 'n fondswerwingsprojek.<sup>723</sup> Dit was die eerste produksies wat in die Sanlam-ouditorium aangebied is en deur SABC-televisié opgeneem en uitgesaai is. Die hoofkunstenaar was die legendariese Eve Boswell, met begeleiding deur 'n uitgebreide vol orkes onder leiding van Louis Drummond van Rensburg. 'n Reeks ander bekende kunstenaars het die prentjie voltooi, byvoorbeeld Nic Taylor, Randall Wicomb, Rina Hugo, Karen Hougaard, Danie Niehaus, Alabama en ander.<sup>724</sup> In 2003 klink 'n produksie soos dié redelik gewoon, maar vir daardie jare was dit 'n groot onderneming.

### • KUESTA

Soos vroeër vermeld, het die tot niet gaan van die ASB in die tagtigerjare ook een van die belangrikste studentekunsfeeste, KUESTA, laat verdwyn. In 1988, tydens die feesviering om Potchefstroom se 150ste bestaansjaar te herdenk, en op inisiatief van die Departement Kultuur en die PU-koor, is besluit om die Nasionale KUESTA-koorfees te laat herleef.<sup>725</sup> Met 'n baie skrapse begroting en met 'n klein borgskap van die Stadsraad het die fees toe gestalte gekry. Tydens die volgende fees in 1989 in Stellenbosch, onder leiding van die bekende Pieter van der Westhuizen, het KUESTA formeel struktuur gekry deur die stigting van die KUESTA-vereniging.<sup>726</sup> Die hoofkantoor is sedertdien op die Potchefstroomkampus en die fees word jaarliks of tweejaarliks, roterend op die kamпусse van die stigterslede aangebied (die stigterslede is die sogenaamde historiese Afrikaanse universiteite). Deur die jare het die fees ook 'n internasionale kleur gekry op grond van die deelname van dirigente en kore vanuit ander wêrelddele. In 1994 is die grootste KUESTA-koorfees (tot op hede) in Potchefstroom aangebied. Negentien kore, onder meer die Schola Kantorum onder leiding van Kare Hanken (Oslo) het deelgeneem.<sup>727</sup> In 2002 het die KUESTA-vereniging 'n verdere vertakking,

naas dié van die koorfees, bygekry. Dit is naamlik die KUESTA-serenadekompetisie, wat die Nasionale Serkompetisie van die voorafgaande aantal jare vervang het.

### • Talentfees

In 1984, op grond van die inisiatief van die personeel van die Departement Kultuur, is begin met die Kampus-talentfees. Aanvanklik was daar ses kategorieë waarin studente kon meeding. Hierdie kategorieë is reeds in 1985 uitgebrei na 13 kategorieë, met onder meer die byvoeging van skeppende kunste.<sup>728</sup> Die fees het teen 2003 uit twee dele bestaan, naamlik 'n skeppende en 'n uitvoerende afdeling. Binne die skeppende afdeling val die volgende kategorieë: komposisies vir ligte en ernstige musiek, skryfkuns, fotografie en visuele kuns. Die uitvoerende afdeling bestaan uit die volgende kategorieë: sang - ligte en ernstige musiek, indiwiduele solonommers, duo's, trio's en groepe; die instrumentale nommers sluit ligte en ernstige musiek in - indiwidueel en deur groepe uitgevoer. Voorts is daar ook kategorieë vir tradisionele musiek, vertolking en beweging.<sup>729</sup>

Die fees was in 2003 steeds een van die gewildste kultuurprojekte op die Potchefstroomkampus, wat jaarliks meer as 200 inskrywings lok. Baie van die winners van kategorieë en die fees as geheel is vandag kunstenaars in eie reg en nasional en selfs internasional bekend, byvoorbeeld Kobie van Rensburg, Karen Hougaard, Sally du Randt, Annatjie Davel, Pierre-Jacques Joubert en Erica El-off. Die fees is die belangrikste enkele vertoonvenster van die variasie en gehalte van studentekunste op die kampus.

### • Filmvertonings en Filmfees

Die eerste volwaardige 35 mm-filmvertonings op die kampus het in die Totius-saal plaasgevind. Weens die gewildheid daarvan, die swak klank ten spyt, het 'n filmvereniging met die naam Cine-PUK ontstaan, wat die voorloper was van die huidige PUK-filmvereniging.<sup>730</sup> Dié vereniging het gereeld een maal per week bekende kunsfilms op 16 mm vertoon en dit daarna bespreek.<sup>731</sup>

In 1986 het die PUK Ster-Kinekor genader vir 'n donasie. Ster-Kinekor kon nie die kontant bewillig nie, maar het voorgestel dat die PUK, met hulle samewerking, 'n filmfees aanbied.<sup>732</sup> 'n Reëlingskomitee onder leiding van die Departement Kultuur, in samewerking met 'n PUK-keurpaneel, is saamgestel. Hierna is aan die werk gespring en hieruit is die eerste PUK-kunsfilmfees gebore - die eerste groot filmfees op 'n universiteitskampus. Die filmdoek vanuit die Totius-saal is na die ouditorium verskuif en 'n tweedehandse 35 mm-filmprojektor is by Ster-Kinekor aangekoop en permanent geïnstalleer. Van daardie jaar af is die fees jaarliks met groeiende sukses aangebied. Van

meet af aan was dié fees anders en het dit, getrou aan die wese van 'n universiteit, 'n sterk opvoedende aard gehad. 'n Publikasie met gespesifieerde inligting oor die films is uitgegee en georganiseerde besprekings van aspekte van die films het voor en na vertonings plaasgevind.<sup>733</sup> Hierdie filmfeeste het 'n heel ander dimensie verteenwoordig en daar kan met reg beweer word dat die Filmfees anders ingekleed was as by 'n gewone filmvertoning. Later is ook enkele kommersiële films van hoë gehalte vertoon, maar die klem van die fees het nog steeds op kunsfilms gevallen.<sup>734</sup>

### • Kunsteeste

Die Universiteit, deur middel van sy Departemente Kultuur en die Skool vir Musiek, gee op verskeie maniere ondersteuning aan die drie groot nasionale Kunsteeste in Suid-Afrika.

### • Die Klein Karoo Kunsteefe en die Graha-mstad Nasionale Kunsteefe

Sedert 1991 neem verskeie studentegroepe en individue jaarliks deel aan een van bogenoemde twee feeste. Dit het onder andere die optredes ingesluit van die Boulevard Harmoniste, Pierre-Jacques Joubert, Erica Eloff, Jacques Imbrailo, Machiel Roets en sy kabaretgroep, Buzzin en baie ander. Ook PUK-kunsuitstallings het op hierdie feeste 'n eie plek. Van al die universiteite stel die PUK al die jare 'n hoë premie daarop om aan hierdie feeste deel te neem.<sup>735</sup>



### • Aardklop Nasionale Kunsteefe

Sedert die ontstaan van Aardklop in 1998 beklee die Universiteit 'n kardinale plek in die aanbieding van die Fees. Behalwe vir die beskikbaarstelling van fasiliteite en dienste en die deelname van PUK-kunstenaars, is die Universiteit een van die hoofborgte van die Fees. Sommige van die personeel by veral die Kultuurkantoor is direk betrokke by die organisasie van hierdie nasionale kunsteefe. Die Sanlam-ouditorium is die sentrale aanbiedingsplek van die fees en 'n groot deel van die akkommodasie word deur die Universiteit verskaf. Personeel en studente van die PUK vorm elke jaar 'n integrale deel van die produksies, waarvan die Universiteitskoor, Alabama en produksies van die Skool vir Musiek gereeld hoogtepunte lewer.<sup>736</sup> Behalwe dat die PUK heelwat insette tot Aardklop lewer, bied die fees op sy beurt enorme reklame vir die Universiteit - duisende mense besoek die Potchefstroomkampus tydens die fees. Die rektor van die Universiteit is een van die beskermhere van die Fees.

#### 7.4.4 PUK-kunstenaars


Die PUK is daarvoor bekend dat bewese kunstenaars jaarliks opgelewer word wat hul plek volstaan in die Suid-Afrikaanse kunstewêreld. Onderstaande is 'n poging om 'n idee te gee van kunstenaars wat aan die PUK gestudeer of gedoseer het of steeds doseer:



**Sommige van die PUK-presteerders op kultuurgebied**

Llgte musie /Jazz/	Ernstige musiek	Toneel/radio/TV	Skrywers/Digters	Visuele Kunstenaars
<b>Tradisioneel</b>				
Anna Davel	Awie van Wyk	At Botha	C.S. Badenhorst	Annalize-Bowker Marais
Alabama	André Howard	André-Jaques van der	Cor Dirks	August Venter
Richter Grimbeek	Albie van Schalkwyk	Merwe	André P. Brink	Barend Grobbelaar
Ambrosia	Andriëtte Olivier	Abrie le Roux	Corrie Swanepoel	Chris Diedericks
Kontras	Micheal Dingaan	Annelize Bosch	Elsa Kruger	Cronjé Lemmer
Cassie van der Walt	Boulevard Harmoniste	Monica Breedt	Elsabe Steenberg	Daleen Steyn
Christa Steyn	Daleen Kruger	Charles Fourie	Engela Linde	Franciska Badenhorst
Danie Botha	Dirkie Nell	Elize Scheepers	Hans du Plessis	Gerda Grové
Danie Niehaus	Douglas Bull	Everet Snyman	Heilna du Plooy	Hennie Kruger
Elsie Cunning	Eddie Davey	Frans Marx	Hein Viljoen	Jean Lampen
Greta Jones	Erica Eloff	Gerrit Schoonhoven	Helene de Kock	John Botha
Helene Bester	Fanie Jooste	Hans Strydom	Henk Rall	Klaas Havenga
Herman van die Berg	Gyorgy Fazakas	Hannes Muller	Jan Swanepoel	Louisemarié Combrink
Karen Meiring	Marinda Snyman	Mariëtta Kruger	Johan van Wyk	Marrianna Booyens
Ina Engelbrecht	Hans Herbs	Wim Beukes	Kobus Myburgh	Mariena Koeleman
Janita Claasen	Henk Temmingh	Marize de Klerk	Leon de Villiers	Martie Bothma
Jans Jonker	Henriëtte Zaaiman	Netta Schutte	P.W. Buys	Muller Ballot
Hendrik Barnard	Francois du Toit	Peet van Rensburg	Rudolf Willemse	Mynderd Vosloo
Anneke Coetzer	Bernarda Vorster	Niekie van den Berg	P. Sorgdrager	Nola Strauss
Karin Hougaard	Martin Watt	Johannes van der Walt	Henriëtte Grové	Philip Badenhorst
Johannes Kerkorrel	Kobie van Rensburg	Alet Joubert	Elna Jordaan	Titia Ballot
Johan van Rensburg	Jaco van der Merwe	Joan Crafford	Renata Coetzee	Tommie Ferreira
Kaktus	Pierre-Jacques Joubert	Chanté Hinds	T.T. Cloete	Tryntje Buys
Lhente-Marie Grimbeek	Piet Koornhof	Pierre van Pletzen	Totius	Mynderd Vosloo
Louis Drummond van	Pieter de Villiers	Kristi Herbst		
Rensburg	PU-koor	Karien van der Merwe		
Machiel Roets	PUK-simfonieorkes	Faan van Tonder		
Natasja Taljaard	Rudolf de Beer			
Natasha Groeneveld	Sally du Randt			
Niel Prins (Alchemy)	Sylvia Steyn			
Pieter du Bruin	Truida Oliver			
Pieter Ferreira	Waldo Weyer			
PU-Serenaders	Werner Nel			
PUK-Stix				
Quinten Pendle				
Rina Hugo				
Sanet Nel				
Suzette Eloff				
Theresa du Plessis				
Wilhelm Claasen				

Werk van Mynderd Vosloo



Karin Hougaard



Mariëtta Kruger


Danie Niehaus



Christa Steyn



Niekie van den Berg



Chanté Heinds



Werner Nel



Danie Botha



Johan van Rensburg en Rina Hugo

Jaar	Mans	Dames
1951	B. Spoelstra	L. van Rooy
1952	J. Lighelm	M.E. Struwig
1953	V.E. d'Assonville	S. Erasmus
1954	J. Visser	S.J.E.M. van Schouwenburg
1955	P.C. Snyman	E. Kruger
1956	T. van der Walt	M. Scheepers
1957	T. van der Walt	C. Smit
1958	D. Postma	B.L. Kruger
1959	H.J.D. van der Walt	H. van der Dussen
1960	H.J.D. van der Walt	M.E. Botha
1961	J.J. de W. Krüger	C.W. Postma
1962	J.S. du Plooy	H.F. van der Walt
1963	J.J. de Jager	B.J. Geertsema
1964	S.J. du Plessis	K. Jordaan
1965	R.J.P. du Plessis	A. Griffioen
1966	F. van der Walt	W. le Roux
1967	W.N. Coetzee	R.I. de Klerk
1968	J.P.L. van der Walt	H.J.G. Venter
1969	C.F.C Coetze	H.C. Lubbe
1970	T.J. Kruger	B.E. Marais
1971	L. Wessels	L.J. van der Vyver
1972	S.J. van der Walt	C.M. Roestorf
1973	J.J. Janse van Rensburg	E.C. Schlebusch
1974	P.W.A. Mulder	C.J. Lindhout
1975	M. Schalekamp	G.J. Kruiderink
1976	J.J. Pretorius	C. Taljaard
1977	T. Eloff	I. Kuun
1978	T. Eloff	H. Stoker
1979	J.D.S. de Bruyn	G.M. van der Walt
1980	J.L. du Plooy	I.J. Jansen van Rensburg
1981	J.L. du Plooy	G.E. Scholtz
1982	F. van Niekerk	M. van der Merwe
1983	L.J. van der Merwe	A.J.M. Liebenberg
1984	D.F. du Plessis	G.J. Hattingh
1985	H.G. Stoker	S.A. Lemmer
1986	P.A. Nel	C. Coetze
1987	V.E. d'Assonville	A. Stoker
1988	J.C. Coetze	A. Erasmus
1989	S.P. van der Schyff	M. Kruger
1990	R.F. Terblanche	A.S. Coetze
1991	G.J. Coetzer	M. Horn
1992	J. Boonzaaier	J.L. du Plooy
1993	D. Venter	F.C. Oosthuizen
1994	P.C. Pelser	C. de Jongh
1995	J.M. Groenewald	V. Wilkens
1996	J.D. Hermann	A. le Roux
1997	H.G.W. du Plessis	G. Horn
1998	H.J. Moolman	M.S. van der Westhuizen
1999	L.J. van Rensburg	I. le Roux
2000	R.P. Bezuidenhout	H.K. Mulder
2001	J.A. Coetzer	A.A. du Plessis
2002	C.J. Bezuidenhout	I. Kruger
2003	P. Steenkamp	J. Joubert
2004	-	



Voorsitter van die Raad

Wessels



Reg.

31 Desember 2003

